#### 2.1.1.1 Verslag van die Kuratorium vir Teologiese Opleiding

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Opdrag***

(ii) ***Werksaamhede***

(a) Nuwe kontrak

(b) Ekumeniese Adviesraad

(c) Aanstellings

(d) Vergaderings

(iii) ***Samestelling***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die verslag word met dank aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

#### 2.1.1.2 Die Proponentseksamenkommissie

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Proponentseksamen***

(a) Verslag van die Proponentseksamenkommissie

(aa) *Samestelling*

(bb) *Funksionering*

(cc) *Slotopmerkings*

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die Fakulteit Teologie en die Hervormde Teologiese Kollege word bedank en geluk gewens met hulle werk.<br><br>2. Die Proponentseksamenkommissie word bedank vir sy werk. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(b) Aflê van proponentseksamen

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(ii) ***Toelating tot die evangeliebediening***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die nuwe predikante word verwelkom by hulle eerste gewone Algemene Kerkvergadering en aan die vergadering voorgestel.<br><br>2. Beroepafwagtende predikante/proponente word sterkte toegewens en verseker van die voorbidding van die Kerk. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.1.3 **Die Hervormde Teologiese Kollege**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Diploma in kerklike bediening***

(a) Praktykvorming van studente

(b) Praktiese werk in gemeentes (DKB 700)

(c) Indienspraktykopleiding

(ii) ***MDiv 200 en skripsies***

(iii) ***Voog- en godsdiensperiodes***

(iv) ***Jaarlikse Voortgesette Teologiese Toerusting vir predikante***

(v) ***Openbare lesings en tafelgesprekke***

(vi) ***Sentrum vir Missionale Bediening***

(vii) ***Hervormde Teologiese Studies***

(viii) ***Afrika Instituut vir Missiologie***

(ix) ***Slotopmerkings***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |

| | |
|---|---|
| | 2. Die verpligte bywoning van die Voortgesette Teologiese Toerusting deur predikante onder die ouderdom van 60, word herbevestig. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. 'n Ondersoek word gedoen na die moontlikheid om die bywoning van voortgesette teologiese toerusting te koppel aan krediete wat vir verdere studie aan die Fakulteit Teologie (Universiteit van Pretoria) erken sal word. |

2.1.1.4 **Hervormde Teologiese Studies: Periode Januarie 2010 tot Februarie 2013**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Inleiding***

(ii) ***Hoogtepunte***

(iii) ***Bevordering van teologie as wetenskap***

(iv) ***Hervormde teologie in internasionale konteks***

(v) ***Dankwoord***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem.<br><br>2. Dank word betuig aan die redakteur en kernredaksie vir die werk aan die Hervormde Teologiese Studies. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.1.5 **Verslag oor die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria vir die periode Januarie 2010 tot Februarie 2013**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Inleiding***

(ii) ***Visie en missie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria***

(iii) ***Samestelling van die Fakulteit***

(iv) ***Studentegetalle***

(v) ***Kurrikulum***

(vi) ***Die amptelike taalbeleid van die Universiteit van Pretoria***

(vii) ***Aanstel van dosente***

(viii) ***Gemeenskapsbetrokkenheid***

(ix) ***Leer van dosente***

(x) ***Slot***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem.<br><br>2. Die Universiteit van Pretoria word bedank vir hulle gasvryheid tydens die Algemene Kerkvergadering. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.1.6 **Verslag oor die Teologiese Opleidingsfonds**

Oor dié saak is uitvoerig gerapporteer.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 2: RING VAN POTCHEFSTROOM**

**MODELLE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING**

**Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry die opdrag om ander modelle vir teologiese opleiding te ondersoek en aan die 71ste Algemene Kerkvergadering terugvoer te gee. Hierdie ondersoek moet die volgende insluit:**

- **Die moontlikheid van 'n eie opleiding.**
- **Akkreditasie aan 'n universiteit.**
- **Kostes verbonde aan 'n eie opleiding.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 3: RING VAN MAQUASSI**

**TEOLOGIESE OPLEIDING**

**Die 70ste Algemene Kerkvergadering ondersoek die moontlikheid na die haalbaarheid van sy eie opleiding vir teologiese studente, asook die moontlike opleiding in samewerking met ander kerklike denominasies.**

**Die kontrak wat die opleiding by die Universiteit van Pretoria saam met die Nederduitse Gereformeerde Kerk omskryf, moet na verval vir nie langer as drie jaar tot die 71ste Algemene Kerkvergadering hernu word nie, sodat die ondersoek na alternatiewe opleiding afgehandel kan word.**

***Motivering:***

Die Ring van Maquassi is van oordeel dat die invloed wat ons studente op die huidige oomblik ontvang nie goed is vir die suiwere leer van die Kerk nie.

Ons glo dat dit vir die Kerk beter sal wees op akademiese vlak as ons 'n eie kweekskool het.  Die praktiese inrigting daarvan moet net ondersoek word.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 4:  RING VAN POTCHEFSTROOM**

**ONDERSOEK NA DIE TEOLOGIESE OPLEIDING AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Die Algemene Kerkvergadering gee aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opdrag om ondersoek te doen na die teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria om**

- **persepsies wat oor die opleiding bestaan te toets**
- **vas te stel of die Nederduitsch Hervormde Kerk haar nog kan vereenselwig met die karakter van die Teologiese Fakulteit**
- **die spanning wat tussen die Kerk en die Fakulteit bestaan, aan te spreek.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 5: RING VAN POTCHEFSTROOM**

**AANWENDING VAN DIE TEOLOGIESE OPLEIDINGSFONDS**

**Die Algemene Kerkvergadering spreek hom uit oor die aanwending van die Teologiese Opleidingsfonds. Indien nodig word wysigings aangebring om die Fonds op ander terreine ook aan te wend.**

***Motivering:***

* Die Kerk het verskillende verwagtings oor die doel en aanwending van die Fonds. Duidelike besluite oor die aanwending van die Fonds kan meebring dat die Fonds beduidend kan groei.

* Die Fonds kan aangewend word vir die opleiding aan die Hervormde Teologiese Kollege (uitbreiding) en/of ook vir hulp aan studente.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.2 VERSLAG VAN DIE RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT

2.1.2.1 **Opdragte van die 69ste Algemene Kerkvergadering**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Etiese kode vir predikante***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die aangeleentheid word verwys na die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir afhandeling en implementering. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(ii) ***Die Welstandsprogram vir predikante***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Verwys 2.1.3. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(iii) ***Brugpredikant, brugbediening of interim versorging***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. In Bylae A, bl 506, moet die volgende regstellings gemaak word:<br><br>* Al die verwysings na Ordereëls moet verander word na Ordinansies.<br><br>* Ordereël 2.1.17.1 moet vervang word met Ordinansie 2.1.16.1.<br><br>* Ordereël 2.1.17.2 moet vervang word met Ordinansie 2.1.16.2.<br><br>2. In Bylae A, bl 509, moet Ordinansie 2.1.16 (i) vervang word met Ordinansie 2.1.15 (i). |

(iv) ***Bediening in klein gemeentes van die Kerk***

(a) <u>Inleiding</u>

(b) <u>Die probleem</u>

(c) <u>Agteruitgang</u>

(d) <u>Oplossing</u>

(aa) *'n Nuwe visie*

(bb) *Transformasie*

* Liggaam van Christus
* Rol van die predikant
* 'n Nuwe leierskap
* Offerbereidheid
* Lidmate

(e) <u>Erediensbywoning</u>

(f) <u>Opsomming</u>

(g) <u>Wat nou?</u>

(h) Gevolgtrekking

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem.<br><br>2. Die volgende voorstel, gestel deur dr J Nel en gesekondeer deur dr WJ Smith, word aanvaar:<br><br>* Ondersoek word gedoen om die uitdagings van kleiner gemeentes, waaronder die voortbestaan, groei en bediening, te dien.<br><br>* Kleiner gemeentes word by die ondersoek betrek ten einde kruisbestuiwing te bewerkstellig.<br><br>* Potensiële moontlikhede wat uit die ondersoek voortspruit, word in 'n werkbare dokument opgeneem.<br><br>* Op hierdie wyse word ervaring gedeel tot voordeel van al die kleiner gemeentes ten einde in die volste sin van die woord Kerk van Christus te wees. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(v) ***Doop van kinders in saamwoonverhoudings***

(a) Samevattende en voorlopige verslag oor die doop van kinders vanuit 'n saamwoonverhouding

(aa) *Probleemstelling*

(bb) *Navraag van gemeente*

(cc) *Huwelik- en gesinsverbintenisse as voorwaardes vir die bediening van die doop ('n voorlopige opsommende argument)*

(b) Saamwoon as 'n verskynsel en die Kerk se antwoord op die kritiese gevolge van hierdie verskynsel met spesiale vermelding van die doop

(aa) *Probleemstelling*

(bb) *Sekere riglyne te midde van die ongemak van die Kerk*

(cc) *Samevatting*

(c) <u>Die huidige kerkordelike verstaan van die doop met voorgestelde wysigings</u>

(d) <u>Voorstel tot die wysiging van die ordinansies</u>

(e) <u>Slotsom</u>

(f) <u>Kommentaar ontvang op die samevattende en voorlopige verslag oor die doop van kinders vanuit 'n saamwoonverhouding</u>

(aa) *Sekulêre samelewing*

(bb) *Ordinansies van die Kerkorde*

(cc) *Die doop as voorreg*

(dd) *Wat word verstaan onder 'n saamwoonverhouding?*

(ee) *Strukture*

(ff) *Navraag van 'n ouderlingevergadering*

(gg) *Die eer van die huwelik*

(hh) *Seksualiteit*

(ii) *Weerhouding van die doop*

(jj) *Egbreuk*

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die saak word gekontinueer. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. Die Raad van Pastoraat en Presbiteraat kry opdrag om 'n finale verslag voor te berei vir die 71ste Algemene Kerkvergadering.<br><br>2. Die Raad van Pastoraat en Presbiteraat doen navorsing met betrekking tot die volgende sake:<br><br>* Sakramente.<br><br>* Doop. |

| | |
|---|---|
| | * Doop van kinders in saamwoonverhoudings.<br><br>* Die moontlikheid van herdoop word ondersoek. |

2.1.2.2 **Ander opdragte deur die raad afgehandel**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Die elektroniese media***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem.<br><br>2. Gemeentes en kerkrade moet hulself inskerp wat betref die moontlikheid van 'n visuele beeld van die gemeente na die gemeenskap in terme van digitale kommunikasie. Dit kan gedoen word deur hierdie saak op die kerkraadsvergadering te plaas en deurgaans oor hierdie saak te handel. Daar kan selfs 'n komitee saamgestel word met kundiges om hierdie saak te bedryf in opdrag van die kerkraadsvergadering.<br><br>3. Finansiële komitees word aangemoedig om te kyk na 'n digitale begroting oftewel 'n begroting wat hierdie kommunikasiemedium kan benut.<br><br>4. Gemeentevergaderings kan verder aangemoedig word om visuele hulpmiddels in ag te neem, veral waar jonger lidmate ook betrokke is tydens die erediens.<br><br>Daar buite en hier by ons is 'n magdom van mense wat vra na 'n spirituele tuiste. Mense wat smag na die Woord van God. Mense wat leef en werk en kerk gaan deur die digitale wêreld wat oopgesluit word deur die druk van 'n knoppie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. Die volgende voorstel, gestel deur |

| | |
|---|---|
| | ds AJ Hattingh en gesekondeer deur ds G van R Els, word saam met bogenoemde gelees en deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering afgehandel:<br><br>Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen ondersoek om vas te stel wat die moontlikheid en koste sal wees om lugtyd by KYKNET uit te koop om die Woord van die Here (eredienste en oordenkings byvoorbeeld) daagliks uit te saai. |

(ii) ***Lidmaatverliese***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem.<br><br>Die volgende aanbevelings uit die verslag van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat word gestel:<br><br>**Moontlike stappe na aanpasbare transformasie**<br><br>2. 'n Radikale verandering is nie realisties nie omdat ingryping in die geloofslewe van duisende lidmate nie haalbaar is nie. Die praktiese uitweg is om vanaf die bestaande kern van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te begin, naamlik die predikante, met die volgende oorwegings:<br><br>* Die amp geleentheid te gee om maksimum beroepsbevrediging moontlik te maak.<br><br>* Die Kerkorde onder andere aan te pas tot 'n sterker missionale gerigtheid en 'n meer organiese kerkbegrip om rigting en stukrag aan transformasie te gee.<br><br>* Liturgie en bedieningsmoont- |

| | |
|---|---|
| | likhede verder te ontwikkel (innovering en spiritualiteit).<br><br>* Predikante se geloofslewe te versterk, hulle te oortuig van die doelwitte van aanpasbare verandering en om toerusting hiervoor te voorsien.<br><br>* Opleiding van voornemende predikante aan te pas in die lig van die kritiek wat in hierdie werkstuk verskyn.<br><br>* Leierskapontwikkeling wat lidmate in staat sal stel om verantwoordelikheid te aanvaar.<br><br>3. Die volgende sal in dié verband 'n groot rol kan speel:<br><br>* **Predikantekampe**<br><br>Voorgestel dat al die predikante elke drie maande (Sondagmiddag tot Dinsdagoggend) naby Pretoria byeenkom by 'n plek met bekostigbare akkommodasie en konferensiegeriewe.<br><br>Kundiges bied toepaslike onderwerpe aan wat verband hou met aanpasbare transformasie daarop gerig om predikante se geloofslewe te versterk. Aandag aan lofprysing, sang, aanbidding, spiritualiteit en ontmoeting met God, bekering, ander bedieningsbehoeftes soos toerusting, beplanning, prioritisering, ensovoorts. Predikante kry geleentheid om probleme te bespreek en tot ander insigte te kom. So kan struikelblokke in die pad van beroepsbevrediging hanteer word. Nuwe perspektiewe |

kom na vore vir die handhawing van 'n balans in die leraar se persoonlike lewe:

** Ervaar ek nog vreugde in my bediening?
** Wat gebeur in my verhouding met myself, my huweliksmaat, met God?
** Groei ek nog geestelik?
** Wat is my prioriteite?
** Doen ek wat mense van my vra of wat God van my vra?

'n Struikelblok in die pad van predikante is *besig* wees – gejaagdheid. In sy boek *The contemplative Pastor*, sê Peterson 'n belangrike oorsaak waarom predikante te besig kan wees, is die neiging dat prioriteite nie self bepaal word nie, maar toegelaat word dat gemeentelede dit dikteer terwyl sommige predikante ook hulp nodig het met prioritisering. Hy wys daarop dat gebedslewe en prediking eie aan amp is en voorkeur moet geniet. Gebedslewe omdat dit bepalend is vir sy geloofslewe en bediening. Besig wees dui op gejaagdheid wat teenstrydig is met stille rustigheid wat 'n voorvereiste vir stiltetyd is terwyl prediking die belangrikste funksie van die predikant is. Dit verg tyd, stilte, gebed, studie, konsentrasie en intensiteit om God se boodskap te hoor en deur te gee.

Roy Oswald (*Clergy self care*) wys daarop dat gesonde bediening berus op eie geestelike vorming en ***voldoende rus en tyd met die gesin. In-***

***dien 'n predikant die bediening as hoogste prioriteit sien en toelaat dat alles daarom draai, word geestelike vorming verwaarloos en afgeskeep asook dié van die gesin!***

So kan 'n lang lys van struikelblokke vir die bediening en aanpasbare transformasie opgestel word vir hantering by predikantekampe. Dit is 'n groeiproses wat nie oornag afgehandel kan word nie – daarvoor is die gaping tussen die tradisionele bediening en aanpasbare transformasie te groot. Maar die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beskik in die predikantsamp oor 'n ryk bron van kennis en ervaring wat by kampe benut sal word, terwyl die onderlinge koinonia tussen predikante bande sal versterk om mekaar onderling in geloof en liefde te ondersteun en te bemoedig.

* **Kampe vir gemeenteleiers**

Daar is 'n gebrek aan insig by baie ouderlinge en gewone lidmate oor kerkwees en die predikantamp. Trouens, die kritiek teenoor hoofstroom kerke is juis dat lidmate 'n verbruikersmentaliteit het, gereed om te ontvang en 'n gepaardgaande onbetrokkenheid.

Dit is noodsaaklik dat lidmate mede verantwoordelikheid sal aanvaar vir kerkwees in Christus, ingelyf en deel van 'n nuwe kultuur met 'n gesindheid en insig wat hul toerus om ondersteunend teenoor predi-

| | | |
|---|---|---|
| | | kante te wees en ontvanklik vir 'n bedieningstyl weg van die tradisionele verknogtheid ten koste van God se koninkryk en eer.<br><br>So 'n kamp sou waarskynlik voorlopig jaarliks voldoende wees en kan ook op 'n streek-grondslag oorweeg word. |
| | * | **Beroepsbevrediging van predikante**<br><br>Die drie studies waarna in die Bylae verwys word, dui op die negatiewe gevolge van die beroep op die psigo-emosionele lewenskwaliteit van die predikantsamp. 'n Ontleding van die tydsbesteding van predikante toon dat 99% van die tydsbesteding toegeken word aan instandhouding en pastorale werk sodat die afleiding gemaak word dat so 'n benadering transformasie onmoontlik maak. Dit blyk verder dat ongeveer ewe veel tyd gebruik word vir vergaderings en Woordverkondiging wat dui op 'n dominante vergaderingkultuur ten koste van transformasie.<br><br>Die predikant se rol behoort dus meer doelgerig ingerig te word sodat die tradisionele pastorale benadering deels plek maak vir missionale bediening. 'n Hartsverandering van die kerk sal 'n onderlinge gesindheid van liefde, diensbaarheid en aanvaarding tot gevolg hê en meer lewensruimte en beroepsbevrediging vir predikante moontlik maak. |

| | |
|---|---|
| | 4. Ten slotte: Die blootstelling van die amp aan omstandighede ten koste van die huwelik is onaanvaarbaar en teenproduktief vir die transformasie. Hierdie probleem moet dringend aangespreek word.<br><br>5. Die ondersoek na die oorsake en oplossings vir lidmaatverliese sal opgevolg word met 'n ondersoek na die gesindheid van predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in samewerking met die Kerk se strukture. Dit word vertrou dat 'n finale verslag daarna sal volg. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 6: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: STUDIERESULTATE**

**'n Werkgroep word saamgestel (met 'n verantwoordelike persoon) wat die studieresultate aanhoor, verwerk en aanbevelings voorstel aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 7: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: VOORTGAANDE STUDIE**

**Voortgaande studie ten opsigte van brugbediening word ondersteun.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 8: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: JAARLIKSE TOERUSTINGSGELEENTHEID**

**Die Hervormde Teologiese Kollege bied jaarliks (in samewerking met die werkgroep) 'n toerustingsgeleentheid aan vir brugpredikante ten opsigte van geïdentifiseerde probleemareas.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word teruggetrek. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 9: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: WERKSESSIE**

**'n Werksessie (in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege) word beplan met al die predikante wat al brugbediening gedoen het vir verdere studie, navorsing en beplanning.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 10: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: GEKEURDE PREDIKANTE**

**Predikante wat gekeur word (werkgroep in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering) word gestuur vir opleiding by die Universiteit van Pretoria.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 11: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: BEROEPSBRIEF VIR BRUGPREDIKANTE**

**Die werkgroep, saam met die Raad vir Kerkregtelike Advies, werk aan 'n beroepsbrief vir brugpredikante.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 12: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: VERGOEDINGSKALE VIR BRUGPREDIKANTE**

**Vergoedingskale vir brugpredikante word in samewerking met die Raad van Finansies uitgewerk.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 13: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: VERSLAG VAN PREDIKANTE EN KERKRADE**

**Elke predikant en kerkraad wat van brugbediening gebruik gemaak het, lewer verslag aan die werkgroep vir verdere studie, navorsing en beplanning.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 14: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: DIE *NATIONAL INTERIM MINISTRY SOUTH AFRICA***

**Groter samewerking ten opsigte van beplanning en opleiding met**

**die *National Interim Ministry South Africa* (die werkgroep in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering) word ondersoek.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 15: RAAD VIR PASTORAAT EN PRESBITERAAT**

**BRUGBEDIENING: KERKORDELIKE VERANDERINGS**

**Kerkordelike veranderings ten opsigte van brugbediening word in samewerking met die Raad vir Kerkregtelike Advies gedoen.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.3 WELSTANDSPROGRAM VIR PREDIKANTE: PROF TFJ DREYER

Oor dié saak is uitvoerig gerapporteer.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem.<br>2. Die Welstandsprogramgids word deur die 70ste Algemene Kerkvergadering goedgekeur en onder die aandag van ouderlingevergaderings en predikante gebring. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.4 BESKRYWINGSPUNT OOR AANGELEENTHEDE WAT DIE PREDIKANTSAMP RAAK

**BESKRYWINGSPUNT 16: RING VAN LYDENBURG**

**WEGDOENING VAN VERSKILLENDE KATEGORIEË VAN PREDIKANTE**

**Die vergadering besluit om weg te doen met die verskillende kategorieë van versorging van predikante.**

***Motivering:***

Die situasie waarin die Kerk tans funksioneer het in so 'n mate verander dat die kategorieë nie meer volhoubaar is nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Beskrywingspunt 16 word hanteer saam met beskrywingspunt 78. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.1.5 BESKRYWINGSPUNT OOR DIE GEBRUIK VAN EMERITI AS PASTORALE HULPE

**BESKRYWINGSPUNT 17: RING VAN HEILBRON**

**DIENSWERK VAN EMERITUS PREDIKANTE IN GEMEENTES (WYSIGING VAN DIE KERKORDE)**

**Dit is tans die gebruik in die Kerk om van emeritus predikante gebruik te maak om kleiner gemeentes te bedien. In die meeste gevalle behels hierdie *dienswerk* alle ampspligte van diensdoenende predikante. Die Kerkorde maak nie voorsiening dat emeritus predikante op hierdie wyse in gemeentes werk nie.**

***Motivering:***

Die gebruik om van emeritus predikante in kleiner gemeentes gebruik te maak gaan in die toekoms toeneem. Die Ring van Heilbron versoek dat die 70ste Algemene Kerkvergadering die Kerkorde wysig om dié praktyk kerkordelik te orden.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Beskrywingspunt 17 word hanteer saam met beskrywingspunt 93. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.2 **OUDERLINGE EN DIAKENS**

2.2.1 OUDERLINGE

2.2.1.1 **Verslag van die Komitee vir Ouderlinge (Raad vir Pastoraat en Presbiteraat)**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 18: KOMITEE VIR OUDERLINGE**

**SELFSTANDIGE RAAD VIR PRESBITERAAT**

**'n Selfstandige Raad vir Presbiteraat op rings- en sinodale vlakke word geskep.**

***Motivering:***

* Die aangeleentheid is tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering bespreek, maar daar was nie 'n beskrywingspunt ter tafel nie.

* Studiewerk is deur die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat voor die 69ste Algemene Kerkvergadering gedoen en verslag is onder andere as volg aan die genoemde Algemene Kerkvergadering gelewer:

  *Die Kerkorde lê meer klem op die werksaamhede van predikante en diakens. Die werksaamhede van ouderlinge geniet nie soveel aandag nie en dit het die afgelope jare gelei tot stelselmatige agteruitgang van die ouderlingamp. Tans word die amp van ouderlinge in sommige gemeentes gesien as 'n soort hulpdiens vir predikante en diakens wat aangewend kan word om die werksaamhede in die gemeente te bevorder. Enkele gemeente beskou selfs die amp van ouderlinge as oorbodig.*

  *Weens 'n gebrek aan kennis, ervaring en toerusting by baie ouderlinge, kom hulle ampsvervulling nie tot sy reg nie.*

  Uit bogenoemde maak die huidige Komitee vir Ouderlinge die volgende gevolgtrekkings:

  ** Min aandag word gegee aan die amp van die regerende ouderling.
  ** Huidige strukture moet aangepas word om die ampswerk van ouderlinge te bevorder.

* In Titus 1: 7 lees ons die volgende: 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Die funksies van die hedendaagse bestuurder kan primêr saamgevat word in die volgende vier beginsels:

  ** Beplanning te doen.
  ** Organisasie (om beplanning tot realisering te laat kom).
  ** Leiding te gee.
  ** Kontrole (opsig te doen).

Om bogenoemde tot realisering te laat kom is doeltreffende struk-ture op gemeentelike-, rings- en sinodale vlakke nodig.

* Die Algemene Kommissie benoem die Raad vir Presbiteraat op si-nodale vlak.

* Die ringsvergadering benoem die Raad vir Presbiteraat op rings-vlak. Die raad kan byvoorbeeld bestaan uit die primus ouderlinge van die ringskommissie en 'n ouderling uit elke gemeente.

* Ouderlingevergaderings kan jaarliks verslag doen aan die Raad vir Presbiteraat op ringsvlak.

* Die Raad vir Presbiteraat op sinodale vlak kan die funksies van die ampswerk van ouderlinge koördineer, kennis van ouderlinge deur studiestukke verbeter en leiding gee sodat ouderlingwerk binne die Kerk meer sigbaar word.

* Die Raad vir Presbiteraat op sinodale vlak verkry sodoende groter bevoegdheid in samewerking met die Algemene Kommissie om selfstandig studie te doen oor aangeleenthede wat die amp van die ouderling raak.

* Toerustingsgeleenthede kan deur die Raad vir Presbiteraat op ringsvlak geskep word.

* Die raad sal geen verdere finansiële implikasies vir die Kerk inhou nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aan-vaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 19: KOMITEE VIR OUDERLINGE**

**DIE AMP VAN OUDERLING**

**Die Algemene Kerkvergadering besluit of die amp van ouderling in al die gemeentes gehandhaaf moet word of kan 'n gemeente self besluit of die amp van ouderling 'n uitgediende praktyk is.**

***Motivering:***

* Die Komitee vir Ouderlinge het verneem van 'n gemeente(s) wat nie meer van ouderlinge gebruik maak nie.

* In sommige gemeentes word na ouderlinge verwys as groepleiers, wykverteenwoordigers, ensovoorts.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

## 2.3 VERGADERINGS VAN AMPTE (HOOFSTUK 3)

### 2.3.1 RINGSVERGADERINGS

#### 2.3.1.1 Beskrywingspunte oor aangeleenthede wat ringsvergaderings raak

**BESKRYWINGSPUNT 20: RING VAN GERMISTON**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.4.3 (i): FREKWENSIE VAN RINGSVERGADERINGS**

**Die ordinansie word gewysig om te lees:**

> ***Die ringsvergadering kom minstens een maal in drie jaar in 'n gewone sitting byeen, verkieslik voor elke Algemene Kerkvergadering.***

***Motivering:***

Alle ringsake kan tussen die gewone sittings van die ringsvergadering deur die ringskommissie in samewerking met ringskomitees, gehanteer en afgehandel word.

Indien dringende sake gehanteer moet word, kan 'n buitengewone sitting belê word volgens die toepaslike ordinansies.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 21: RING VAN PRETORIA-NOORD**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.4.3 (iii)**

**Ordinansie 3.4.3 (iii) wat as volg lui:**

> ***word deur die skriba van die ringsvergadering opgeroep met skriftelike kennisgewing in Die Hervormer, en aan elke***

| |
|---|
| ***kerkraad minstens een maand voor die vergadering, met beskikbaarstelling van die agenda***<br><br>**word gewysig om soos volg te lui:**<br><br>***Die agenda word 14 dae voor die vergadering in gebinde kopie beskikbaar gestel.*** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.3.2 KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

2.3.2.1 **Verslag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan die 70ste Algemene Kerkvergadering**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Inleidend***

(ii) ***Samestelling en funksionering***

(iii) ***Werksaamhede en uitvoering van opdragte***

(a) <u>Vergaderings van ampte</u>

(aa) *Ringskommissies en ringsvergaderings*

(bb) *Buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 4 en 5 Oktober 2011 en kerklike afskeiding*

(cc) *Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*

(iv) ***Slotopmerkings***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die verslag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word met instemming aanvaar.<br><br>2. Omsendskrywe 15 van 2013 gedateer 20 September 2013 word saam met die verslag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gelees en aanvaar. |

| | |
|---|---|
| | 3. In die deel wat handel oor die werksaamhede en uitvoering van opdragte, en spesifiek by die Predikantevergadering, is die voorsitter ds M Bacon en nie ds JM (Thinus) van Staden nie.<br><br>4. Die volgende mosie, voorgestel deur dr GJ Malan en gesekondeer deur oudl P Erasmus, word aanvaar:<br><br>Die vergadering bedank die lede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die sekundusledе van harte vir die evangeliese gesindheid, bekwame werkwyse en persoonlike opoffering waarmee hulle die belange van die Kerk gedien het gedurende die spanningvolle tyd van kerkskeuring. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 22: RING VAN KLERKSDORP (GEMEENTE ORKNEY)**

**BEROEP OP WÊRELDSE HOF**

**As Kerk besluit ons om ons nie op die wêreldse hof te beroep vir geregtigheid nie en aanvaar ons die voorskrifte van Jesus in die bergrede om eerder vrede te maak voor ons by die regter aankom. Wat help dit ons ook dat ons al die hofsake wen en al die geboue en geld behou, maar in die proses verloor ons juis dit wat ons as Kerk moet wees.**

***Motivering:***

As Jesus sê dat ons ons broer 70 maal 7 keer op een dag moet vergewe en as Paulus vir ons die voorskrifte gee dat ons nie hofsake met ons medegelowiges moet voer nie, was die voorskrifte nie met uitsonderings of juis sonder dat dit groot opoffering van die gelowiges moes verg om ook die minste te wees nie. Ons kan immers nie met een van die hofsake veroordeel en in dieselfde asem dit ook aanpak nie. Laat ons in vrede ons broers se hand skud en hulle hul weg laat gaan (al is dit dan dat ons met leë hande moet gaan).

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 23: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING**

**LITIGASIE**

**Die Algemene Kerkvergadering neem kennis van die wyse waarop die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die afgelope drie jaar die konflik en litigasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bestuur en hanteer het.**

**Vir sover dit regtens nodig mag wees, bekragtig die Algemene Kerkvergadering die handelinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en individue wat in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering opgetree het en gee aan die nuwe Kommissie die opdrag en mandaat, vir sover dit regtens nodig mag wees, om hierdie prosesse en litigasie voort te sit of by te lê en in die algemeen sodanige stappe te neem as wat nodig mag wees om die regte en belange van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die ringe, gemeentes en lidmate te beskerm.**

***Motivering:***

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se algemene werksaamhede is die afgelope drie jaar aan bande gelê deur die protesoptredes van die steedsHervormers. Die Kommissie se benadering tot die steedsHervormers was deurgaans om die protes kerklik en kerkordelik volgens sy insig te hanteer. Waar ampsdraers, lidmate en vergaderings onkerkordelik en kerkskeurend opgetree het, is onder die opsig gehandel. Die Kommissie se uitgangspunt was egter deurgaans dat ons benadering sag en Christelik moet wees.

Verskeie hofsake is teen die Kerk begin wat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moes teenstaan om die Kerkorde te beskerm. Ondanks hierdie hofsake, het die Kommissie steeds probeer om die bemiddelingweë te vind sodat die Kerk nie aan hofsake blootgestel word nie. Die Kommissie het derhalwe sover moontlik en in alle opsigte volgens sy insigte opgetree soos die Bybel vereis Christene moet in geskille teenoor mekaar optree, maar hom telkens vasgeloop teen die regsprosesse waarmee die Kommissie gedreig is en wat later teen die Kerk ingestel is.

Die Kommissie was genoop om vroeg reeds die advies van senior regsverteenwoordigers te bekom. Hulle het die Kommissie se standpunt bevestig dat dit onkerkordelik en in stryd met die reg is om gemeente-eiendom oor te dra aan verenigings, soos dit gedoen is. Lidmate wat nie met die onkerkordelike optrede saamgestem het nie, is herderloos en sonder enige fondse toegang tot gemeentes se eiendom ontsê. Lidmate het hierdie optrede erg traumaties belewe en die Kommissie het geen ander keuse gehad as om hierdie lidmate, saam met die ringe, by te staan en om stappe te neem om gemeentelike eiendom weer terug te kry by die gemeentes nie.

Die Kommissie het voor situasies te staan gekom waarvoor geen voorsiening in die Kerkorde gemaak word nie, omdat die Kerkorde in die eerste instansie nie geskryf is om regsgedinge te hanteer nie. Om hierdie situasies te hanteer moes die Kommissie die Kerkorde na die beste van sy vermoë uitlê, soos Ordinansie 3.10.2 (ix) van hom vereis, en op die advies van regsverteenwoordigers steun oor die toepaslike regsvereistes.

Die Hervormde Kerk as sodanig, die Kommissie by name en die individuele lede van die Kommissie is en word steeds gedreig met siviele litigasie. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering lê derhalwe bovermelde beskrywingspunt aan die 70ste Algemene Kerkvergadering voor.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar.<br><br>2. Die volgende voorstel, ingedien deur ds L Geel en gesekondeer deur dr DJC van Wyk (jr), dien as toevoeging tot beskrywingspunt 23:<br><br>Die Algemene Kerkvergadering reik opnuut 'n hand van versoening na diegene wat met die aksies van die wegbreekgroep identifiseer, maar steeds lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil wees.<br><br>Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering stel riglyne aan ringskommissies en ouderlingevergaderings beskikbaar vir gesprek met die mense oor<br><br>* hulle ondertekening van die Staat van Belydenis. |

| | |
|---|---|
| | * hulle deelname aan verenigings wat vervreemding van eiendom en onafhanklikheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tot gevolg het.<br><br>* hulle binding aan die Woord, Belydenis en Kerkorde.<br><br>* hulle hertoelating tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 24: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING**

**OPNAME VAN LIDMATE WAT DEEL VAN 'N WEGBREEK GEMEENTE VORM**

**Lidmate wat deel van 'n wegbreek gemeente vorm en nie besef het dat hulle lidmaatskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika daardeur in gedrang gekom het nie, kan na gesprek met gemeente ouderlingevergaderings van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgeneem word as lidmate van 'n gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.**

***Motivering:***

* Sodanige lidmate kan óf oningelig óf waningelig gewees het en ter goede trou in die wegbreek gemeente aangebly het.

* Vanweë praktiese oorwegings het sommige lidmate by die wegbreek gemeentes aangebly.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval vanweë die integrasie van die betrokke beskrywingspunt met die toevoeging wat verband hou met beskrywingspunt 23. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.3.2.2 **Terugvoer met betrekking tot die huidige litigasieproses**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

### 2.3.2.3 Beskrywingspunte insake besluite oor apartheid en die *World Communion of Reformed Churches*

**BESKRYWINGSPUNT 25: RING VAN KLERKSDORP (GEMEENTE KLERKSDORP-OOS MÔRESTER)**

**HERROEPING VAN BESLUITE 32 EN 54 VAN DIE 69STE ALGEMENE KERKVERGADERING ASOOK DIE BESLUIT OOR APARTHEID VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE KERKVERGADERING, OKTOBER 2011**

**Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat kerklike orde van uiterste belang is vir die voortbestaan van die Kerk en dié se roepingsvervulling. In die lig van bovermelde verbintenis herroep die Kerk die volgende vorige besluite geneem:**

- **Besluite 32 en 54 van die 69ste Algemene Kerkvergadering.**
- **Besluit geneem oor apartheid, geneem gedurende Oktober 2011 tydens die Buitengewone Algemene Kerkvergadering.**

**Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem twee komitees om onderskeidelik 'n studie te doen en 'n memorandum voor te berei oor die volgende:**

- **Die gewenstheid van lidmaatskap van die *World Communion of Reformed Churches* gegewe dié se vereistes van lidmaatskap welke memorandum ingedien moet word vir oorweging by die 71ste Algemene Kerkvergadering.**
- **Oorweging te skenk en 'n studie te doen en 'n memorandum voor te berei vir die 71ste Algemene Kerkvergadering waarin die teologiese betekenis, veral ook die missionêre betekenis van die volkskerk, verduidelik word.**

***Motivering:***

**Agtergrond**

Ten tye van die 68ste Algemene Kerkvergadering (September 2007) het twee belangrike beskrywingspunte gedien wat vanuit alle perspektiewe van besondere belang was. Die eerste was Beskrywingspunt 64 wat ten doel gehad het om *apartheid* teologies te verwerp. Die volgende was Beskrywingspunt 133 met die oogmerk om die begrip *volkskerk* uit Ordereël 4 te verwyder. Die beskrywingspunte en besluite is soos volg genotuleer:

***Beskrywingspunt 64, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

*Die 68ste Algemene Kerkvergadering maak onomwonde die teologiese uitspraak*

- *dat apartheid nie geregverdig kan word nie*

- *dat ons apartheid verwerp omdat dit*

  - *in stryd met die evangelie van Jesus Christus is*
  - *gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid*
  - *onreg sanksioneer*
  - *die beeld van God in mense aantas.*

*Ons beklemtoon die menslike aard van hierdie uitspraak.*

*Besluit*

1. *Die saak word terugverwys vir studie.*

2. *Die volgende voorstel van drr PB Boshoff en FJ Boshoff word in ag geneem:*

   *Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat. Dit lê nie op die weg van die Algemene Kerkvergadering om 'n politieke beleid goed of af te keur nie.  Hierdie erkenning beteken nie dat die Algemene Kerkvergadering die huidige of moontlike toekomstige beleid goedkeur nie.*

***Beskrywingspunt 133, Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

*Wysiging van Ordereël 4*

*Ordereël 4 word gewysig om soos volg te lees:*

*'n Gemeente is*

*'n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met ander gemeentes die Kerk is.  Die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan.*

*Die Kerk is geroep tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan alle mense.*

*Besluit*

1. *Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.*

2. *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem 'n komitee wat 'n memorandum voorberei vir die 69ste Algemene Kerkvergadering waarin die teologiese betekenis, veral ook die missionêre betekenis van die volkskerk, verduidelik sal word.*

Met die opmars na die 69ste Algemene Kerkvergadering word twee beskrywingspunte gesirkuleer. Die eerste dan oor die belydenis (apologie) oor apartheid en in die tweede plek die volkskerk. In beide voorleggings word op gekunstelde wyse na sogenaamde vorige *meerderheidsbesluite* verwys dat apartheid verwerp moet word. Dieselfde suggestie word gelaat oor die volkskerkbegrip. In die eerste geval was dit 'n wanvoorstelling ten opsigte van die inhoud van Besluit 64 en in die tweede geval was dit 'n versuim om te verduidelik dat Ordereël 4 slegs deur middel van 'n tweederde meerderheid gewysig kon word. Die enigste gemeente wat beswaar gemaak het dat sodanige voorleggings, en in die besonder die een oor die volkskerkbegrip, sirkuleer, was gemeente Klerksdorp-Oos Môrester. Die beswaar is dan ook opgeneem in die agenda, Bylae J, bladsye 703 tot 704. Die ouderlingevergadering laat hom soos volg uit:

*Dit is die ouderlingevergadering se submissie dat die voorstel nie kan dien nie. Die Algemene Kommissie moet toesien dat sekere inligting aan die Algemene Vergadering voorgelê word. Die indien van enige voorstel tot wysiging bots lynreg met die opdrag.*

In beide gevalle is opdrag gegee aan komitees om die bepaalde aangeleenthede te ondersoek en met bepaalde verslae na die 69ste Algemene Kerkvergadering te kom. Hierdie opdragte is nooit uitgevoer nie. Die gevolg was dat die 69ste Algemene Kerkvergadering dus weer oor die kwessie van die volkskerkbegrip en die kwessie van apologie vir apartheid moes handel. Op die 69ste Algemene Kerkvergadering word weereens gepoog om die begrip volkskerk uit Ordereël 4 te kry. Dit misluk weereens omdat 'n tweederde meerderheid nie verkry word nie. Die ander beskrywingspunt, synde Beskrywingspunt 54, word aanvaar. Die besluit lees soos volg:

*Verwerping van apartheid*

*Die 69ste Algemene Kerkvergadering maak in die lig van die 68ste Algemene Kerkvergadering se besluit dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat, onomwonde die uitspraak dat apartheid nie teologies regverdig kan word nie. Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit*

* *in stryd met die evangelie van Jesus Christus is*
* *gebaseer is op die idee van onderlinge onversoenlikheid*
* *onreg sanksioneer*
* *die beeld van God in mense aantas.*

*Die vergadering beklemtoon die Bybels-teologiese aard van die verklaring.*

Dit is verder nodig om kennis te neem dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering tussen die twee Algemene Kerkvergaderings moes handel met die feit dat teologiese dosente besluit het om 'n verklaring oor apartheid uit te reik. Vyf Hervormde dosente het in Maart 2009 verklaar dat hulle apartheid as verkeerd en die teologiese verdediging daarvan as 'n mistasting sien.

Besluit 54 lei tot die indiening van 'n beswaarskrif. Dit gaan gepaard met 'n buitekerkordelike aandrang dat dié besluit opgeskort moet word. Wanordelikheid manifesteer verder in die weerhou van heffings. 'n Buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering word belê. Die vergadering word voorafgegaan deur, wat niks anders genoem kan word as reklameveldtogte vir bepaalde standpunte nie. Standpunte word in kerklike publikasies gestel sonder dat die skrywers (in sekere gevalle) die moeite doen om seker te maak dat hul stellings feitlik korrek is. Die Buitengewone Algemene Kerkvergadering se besluit is soos volg:

*Die Nederduitsch Hervormde Kerk verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid-Afrika nie teologies geregverdig kan word nie en herroep hiermee alle goedkeuring in die verlede van die beleid en uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus.*

*Ten gunste 57%.*
*Daarteen 43%.*

Op die Buitengewone Algemene Kerkvergadering is dit duidelik dat niemand belangstel om die probleem op te los nie. Dit moet weggestem word. Daar word selfs gestem of daar leerprobleme in die Kerk is. Ons vergeet dat ons 'n Kerk is en gryp na die demokrasie om te bevind dat ons geen leerprobleme het nie. Omdat 66% van mening is dat daar nie leerprobleme in die Kerk is nie, is daar skielik nie. Tog, in enige organisasie buite die Kerk, as 33% van jou belanghouers vir jou sê dat jy die verkeerde koers inneem, dan word alle brieke aangeslaan en behoorlike ondersoek ingestel. Nie in ons Kerk nie. Ons plak die probleem toe met 'n fanfare van nuusberigte wat die 66% meerderheid propageer.

Die gevolg is dat niks opgelos is nie en gemeentes betree 'n verdere pad van wanordelikheid. Skielik word hulle eiendomme deur onteiening bedreig. Dit word oorgedra aan allerhande misterieuse verenigings. Lidmate hef hul lidmaatskap op. Die dekade van wanorde bereik sy hoogtepunt.

Dit is gemeensaak dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika voor besondere keuses staan. Aan die verlede kan ons nie veel doen nie. Met God se leiding en genade kan ons wel iets aan die toekoms van die Kerk doen. Ons kan egter nie toelaat dat die onlangse gebeure ons in voetboeie vasvang nie. Net soos wat die *onteiening van kerkeiendom deur die Staat* 'n meulsteun gaan wees om diegene se nekke wat hul eie koers gekies het, net so kan die wanorde van die afgelope agt jaar die Kerk tot stagnasie dwing indien dit nie daadwerklik aangespreek word nie.

Dit is daarom noodsaaklik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself forseer om hierdie kwessies na behore aan te spreek. Dit moet na behore oor ekumene besin. Hierdie gesprek is ongelukkig versuur deur opportunistiese gebruik van geleenthede, soos die colloquium, om 'n bepaalde oogmerk te bereik. Die weerstandigheid van ander was dan om hierdie bepaalde situasie te keer. Dit het weer ook oorgeloop in leerkwessies en tot wanordelikheid soos die weerhouding van heffings.

Dieselfde geld vir die kwessie van die volkskerk. Hierdie saak is nog allermins klaar uitgepraat. Om te dink dat hierdie kwessie gesystap gaan word deur 'n nuwe Kerkorde, is wensdenkery. Die Kerk moet hierdie kwessie aanspreek.

**Kerklike orde**

Wanorde, nie verskillende standpunte nie, wanorde is besig om die Kerk baie skade aan te doen. Die Kerk moet 'n duidelike standpunt teen kerklike wanorde inneem. Dit gaan nie help om beskrywingspunte te formuleer wat wanordelikheid verwerp of lidmate in omsendskrywes teen wanorde waarsku nie. Dit help nie om wanorde te veroordeel en dan op die vrugte van wanorde te leef nie. Niemand gaan sodanige veroordeling ernstig opneem nie.

Ter wille van orde en nie ter wille van een of ander standpunt nie, maar bloot ter wille van orde is dit nodig dat besluite geneem uit hoofde van 'n wanordelike proses herroep of vervang word en die proses van vooraf aangepak word. Dit beteken die onvoorwaardelike herroeping van Besluite 32 en 54 van die 69ste Algemene Kerkvergadering asook besluite geneem op die Buitengewone Algemene Kerkvergadering. Dit is dan nodig dat die studiekomitees wat deur Besluite 64 en 133 in die vooruitsig gestel is, geherkonstitueer word sodat dié die werkopdrag na

behore kan uitvoer. Dit is dan ook noodwendig so dat geen gesprekke met voormalige gemeentes en lidmate kan voortgaan alvorens dié ook hul wanordelike besluite onvoorwaardelik herroep het nie.
Spoelstra (1986) stel dit dat

> *die handelinge in konsilies, sinodes, kerkrade moet gevolglik altyd dien om die saamglo, saamwerk en saamlewe van alle gelowiges onder die tug van die Woord te bevorder* (Artikel 32 Nederlandse Geloofsbelydenis).

Dit is gevolglik nou nodig om doelgerig, duidelik en beslissend op te tree ten einde vertroue in hierdie kerklike vergadering te herstel.

**Literatuurverwysings**

Spoelstra B: Het ons kerkwees in strukture gestol? *Hervormde Teologiese Studies*, Jaargang 42, 1986, p 66 soos aangehaal deur Van Wyk, BJ, 1991: Die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip op p 43.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die eerste gedeelte van die beskrywingspunt wat handel oor apartheid word nie aanvaar nie.<br><br>2. Die gedeelte oor die *World Communion of Reformed Churches* word onder 5.1.1.2 verder bespreek en afgehandel.<br><br>3. Die gedeelte wat verband hou met volkskerk verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 26: RING VAN MAQUASSI**

**APARTHEID**

**Die vergadering dien die besluit wat tydens die 66ste Algemene Kerkvergadering geneem is in as voorstel by die 70ste Algemene Kerkvergadering.**

**Uittreksel uit die Besluitebundel:**

***1. Die volgende voorstel en motivering word aanvaar:***

***1.1 Die vergadering gaan direk oor tot die stemming tussen die onderskeie drie voorstelle oor skuldbelydenis, son-***

***der dat enige bespreking oor die aangeleentheid gevoer word.***

***Motivering***

* ***Die verslae en memoranda verskyn volledig in die agenda en kan as gelese beskou word.***

* ***Die tyd is nie geleë dat daar oor hierdie saak gehandel word nie –***

  ** ***Ons is reeds byna 10 jaar in die nuwe bedeling in Suid-Afrika en 'n skuldbelydenis nou, is mosterd na die maal.***
  ** ***Die lidmate worstel met verskillende sake in hierdie nuwe bedeling wat 'n kollektiewe skuldbelydenis tans 'n onbillike eis maak.***

* ***Die aard van 'n skuldbelydenis enersyds en van die Nederduitsch Hervormde Kerk andersyds maak dit boonop haas onmoontlik.***

  ** ***'n Belydenis is 'n eksistensiële aangeleentheid wat binne 'n bepaalde situasie uit die hart gebore word. Vind dit nie spontaan plaas nie, verloor dit egtheid.***
  ** ***Die Nederduitsch Hervormde Kerk se aard is nie om waarheid preposisioneel vas te lê nie, maar om die lewende God eksistensieel te beleef.***

* ***Die vergadering besluit dus watter een van die drie voorstelle die Kerk se huidige verstaan van sonde en skuld wat belydenismagtig uitgedruk moet word, die beste verwoord.***

2. ***Die volgende verklaring van dr DJC van Wyk (sr) word aanvaar as die Kerk se standpunt:***

   ***Verklaring***

   ***Na kennisname van wye standpuntstelling oor skuldbelydenis die afgelope jare en ook van standpunte in dokumente van die Algemene Kerkvergadering se Ondersoekkommissie, verklaar die vergadering soos volg:***

   1. ***Die Nederduitsch Hervormde Kerk kan die wyses waarop die prosesse van skuldbelydenis***

***oor apartheid die afgelope jare in Suid-Afrika gedryf en gevoer is, asook baie van die inhoude van die prosesse, nie onderskryf nie. Dit geld onder andere van die volgende:***

***1.1 Die teologiese inhoude wat meestal aan sonde/skuld/skuldbelydenis gegee word.***

***1.2 Die wyse waarop een groep (Blankes, Afrikaners) eensydig verneder, verketter en uitgesonder word as alleen verantwoordelik vir wat die afgelope dekades sleg en verkeerd was. Bedoeld of onbedoeld het dit in baie opsigte die implikasie dat wat die ander gedoen het, goed was. Die onvermydelike indruk is dat 'n vorige meesterkode (naamlik "Blanke baasskap") maar net vervang is met 'n nuwe meesterkode (naamlik "Swart beheer"). Skuldbelydenisse in 'n politieke konteks is daarop gemik om die nuwe meesterkode te legitimeer en die oue te demoniseer. Die Kerk staan reeds beskuldig daarvan dat hy die vorige meesterkode help skep en teologies gelegitimeer het. Dit sou dwaas wees indien die Kerk hom weer verbind tot 'n meesterkode.***

***1.3 Die onbillike wyse waarop die beleid van segregasie skeefgetrek en swartgesmeer is. Dit geld onder andere die totale negering van historiese en ander faktore wat tot die beleid gelei het, die aanvanklike eerlike intensies van die beleid, asook die positiewe resultate wat dit wel tot gevolg gehad het.***

***2. Die Nederduitsch Hervormde Kerk wil in die Kerk se eie midde, maar ook na buite oproep tot 'n ewewigtige, Bybelse evaluering van die hede en die verlede van ons land se geskiedenis.***

***2.1 Die ewewigtige beoordeling sluit onder andere die erkenning in dat gruweldade soos verkragting, foltering, moord en rassisme nie met die beëindiging van apartheid opgehou het nie. Die huidige uitwissing van menselewens deur plaasmoorde en baie ander vorms van gruwelike geweld roep na 'n waarheidsgetroue(r) verantwoording oor skuld en skuldbelydenis voor God en mens.***

***2.2 Die ewewigtige beoordeling sluit ook die erkenning in dat individue wat sodanige gruweldade pleeg (en gepleeg het), wel deeglik die vryheid en keuse het (en gehad het) om te weier of om anders te besluit. Hulle sal daarom self aan God verantwoording doen oor hulle wandade. Die skuld moet nie op die Kerk, 'n owerheid of stelsel afgeskuif word nie.***

***2.3 Dit sluit ook in dat die Nederduitsch Hervormde Kerk kennis geneem het van gruweldade wat onder vaandel van die apartheidsbeleid gepleeg is, ook deur van die Kerk se eie lidmate. Die Kerk spreek sy smart en berou voor God daaroor uit.***

***3. Die Nederduitsch Hervormde Kerk roep op tot skuldbelydenis voor God en medemens en tot 'n nuwe lewe waarin die liefde van God ons optrede teenoor alle mense sal bepaal.***

***3.1 Hierdie Algemene Kerkvergadering is diep bewus van ons Kerk se sonde, maar dan sonde in die volle skrikwekkende omvang wat die Bybel daaraan gee: Haat, vyandskap, opstand, liefdeloosheid, ongehoorsaamheid en nalatigheid teenoor God en medemens.***

***3.2 Die Kerk roep daarom al die Kerk se ampsdraers en lidmate, maar verder ook alle kerke en mense op tot opregte skuldbelydenis voor God en teenoor mekaar, voortdurend in die erediens en in ons persoonlike geloofslewe, oor alles wat in die oë van die Here verkeerd was en is in ons lewens. Hierdie skuldbelydenis moet gestand gedoen word met 'n nuwe lewe waarin vyandskap en haat geen plek het nie.***

***4. Die Nederduitsch Hervormde Kerk roep alle mense, owerheid en onderdane op tot geloof in Jesus Christus, die enigste Middelaar tussen God en die mense, die Verlosser en Heiland van die wêreld.***

***4.1 Die Kerk weet dat daar vir die mensdom op aarde geen ander uitsig en hoop op egte vrede, ware bevryding en volle lewensvervulling is as***

***wat die heilsboodskap van God in Jesus Christus bring nie.***

***4.2 Die Kerk ken uit die Woord die geheim van God se liefde en die Kerk wil, ongeag die pyn oor sy eie skuld teenoor die ongehoorsaamheid aan God, met krag en oortuiging draer van die geheim na die wêreld bly.***

***4.3 Die Kerk glo in God se vergewing van al ons sonde en skuld op grond van Jesus Christus se offer aan die kruis. Om Hom te ken en die krag van sy opstanding uit die dood te ondervind, is die enigste weg waarlangs die kwaad in ons en om ons oorwin kan word.***

***4.4 Die Kerk verwerp daarom die proses waardeur aanhoudende beskuldigings oor die skuld van die verlede aan die gang gehou word. Wat God in Christus agter die rug gewerp het, mag ons nie weer voor ons stel nie. Laat ons ons liewer in Bybelse gesindheid losmaak van wat agter is en ons uitstrek na wat voor is.***

***4.5 Die Kerk bid vir die genade om te bly volhard in sy enigste roeping en om getrou God se boodskap aan die wêreld te bring: Om Christus ontwil, aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het.***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 27: RING VAN PRETORIA (GEMEENTE PRETORIA)**

**AANSOEK OM LIDMAATSKAP VAN DIE *WORLD ALLIANCE OF REFORMED CHURCHES* (NOU DIE *WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES*)**

**Enige besluit insake voorgenome lidmaatskap van die *World Communion of Reformed Churches* staan oor totdat Besluite 64, 72 en 88 van die 68ste Algemene Kerkvergadering behoorlik uitgevoer is en die regte kerklike pad daarmee geloop is. Dit sluit in dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek**

**voer met die *World Communion of Reformed Churches* oor hul voorwaardes teenoor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika om hertoelating.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 28: RAAD VIR EKUMENE**

**LIDMAATSKAP BY DIE *WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES***

- **Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika doen onverwyld by die *World Communion of Reformed Churches* om lidmaatskap aansoek.**
- **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang opdrag om die saak af te handel.**

***Motivering:***

Ordereël 6 van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika stel die volgende beginsel as vereiste:

> *Die Kerk as verskyningsvorm van die een, heilige, algemene, Christelike kerk neem deel aan die ekumene in die wêreld. Die Kerk handhaaf sy wesenlike eenheid met kerke wat in die reformatoriese leertradisie staan*.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**Teenstem:**

- Ds JJ Greyling

**BESKRYWINGSPUNT 29: RING VAN OOS-KAAPLAND (GEMEENTE SIONSHOOGTE)**

**DIE EFFEK VAN BESLUIT 54 VAN DIE 69STE ALGEMENE KERKVERGADERING IN DIE KERK**

**Die ouderlingevergadering van die gemeente Sionshoogte spreek**

**sy bekommernis en beswaardheid uit oor die effek van Besluit 54 van die 69ste Algemene Kerkvergadering in die Kerk.**

***Motivering:***

Die optrede van 'n beswaarde groep lidmate, reaksie van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en dreigement met regstappe veroorsaak groot onrus onder lidmate van die Kerk.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met instemming kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 30: RING VAN PRETORIA (GEMEENTE PRETORIA)**

**TEOLOGIESE VERKLARING**

**Besluit 54/69 en die daaruit voortspruitende besluite van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering moet ter syde gestel word in die lig van bevindinge deur 'n studie soos vervat in meegaande motivering. Die Kerk volstaan by die besluit van die Kerk insake apartheid wat tydens die Algemene Kerkvergadering in 2001 geneem is totdat gemelde aangeleentheid na volledige en omvattende studie ingevolge Ordinansie 3.8.3 (iii) op 'n Algemene Kerkvergadering agenda geplaas word. Hierdie studiedokument moet hanteer word ingevolge Ordinansies 5.8, 5.6.1 (iv), 5.7.3 en 5.7.7 van die Kerkorde. Die opstellers van Beskrywingspunt 54/69 (dosente) se *bona fides* word aanvaar dat hul verklaring nie 'n belydenis is nie, maar ook dat hul verklaring niks met die *World Alliance of Reformed Churches* te doen het nie.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 31: RING VAN KLERKSDORP (GEMEENTE ORKNEY)**

**ONAFHANKLIKE GEMEENTES**

**Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aanvaar die groep gemeentes wat as onafhanklike gemeentes in 'n geloofsbond gegroepeer het (uit die steedsHervormers) as dogterkerk van die Hervormde Kerk en derhalwe erken ons die doop, belydenis van**

**geloofaflegging, attestate en alles wat daarmee saamhang van lidmate wat uit dié gemeentes na die Hervormde Kerk oorkom en dienooreenkomstig reik ons attestate uit vir lidmate wat na die dogtergemeentes oorgaan.**

***Motivering:***

Wat ook al 'n mens se standpunt oor die gemeentes en hulle optrede is, kan ons as Kerk nie wegskram van die realiteit dat dit ons broers en susters, ons familie en vriende was en steeds is nie. Dat hulle dieselfde gemeenskaplike belydenis en kerklike agtergrond as ons deel nie. Ons kan redeneer dat hulle kerkordelike verkeerd opgetree het, maar 'n buite-egtelike dogter is steeds jou dogter. Om deur lidmaatskap opheffing en die kerklike ban met die gelowiges te werk, is immers alles behalwe in die voetspore van Christus. Ons werk immers nie met 'n sekte of 'n klomp ketters wat dwaalleer verkondig nie, maar as mense wat dalk in die oë van die Kerk té fundamentalisties aan die belydenisskrifte en die leer waarin ons staan vashou. Kom ons aanvaar van ons kant af dan dat ons paaie uitmekaar geloop het, maar dat ons steeds een is in Christus.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 32: RING VAN PRETORIA (GEMEENTE PRETORIA)**

**INTERPRETASIE VAN DIE BYBEL EN BELYDENISSKRIFTE**

**Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika handhaaf die aanvaarde en beproefde reformatoriese interpretasies van die Bybel en Belydenisskrifte. Die Algemene Kerkvergadering wys 'n gebalanseerde studiekomitee aan wat onder andere fokus op die teenoorstaande besluite van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika oor die *World Communion of Reformed Churches* se vereiste apartheidsverklaring (2001 en 2007, 2010 en 2011) en adviseer die 71ste Algemene Kerkvergadering oor aanpassings aan die interpretasies van die Bybel en Belydenisskrifte, indien enige.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 33: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE ZEERUST)**

**DIE KERK LAAT NIE VERDER TOE DAT LIDMATE UITSPRAKE MAAK WAT TEENSTRYDIG IS MET DIE BYBEL EN BELYDENISSKRIFTE NIE**

**Die vergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en ander bevoegde vergaderings om sonder enige versuim in broederlike/opsiggesprekke te tree met enige lidmaat wat hulle aan dergelike opmerkings skuldig maak.**

***Motivering:***

* Lidmate het ongemak oor uitlatings van teoloë wat vreemd is aan die tradisionele verstaan by lidmate van die Bybel en die Belydenisskrifte.

* Lidmate word toenemend gekonfronteer dat wonderwerke soos beskryf in die Bybel nie wetenskaplik bewys kan word nie.

* Die meerderheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se lidmate is nie teologies opgelei nie en glo opreg in die Bybel soos hulle daarmee groot geword het.

* Aangesien ons in dié wêreld leef is dit die Kerk se prinsipiële verantwoordelikheid om koninkryksgerig te bly deur vas te hou aan Gods Woord en die belydenisskrifte.

* Die breedvoerige en deeglike toepassing van die opsigtaak op 'n verantwoordbare wyse sal verseker dat dit wat die Kerk verkondig, trou sal bly aan die waarheid van die Woord van God.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.3.2.4 **Beskrywingspunt wat verder verband hou met die amp**

**BESKRYWINGSPUNT 34: RING VAN WES-KAAPLAND**

**HERSTRUKTURERING VAN DIE VERGADERINGS VAN DIE AMPTE**

**Die vergaderings van die ampte word geherstruktureer sodat die dienswerk van predikante, ouderlinge en diakens op kerkraads-**

| |
|---|
| **vergaderings, ringsvergaderings en Algemene Kerkvergaderings teregkom.** |

***Motivering:***

* Dienswerk van die Kerk word beter geïntegreer in die voorgestelde sisteem.

* Bestaande strukture is in kleiner gemeentes en ringe disfunksioneel.

* Die voorgestelde sisteem sal besparing aan die hand werk.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende amendement, voorgestel deur ds GJ Smit en gesekondeer deur ds LH Jansen van Nieuwenhuizen tydens die tweedag-werksessie, word aanvaar:<br><br>**Amendement:**<br><br>Praktiese planne wat werk by gemeentes moet geboekstaaf word en gedeel word met ander gemeentes.<br><br>**Motivering:**<br><br>Ons probeer in Jesus se voetspore te volg. Dit is nie so maklik nie, maar ons moet volhard. Hoe moet ons dit doen? Soos dit opgeteken is in die Woord. Ons moet kyk wat Jesus gedoen het en wat dit ons leer vir die hier en nou. Jesus het nie net gestap nie, maar nou en dan gestop om te bid en die Here se wil te hoor. Hoe moet die gemeente dit doen? Die gemeente moet ook in die voetspore van Jesus volg. Dit beteken dat elke lidmaat die ruimte gegee word om hom of haar voluit uit te leef in die gemeenskap van gelowiges. Daar is 'n behoefte vir praktiese lesse wat vir gemeentes werk en wat nie. Predikante het behoefte in terug- |

| | |
|---|---|
| | voering van die Kommissie oor probleemoplossings soos reeds gemanifesteer in gemeentes.<br><br>2. Bogenoemde aangeleentheid word na die Hervormde Teologiese Kollege verwys vir verdere hantering. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.3.3 SEKUNDUSKOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

2.3.3.1 **Verslag van die Sekunduskommissie van die Algemene Kerkvergadering**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

2.4 **ALGEMENE DIAKENSVERGADERING**

2.4.1 VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE 6DE ALGEMENE DIAKENSVERGADERING VIR DIE TYDPERK 23 MEI 2010 TOT 21 MEI 2013

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

2.4.1.1 **Werksaamhede van die Kommissie van die 5de Algemene Diakensvergadering**

(i) ***Personeel***

(a) <u>Sekretaris</u>

(b) <u>Sekretaresse</u>

(c) <u>Boekhouer</u>

(ii) ***Strukturering van die Algemene Diakensvergadering se werk***

(a) <u>Hoe werk dit in die praktyk?</u>

(iii) ***Kommunikasie***

2.4.1.2 **Diensvelde**

(i) ***Kindersorg***

(ii) ***Bejaardesorg***

(iii) ***Gestremdheid***

(iv) ***Armoede***

(v) ***MIV/Vigs en ander gevreesde siektes***

(vi) ***Afhanklikheid***

(vii) ***Trauma***

2.4.1.3 **Diensorgane (sinodale werk)**

(i) ***Kinderhuise van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika***

(ii) ***Ons Tuis en die Monumenttehuise***

(iii) ***Die Ondersteuningsraad***

(iv) ***Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys***

(v) ***Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging***

(vi) ***To Care Foundation***

2.4.1.4 **6de Algemene Diakensvergadering (22 tot 25 Mei 2013)**

(i) ***Verloop van die 6de Algemene Diakensvergadering***

(ii) ***Afvaardiging***

(iii) ***Dienswerkdag***

(iv) ***Video-opnames en videostroming***

(v) ***Kommissie van die 6de Algemene Diakensvergadering***

(vi) ***Diakonaat en die Kerkorde***

2.4.1.5 **Finansies van die Algemene Diakensvergadering**

2.4.1.6 **Dankbetuigings**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem.<br><br>2. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering betuig hulle volgehoue ondersteuning aan die Algemene Diakensvergadering. |

| VERDERE BEPLANNING | |
|---|---|

**BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE DIAKENSVERGADERING**

**KOMMUNIKASIE**

**Gemeentes en predikante word versoek om kommunikasie vanaf die Algemene Diakensvergadering met hulle lidmate te deel. Dit sluit in die videogrepe, *Omgee-in-Aksie*, skrywes en versoeke.**

***Motivering:***

Tydens die ringsdiakensvergaderings in 2013 het dit aan die lig gekom dat min gemeentes die videogrepe aan lidmate vertoon het. Selfs gemeentes wat oor die infrastruktuur beskik, gebruik dit in baie gevalle nie. Die meerderheid afgevaardigde diakens en Nederduitsch Hervormde Sustersvereniginglede na ringsdiakensvergaderings was onbewus van die bestaan van hierdie videogrepe, en dat daar op daardie stadium reeds twee DVD's aan hulle gemeentes gestuur is. Talle diakens was ook nie bewus van die bestaan van die *Omgee-in-Aksie* nie.

| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
|---|---|
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 36: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE DIAKENSVERGADERING**

**BYWONING VAN RINGSDIAKENSVERGADERINGS DEUR PREDIKANTE**

**Predikante word versoek om erns te maak met die bywoning van ringsdiakensvergaderings.**

***Motivering:***

Gemiddeld woon ongeveer die helfte van die predikante in die Kerk die ringsdiakensvergaderings by. By sommige ringsdiakensvergaderings woon nie eers een predikant dit by nie. Tog is dit 'n uiters belangrike deel van 'n predikant se ampswerk. Die diakens het ook die predikante se hulp en leiding in hierdie verband nodig.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 37: KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE DIAKENSVERGADERING**

**STABILISASIEFONDS**

**Die 70ste Algemene Kerkvergadering word versoek om alle vorige besluite rakende die Stabilisasiefonds te vervang met 'n nuwe besluit waarvolgens die Algemene Diakensvergadering volle besluitnemingsbevoegdheid oor die Stabilisasiefonds het. Dit hou in dat die te stigte Fonds vir Bejaardesorg volledig onder beheer van die Algemene Diakensvergadering val.**

***Motivering:***

Die Algemene Diakensvergadering handel oor alle barmhartigheidsaangeleenthede. Die Stabilisasiefonds is wel deur die Algemene Kerkvergadering gestig en volgens die beginsel dat die laaste besluit van die Algemene Kerkvergadering oor 'n saak geld, word die 70ste Algemene Kerkvergadering versoek om hierdie besluit te neem. Ter wille van volledigheid word die reglement vir die te stigte Fonds vir Bejaardesorg, wat die Stabilisasiefonds vervang, aan die Algemene Kerkvergadering voorgelê:

**Ontstaan:**

Die Fonds ontstaan uit die reserwes van die voormalige Stabilisasiefonds en is geskep om aan die behoeftes van bejaardesorg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te voorsien.

**Doel van die Fonds:**

Die Fonds het as doel om finansiële steun te bied aan die versorging van bejaardes in Ons Tuis en Monument Tehuise en bejaardes van die Kerk volgens riglyne.

**Bydraes tot die Fonds kom van:**

* die huidige reserwe gehou in terme van die voormalige Stabilisasiefonds vir Bejaardes.

* gemeentes van die Kerk wat bydra tot die Fonds op 'n basis, soos voorgestel deur die Algemene Diakensvergadering.

* lidmate van die Kerk wat op 'n vrywillige basis eenmalig of gereelde skenkings aan die Fonds maak.

* ander persone of instansies wat op 'n vrywillige basis eenmalig of gereelde skenkings aan die Fonds maak.

* persone wat testamentêre bemakings aan die Fonds maak.

**Beheer van die Fonds:**

Die Fonds val onder die toesig van die Algemene Diakensvergadering.

**Toekennings uit die Fonds:**

* Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering maak volgens riglyne toekennings uit die Fonds om die doel van die Fonds te verwesenlik en doen ook toekennings soos wat die Algemene Diakensvergadering van tyd tot tyd mag besluit.

* Aansoeke om toekennings moet behoorlik gemotiveer word en vergesel word van alle toepaslike finansiële gegewens van die inrigting, persoon of gemeente.

**Bestuur:**

* Die Fonds word bestuur deur die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering.

* Die boekhouding word deur die kantoor van die administrateur behartig.

* Die kapitaal van die Fonds word huidiglik by die Raad van Finansies belê, maar indien die kapitaal by 'n ander instansie belê wil word, moet sodanige beleggings in oorleg met die Raad van Finansies belê word.

**Verslaggewing:**

* Die administrateur gee so dikwels as wat die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering vergader, verslag van die stand van die Fonds aan die Kommissie asook die Raad van Finansies.

* Die Kommissie gee driejaarliks verslag oor die stand van die Fonds aan die Algemene Diakensvergadering.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

---oOo---




# Die inhoud en orde van die erediens

# 3. DIE INHOUD EN ORDE VAN DIE EREDIENS

## 3.1 VERKONDIGING (HOOFSTUK 5)

### 3.1.1 WOORDVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

#### 3.1.1.1 Verslag van die Raad vir Erediens

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Beskrywingspunt wat tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering gedien het***

(ii) ***Opdrag aan die Raad vir Erediens deur die 69ste Algemene Kerkvergadering***

(iii) ***Besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: 2012***

(iv) ***Komitee vir Kerkmusiek***

(a) Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika

(aa) *Verskyning van Nuwe Liedere 1*

**BESKRYWINGSPUNT 38: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**DANK EN WAARDERING**

**Dank en waardering word uitgespreek aan almal wat betrokke was by *Nuwe Liedere 1* en aan die Komitee vir Nuwe Kerkliedere.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(bb) *Opleiding van teologiestudente*

**BESKRYWINGSPUNT 39: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**GROTER INSPRAAK IN HIMNOLOGIE AS VASTE MODULE BY DIE FAKULTEIT TE DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voer gesprek met dr EC Kloppers en betrokkenes by die Universiteit van Preto-**

**ria met die doel om groter inspraak te kry in Himnologie as vaste module by die Fakulteit te die Universiteit van Pretoria.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(cc) *Diploma in Himnologie en Liturgie*

**BESKRYWINGSPUNT 40: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**KURSUS IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**

**Kerkrade en predikante word gewys op die belang van die kursus in Himnologie en Liturgie en word genooi om saam met orreliste en lidmate vir die kursus in te skryf.**

**Kerkrade word versoek om die koste of 'n deel van die koste van die kursus te help dra.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(dd) *Toerusting en navorsing*

**BESKRYWINGSPUNT 41: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**TOERUSTING EN NAVORSING**

* **Kerkrade en gemeentes word uitgenooi om van die geleenthede vir toerusting gebruik te maak.**

* **Kerkrade en gemeentes word versoek om gemeentelede bewus te maak van toerustingsartikels in *Konteks*, *Die Hervormer*, en die *Tydskrif vir Hervormde Teologie*.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(ee) *Diensboek*

**BESKRYWINGSPUNT 42: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**DIENSBOEK**

- **Predikante word versoek om deeglik kennis te neem van die inhoud van die *Diensboek*.**

- **Predikante en kerkrade word versoek om toerustingsgeleenthede met betrekking tot die erediens te benut.**

- **Kerkrade word aangemoedig om die *Diensboek* as toerusting te gebruik tydens ouderlingevergaderings en Bybelstudiegeleenthede.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(ff) *Kalender volgens Kerkjaar*

**BESKRYWINGSPUNT 43: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**KERKJAARKALENDER**

**Kerkrade word versoek om van die Kerkjaarkalender gebruik te maak en só die bewussyn vir die Kerkjaar te verskerp.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(gg) *Aanstelling van orreliste*

(hh) *Bevordering van die kerklied en verspreiding van inligting*

(ii) *CD's: Liedboek van die Kerk*

(b) Opleiding in orrelbegeleiding en voorspele

**BESKRYWINGSPUNT 44: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**OPLEIDING IN ORRELBEGELEIDING EN VOORSPELE**

***  Kerkrade word versoek om hulle orreliste aan te moedig om hierdie geleentheid tot opleiding te benut.**

***  Kerkrade word versoek om die koste of 'n deel van die koste van hul orreliste se opleiding te betaal.**

***  Die dosente by die Konservatorium, mev Margaret van der Vegt en mnr René Mathlener, word bedank vir hulle waardevolle werk.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(aa) *Orreleksamens*

(c) Tekort aan orreliste

**BESKRYWINGSPUNT 45: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**TEKORT AAN ORRELISTE**

***  Die Komitee vir Kerkmusiek versoek dat kerkrade hulle orreliste billik moet behandel wat betref salarisskale en arbeidspraktyke, dienslewering en ondervinding van orreliste.**

***  Kerkrade word versoek om toe te sien dat die kundigheid en vermoëns van hulle orreliste erken word, dat daar goeie samewerking tussen orreliste en predikante is, en dat orreliste die gegewens rakende die erediens betyds kry om ook insette te lewer, waar nodig.**

***  Gemeentes en kerkrade word versoek om moontlike jong orreliste te identifiseer met die oog op opleiding. Kerkrade moet ook mense die geleentheid gee om op hulle orrels te oefen.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(d) Orrelisteskale

(e) Konsepooreenkoms en pligtestaat van orreliste

(f) Advies rakende orrels

**BESKRYWINGSPUNT 46: KOMITEE VIR KERKMUSIEK**

**ADVIES RAKENDE ORRELS**

**Kerkrade word herinner aan 'n vroeëre besluit van die Algemene Kerkvergadering dat die Komitee vir Kerkmusiek vroegtydig in onderhandelings rondom die verkoop en koop van orrels geken moet word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(v) ***Kerkliedkomitee***

(a) Opdrag aan die Kerkliedkomitee

(aa) *Melodieë wat aanvaar is*

(bb) *Melodieë wat nog aandag verg*

(vi) ***Komitee vir Kontemporêre Liedere***

(a) Besluite van die 69ste Algemene Kerkvergadering

**BESKRYWINGSPUNT 47: KOMITEE VIR KONTEMPORÊRE LIEDERE**

**FLAM EN CCLI**

- **Die Algemene Kerkvergadering aanvaar die FLAM-liedere, wat deur die Komitee vir Kontemporêre Liedere gekeur is, vir gebruik in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – veral tydens jeugdienste en jeuggeleenthede. Gemeentes moet self by CCLI registreer om wetlik toegang tot die liedere te verkry en dit wettig te kan gebruik.**

- **Die Algemene Kerkvergadering neem met dank kennis van die denominasie-afslag van 30% wat deur CCLI aan die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika toegestaan word.**

- **Die Algemene Kerkvergadering versoek die Komitee vir Kon-**

**temporêre Liedere om voort te gaan met verdere evaluering van liedere vir voorlegging by komende Algemene Kerkvergaderings.**

*** Die Algemene Kerkvergadering versoek die komitee om in oorleg met die Raad vir Erediens gemeentes toe te rus vir die sinvolle en verantwoordelike gebruik van die liedere in die Kerk.**

*** Die Algemene Kerkvergadering versoek die Komitee vir Kontemporêre Liedere om aansluiting te soek by FLAM om só deel van die proses van die skep van nuwe liedere te word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende amendement van toepassing op die eerste asterisk, gestel deur dr EC Kloppers en gesekondeer deur ds NJS Steenekamp, word aanvaar:<br><br>Die Algemene Kerkvergadering keur die lys van FLAM-liedere goed vir moontlike gebruik spesifiek tydens jeugdienste en jeuggeleenthede. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(b) <u>Afvaardiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika by die VONKK-Werkgroep</u>

(aa) *Besluit van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Maart 2012*

**BESKRYWINGSPUNT 48: KOMITEE VIR KONTEMPORÊRE LIEDERE**

**VONKK-WERKGROEP**

*** Die Algemene Kerkvergadering keur die betrokkenheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika by die VONKK-werkgroep goed.**

*** Die Algemene Kerkvergadering aanvaar die liedere wat deur die prosesse by VONKK gegaan het as bruikbaar in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit is vanselfsprekend dat net soos wat die liturg in enige korpus van liedere sekere keuses (soms op grond van persoonlike voorkeur/afkeur) gaan maak, sal dit ook so by VONKK-liedere geskied.**

| | |
|---|---|
| * | **Gemeentes wat van die liedere gebruik wil maak, word gevra om by CCLI te registreer teen 'n jaarlikse fooi van R300.00.** |
| * | **Die Algemene Kerkvergadering versoek die afvaardiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika by VONKK om in oorleg met die Raad vir Erediens gemeentes in te lig en toe te rus vir die sinvolle en verantwoordelike gebruik van die liedere tydens eredienste.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende amendement, gestel deur ds JF van der Merwe en gesekondeer deur dr DJC van Wyk (jr), vervang die tweede asterisk:<br><br>Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om aan gemeentes deur te gee dat die VONKK-liedere op 'n proefbasis in die Kerk gebruik kan word.<br><br>Die volledige korpus van VONKK-liedere word aan die 71ste Algemene Kerkvergadering voorgelê vir goedkeuring. Uitbreidings aan die VONKK-korpus word by elke daaropvolgende Algemene Kerkvergadering voorgelê. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(vii) ***Komitee vir Liturgiese Geskrifte***

(a) Besluit van die 69ste Algemene Kerkvergadering

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.1.1.2 **Beskrywingspunte ingedien deur ringe en gemeentes**

**BESKRYWINGSPUNT 49: RING VAN OOS-KAAPLAND (GEMEENTE SIONSHOOGTE)**

**TOENEMENDE GEWELD, ROOF EN MOORD**

**Die ouderlingevergadering van gemeente Sionshoogte spreek sy ernstige kommer uit oor die toenemende geweld, roof en moord op alle landsburgers en veral op blankes. Die vergadering ver-**

**soek dat die Kerk se stem oor hierdie sake sterker teenoor die regering gehoor sal word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ontvang opdrag om die inhoud van bogenoemde beskrywingspunt omvattend aan te spreek en dringend af te handel. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 50: RING VAN HEILBRON**

**NAGMAAL**

**Ordinansie 5.2.2 (i) bepaal dat die nagmaal *aan tafel* bedien word. Afwisseling ten opsigte van die nagmaalbediening en viering soos deur Calvyn en andere toegepas, bied die moontlikheid om verrykend tot die verstaan en geloofservaring van lidmate by te dra.**

***Motivering:***

Al die ordinansies soos in Ordinansie 5.2.2 vereis, sal steeds van toepassing wees met meervoudige vorme van nagmaalbediening en viering. Al die volgende elemente bly behoue: Gebede, die instellingsverhaal, die instellingswoorde, die eet van die brood, die drink van die wyn en lofliedere.

Die Ring van Heilbron versoek dat die 70ste Algemene Kerkvergadering studie sal doen rondom die wyses waarop kerke in die reformatoriese tradisie nagmaal bedien en gevier het met die oog op verryking en afwisseling van die huidige nagmaalpraktyk. Die nagmaalpraktyk soos dit tans in die Kerk gevier word, word nie prysgegee nie, slegs uitgebrei.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om verdere studie te doen en die saak in samehang met 2.1.2.1 (v). |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 51: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE GROOT MARICO)**

**UITNODIGING NA DIE NAGMAAL**

**Die Raad vir Erediens word opdrag gegee om die moontlikheid te ondersoek om by die uitnodiging na die nagmaal 'n lys van kerke te voeg wat op dieselfde belydenisgrondslag as ons Kerk is en wie se lidmate welkom is by die nagmaal in 'n Nederduitsch Hervormde gemeente.**

***Motivering:***

Dit gebeur gereeld dat lidmate van Pinkster-, Charismatiese- en ander kerke wat nie die belydenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika deel nie, saam met familie en vriende die nagmaal van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gemeentes bywoon. 'n Lys van kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag as ons Kerk is kan van tyd tot tyd gelees word om seker te maak dat lidmate van kerke wat nie op dieselfde belydenisgrondslag as ons Kerk is nie, daarop attent gemaak word en die goeie orde by die nagmaal verseker kan word.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word versoek om verdere studie te doen en die saak in samehang met 2.1.2.1 (v) te hanteer. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 52: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE ZEERUST)**

**VERVANGING VAN LITURGIESE RAAMWERK VAN DIE DIENSBOEK**

**Die liturgiese raamwerk van die Diensboek word vervang met erediensordes soortgelyk aan dié van die vorige Diensboek.**

***Motivering:***

* Die vermeende verryking van die erediens met liturgieë wat ekumeniese elemente bevat, is nie 'n reformatoriese verryking nie. Waar dié moontlike liturgieë gebruik word om persoonlike inkleding en die kunsmatige respons daarop te bewerkstellig, is dit in teenstelling met wat deur die Woord geleer word.

* Die vae verskeidenheid en grensloosheid van dié ordes verbreek die sigbare eenheid van ons Kerk wat eredienste betref.

* Lidmate en gemeentes vind die beweging in die liturgie 'n ongelukkige verarming van ons historiese identiteit.

* Vreemdsoortigheid en grensloosheid van die diensordes verwater die eerbied in ons eredienste.

* Die verskeidenheid en persoonlike voorkeure wat elke liturg of ampsdraer of lidmaat verkies, stoot die karakter van die erediens al verder weg van 'n Godstoewyding na 'n verhumanisering waar menslike behoeftes die botoon voer.

* Die liturg, orrelis, ampsdraer en lidmate se kreatiwiteit in die erediens verkeer in gevaar om met mekaar te kompeteer oor die beste aanbieding.

* Die opsigvergadering verkry nie vooraf insae in die liturg se voornemende *inkleding* van die erediens nie en het daarom 'n vrypas om na eie goeddunke te handel.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word teruggetrek. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.2 **APOSTOLAAT**

3.2.1 VERSLAG VAN DIE RAAD VIR APOSTOLAAT

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

3.2.1.1 **Apostolêre tendense**

(i) ***Missionale ekklesiologie***

(ii) ***Basiese geloofskennis***

(iii) ***Slot***

(iv) ***Samevatting***

3.2.1.2 **Funksionering van die raad**

3.2.1.3 **Implementering van die herstrukturering en funksionering van die raad**

(i) ***Die Afrika Instituut vir Missiologie***

(ii) ***Administratiewe beampte: Raad vir Apostolaat***

(iii) ***Administrateur van die Maranatha Reformed Church of Christ***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering betuig sy dank teenoor die Raad vir Apostolaat vir die implementering van die her-strukturering, koste besparings en funksionering van die raad, asook die apostolaatskantoor, prof IWC van Wyk, mev Clarika Hattingh, ds JM Motloba, personeel in die Kerk-kantoor, gemeentelede, amps-draers van die Kerk en ander orga-nisasies wat saam in diens van God se koninkryk staan.<br><br>2. Die vergadering betuig sy beson-dere dank teenoor prof IWC van Wyk vir sy werksaamhede by die Raad vir Apostolaat, wat die funk-sies van die sekretaris vir Aposto-laat ingesluit het as deel van die direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie se verantwoordelik-heid. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.2.1.4 **Werksaamhede van die raad**

(i) ***Kerkgebou te Van Dalenstraat (Wespark)***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering neem kennis van die verkoop van die kerkgebou te Van Dalenstraat (Wespark). |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(ii) ***Voorstel insake evangeliste vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die Raad vir Apostolaat word ver-soek om onderstaande ondersoek te herevalueer op te neem in die agenda van die 71ste Algemene Kerkvergadering vir afhandeling:<br><br>*Ordinansie 5.7.1*<br><br>*MISSIONAAT* |

| | |
|---|---|
| | *Die Kerk*<br><br>*(i) dra die evangelie uit na alle mense van ánder, of géén godsdienstige oortuigings*<br><br>*(ii) lei evangeliste, sendelinge, predikante en werkkragte hiervoor op aan die*<br><br>*(iii) Afrika Instituut vir Missiologie* ***en ander tersiêre inrigtings waarop die Kerk mag besluit***[1]<br><br>*(iii) bring bekeerlinge op 'n ordelike wyse in kerke en gemeentes byeen*<br><br>*(iv) ondersteun die kerke en gemeentes wat uit die Kerk se missionêre werk ontstaan het.*<br><br>*Ordinansie 5.7.2*<br><br>*EVANGELISASIE*<br><br>*Die Kerk doen evangelisasie sodat kerkvervreemdes en kerkloses die evangelie kan glo en in gemeentes opgeneem word.* ***Vir hierdie doel maak die Kerk onder andere gebruik van evangeliste, sendelinge, predikante en werkkragte.*** |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(iii) ***Struktuur van die raad***

(a) Sentrum vir Missionale Bediening

(aa) *Besluite van die 68ste Algemene Kerkvergadering (2007)*

[1] Die aspirant *evangelis* sou ook aan 'n ander universiteit as die Universiteit van Pretoria kon studeer. Iemand uit die Ring van Wes-Kaapland moet nie verbied word om aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer nie. Belangstellendes sou 'n Diploma/BA oor ses jaar wou doen aangesien hulle dalk reeds werksaam is of iets anders studeer. Die Kerk sou altyd per besluit sake verder kon reël. Ons moet dit nie van die begin af vir mense in ander gebiede onmoontlik maak om hulle teologies te bekwaam nie.

(bb) *Besluite van die 69ste Algemene Kerkvergadering (2010)*

(cc) *Implementering van besluite*

(dd) *Fasilitering*

(ee) *Toerustingsgeleenthede*

(ff) *Navorsing*

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag van die Sentrum vir Missionale Bediening.<br><br>2. Die vergadering betuig sy dank teenoor die Hervormde Teologiese Kollege, drr JC van der Merwe en WA Dreyer vir die werksaamhede van die Sentrum vir Missionale Bediening.<br><br>3. Gemeentes word aangemoedig om gebruik te maak van die dienste wat die Sentrum vir Missionale Bediening beskikbaar stel. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(b) <u>Afrika Instituut vir Missiologie</u>

(aa) *Dankwoord*

(bb) *Wat is die Afrika Instituut vir Missiologie en wat is die vraag wat tydens hierdie vergadering gestel moet word?*

(cc) *Geskiedenis met die Maranatha Reformed Church of Christ*

(dd) *Aard van verbintenis*

(ee) *Verbintenis met die Universiteit van Pretoria*

(ff) *Die werksaamhede van die Afrika Instituut vir Missiologie beslaan drie terreine:*

* **Onderrig**
* **Navorsing**
* **Diens**
* **Finansies**

* **Waarom moet die Afrika Instituut vir Missiologie behou word?**
* **Waarom nie ondersteuning van en samewerking met die *Maranatha Reformed Church of Christ* staak nie?**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag van die Afrika Instituut vir Missiologie.<br><br>2. Die vergadering betuig sy dank teenoor die direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie, prof IWC van Wyk, vir sy werksaamhede en die dosente vir hul onbaatsugtige dienswerk by die Afrika Instituut vir Missiologie.<br><br>3. Die vergadering betuig sy dank teenoor predikante, gemeentelede, kerkrade, ringe en rade van die Kerk wat bydraes gelewer het tot die instandhouding en ontwikkeling van die Afrika Instituut vir Missiologie gedurende die verslagtydperk. Mnr Johan Pistorius word bedank vir sy groot finansiële bydrae tot die werksaamhede van die Afrika Instituut vir Missiologie.<br><br>4. Ander instansies van die Kerk, soos die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, word uitgenooi om deel te neem aan werksaamhede van die Afrika Instituut vir Missiologie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(c) Maranatha Reformed Church of Christ

(aa) *Moderature for the period 2012 to 2015*

(bb) *Statistics*

* ***Ministers of religion***
* ***Members, congregations and mission fields***
* ***Building projects***
* ***Organs of support***
* ***Africa Institute for Missiology***

*	***Words of thanks***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering neem met dank kennis van die verslag van die *Maranatha Reformed Church of Christ*.<br><br>2. Die vergadering betuig sy dank teenoor prof IWC van Wyk, mev Clarika Hattingh en ds JM Motloba vir hul werksaamhede in die Apostolaatskantoor.<br><br>3. Gemeentes en ringskommissies word aangemoedig om 'n verhouding met plaaslike *Maranatha Reformed Church of Christ* gemeentes op te bou met die oog op missionale en diakonale diens. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 53: RING VAN POTCHEFSTROOM**

**MISSIONAAT EN MISSIONALE BEDIENING**

**Die Algemene Kerkvergadering spreek hom uit oor die verstaan van missionaat en missionale bediening van die Kerk.**

**Die apostolaatsopdrag word omskryf in Ordereël 5.7.1 en Ordinansie 5.7.1 (i) tot (iv). Die Algemene Kerkvergadering bevestig die verstaan van die *Missio Dei* as verkondiging van die evangelie aan alle mense en dra dit aan lidmate van die Kerk op om in ooreenstemming met die geloof wat ons bely en eie aan die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk, hierdie verantwoordelikheid uit te leef.**

**Die oordrewe klem wat op missionalisering gelê word beperk die *Missio Dei* tot menslike pogings om gemeenskapsbetrokkenheid uit te lig as die enigste wyse van verkondiging. Die verkondiging van die evangelie het wyer invalshoeke en meerdere uitkomste as net missionale doelwitte.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die laaste paragraaf verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 54: RING VAN MAQUASSI (GEMEENTE WOLMARANSSTAD)**

**ONDERSKEID TUSSEN APOSTOLAAT/MISSIONAAT EN MISSIONALISERING VAN DIE KERK**

**Die Algemene Kerkvergadering maak duidelike onderskeid tussen apostolaat/missionaat aan die een kant en missionalisering van die kerk aan die ander kant.**

***Motivering:***

* Onder apostolaat/missionaat verstaan die Kerk die opdrag van God deur Jesus Christus dat die Kerk die draer is van die evangelie van Jesus Christus na alle mense (Matteus 28: 16 tot 20, Efesiërs 3). Die Algemene Kerkvergadering bevestig opnuut die Kerk se verstaan van die *Missio Dei* as sodanig en roep die Kerk en al sy lidmate op om daaraan mee te werk.

* Onder missionalisering van die Kerk word verstaan die huidige pogings om alles in die Kerk ondergeskik te stel en/of te laat opgaan in die apostolaat of die missionaat. Dit sou beteken dat:

    ** Die eie aard en identiteit van die Hervormde Kerk se Bybels-reformatoriese teologie verswak en verlore gaan.
    ** Die besondere en unieke etos, kerklike kultuur en gebruike van die Hervormde Kerk verswak en verlore gaan.
    ** Die Kerk en die gemeenskap van gelowiges se opbou na binne verwaarloos word ten gunste van alle energie wat na buite gekonsentreer word.
    ** Die opleiding van predikante eensydig fokus op missionalisering en dat daarmee die ryke verskeidenheid en diep teologiese geskakeerdheid van ons Hervormde teologie verlore gaan.
    ** Die Kerk wat kragtens die Bybels-reformatoriese teologie die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus as Verlosser as middelpunt het, die fokus verskuif en verskraal tot die blote bediening van barmhartigheid en uiteindelik net welsynswerk.
    ** Die Kerk meen dat die huidige tendense van ontkerkliking teengewerk moet word met oppervlakkige vorms van missionalisering wat net een doel voor oë het en dit is om mense se behoeftes te vervul.

Die Algemene Kerkvergadering verwerp hierdie pogings tot missionalisering van die Kerk en roep die Kerk op om in ooreenstemming met

die geloof wat ons bely en die eie aard van ons Kerk en etos, die Hervormde Kerk as kerk van Jesus Christus te handhaaf soos in die verlede.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word teruggetrek. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.3 **VERSLAG VAN DIE CHRISTELIKE SEEMANSORGANISASIE**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

3.3.1 WAT DOEN DIE CHRISTELIKE SEEMANSORGANISASIE?

3.3.2 HOE DOEN ONS DIT?

3.3.3 DIE CHRISTELIKE SEEMANSORGANISASIE EN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.4 **BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

3.4.1 INLEIDING

3.4.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

3.4.2.1 **Terugblik**

3.4.2.2 **Vertaling**

(i) ***Afrikaans: Die Bybel: 'n Direkte vertaling***

(ii) ***Engelse Bybel vir Dowes***

(iii) ***Suid-Ndebele***

(iv) ***Zulu***

3.4.2.3 **Produkontwikkeling en nuwe publikasies**

3.4.2.4 **Verspreiding**

(i) ***Bybels in alle tale***

(ii) ***Die Bybel in Afrikaans***

(iii) ***Bestemmings buite Suid-Afrika***

3.4.2.5 **Finansies** (syfers word in Randwaarde gegee)

(i) ***Inkomste***

(ii) ***Uitgawes***

(iii) ***Verslae***

3.4.3 BETROKKENHEID VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

3.4.3.1 **Verteenwoordiging**

(i) ***Streekkomitees***

(ii) ***Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans***

3.4.3.2 **Bydraes vanuit die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**

3.4.4 SLOT

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.<br><br>2. Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, gemeentelike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.<br><br>3. Kerkrade word versoek om plaaslike boekwinkels aan te moedig om Bybels van die Bybelgenootskap in voorraad te hou en aangemoedig om toe te sien dat Bybels by kolporteurs beskikbaar is.<br><br>4. Kerkrade word versoek om Bybels direk by die Bybelgenootskap aan te koop aangesien dit vir kerke |

| | |
|---|---|
| | teen kosprys beskikbaar is ('n katalogus en pryslys kan op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se webwerf by www.bybelgenootskap.co.za gevind word. Bestellings kan ook daar geplaas word. Die telefoniese bestelnommer vir Bybels is 0861 242 542. Indien probleme ondervind word, skakel dr KD Papp of dr S Hoffman by 011 970 4010).<br><br>5. Kerkrade word gewys op die staande besluit van die Algemene Kerkvergadering dat die erediensoffergawes van Hervormingsondag (die laaste Sondag in Oktober) aan die Bybelgenootskap oorbetaal word. Kerkrade word versoek om hierdie bydrae jaarliks in November oor te betaal as eerste bydrae van die nuwe finansiële jaar van die Bybelgenootskap.<br><br>6. Kerkrade word versoek om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R36.00 vir 2013), jaarliks per lidmaat aan die Bybelgenootskap oor te betaal. Gemeentes wat daartoe in staat is kan dit oorweeg om, soos dit ook die geval in ander kerke is, deel te neem aan die nuwe Borg-'n-Bybel projek deur een Standaardbybel teen R55.00 per lidmaat per jaar te borg.<br><br>7. Alle kerkrade word vriendelik versoek om bydraes (verkieslik maandeliks) direk aan die Bybelgenootskap se kantoor in Kempton Park oor te betaal en nie aan 'n ander Streekkantoor van die Bybelgenootskap of die Raad van Finansies of ringskommissie nie. Die rekeningbesonderhede is soos volg: Bybelgenootskap van SA, ABSA |

| | |
|---|---|
| | Kempton Park, rekeningnommer 260 220 748, takkode 632 005.<br><br>8. Nederduitsch Hervormde Susters-verenigingtakke, kategesegroepe, individue en sakeondernemings word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.<br><br>9. Kerkrade word aangemoedig om *Die Saaier*, kwartaalblad van die Bybelgenootskap, asook promosie-materiaal van die Bybelgenootskap, wat gratis op aanvraag beskikbaar is, as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.<br><br>10. Die Kerk spreek haar beste wense uit teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.5 **DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALINGSPROJEK**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

3.5.1 AFR 53 AFRIKAANS 1933/53-VERTALING: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

3.5.2 AFR 83 AFRIKAANS 1983-VERTALING: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

3.5.3 DIE BOODSKAP: CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY, 2006

3.5.4 DIE BYBEL: NUWE LEWENDE VERTALING: CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY, 2006, 2011

3.5.5 BYBEL VIR ALMAL: BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, 2007

3.5.6 INTERLINIÊRE BYBEL GRIEKS-AFRIKAANS NUWE TESTAMENT: CHRISTELIKE UITGEWERSMAATSKAPPY, 2012

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

## 3.6 TOERUSTING

3.6.1 SENTIK

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

### 3.6.1.1 Raad vir SENTIK

* Samestelling
* Produkte
* Dienste
* Verwante instansies wat onder SENTIK ressorteer
* Enkele spesifieke sake vir oorweging

| **BESLUIT** | |
|---|---|
| | 1. Met dank kennis geneem.<br><br>2. Die Algemene Kerkvergadering spreek sy dank uit teenoor die personeel van SENTIK vir hulle arbeid wat nie ongesiens verby gaan nie.<br><br>3. Die volgende voorstel, gestel deur ds GPJ Stoltz en gesekondeer deur dr WC van Wyk, word aanvaar:<br><br>Die vergadering gee opdrag aan SENTIK om, in samewerking met die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, 'n ondersoek te doen na die gebruik van video as 'n kommunikasievoertuig om met lidmate en gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te kommunikeer. Indien die ondersoek die wenslikheid daarvan uitwys, word die kosteberekening daarvan in oorleg met die Raad van Finansies bereken en, indien moontlik, geïmplementeer.<br><br>**Motivering:**<br><br>Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se gebruik van oudiovisuele media is tans uiters beperk. Die Algemene Diakensvergadering het video reeds met vrug begin ge- |

| | |
|---|---|
| | bruik en het al heelwat kennis daaroor opgedoen. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.6.1.2 **Komitee vir die Argief en Biblioteek**

(i) ***Samestelling van die Komitee vir die Argief en Biblioteek (November 2010)***

(ii) ***Werksaamhede***

(a) Navorsingsvorm

(b) Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000

(c) Elektroniese argivering en digitalisering

(d) Digitalisering

(e) Besoekers

(iii) ***Biblioteek***

(iv) ***Skakeling met ander instansies***

(v) ***Evaluering van fisiese argiefruimte***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

3.6.1.3 **SP Engelbrecht-museum**

(i) ***Agtergrond***

(ii) ***Werksaamhede van die komitee***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

---oOo---




Ander sake wat die Kerk in geheel raak en wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie

# 4. ANDER SAKE WAT DIE KERK IN GEHEEL RAAK EN WAT ANDER VERGADERINGS VAN DIE AMPTE NIE KAN AFHANDEL NIE

## 4.1 GEMEENTES EN KERK (HOOFSTUK 4)

### 4.1.1 GEMEENTES

#### 4.1.1.1 Beskrywingspunte oor aangeleenthede wat gemeentes en Kerk raak

**BESKRYWINGSPUNT 55: RING VAN GERMISTON**

**'N GEMEENTE AS GEESTELIKE RUIMTE VOLGENS DIE EIE AARD VAN DIE PREDIKANT EN DIE GEMEENTE**

**Elke gemeente en predikant van ons Kerk word opgeroep om hulle daarvoor te beywer dat daar op elke plek 'n geestelike ruimte geskep word waarbinne die werk van die koninkryk voortgesit kan word op 'n manier wat reg laat geskied aan die betrokke gemeente en predikant se eie aard.**

***Motivering:***

Die ringskomitee vir predikante van die Ring van Germiston hoop dat die gees van samewerking wat in ons ring heers, oral in die Kerk mag geld. Hier is ruimte vir elke predikant en gemeente om 'n eie geestelike ruimte te skep waarbinne die kernwerk van die evangelie van Jesus Christus doelgerig kan voortgaan. Ons is oortuig daarvan dat dit die hoofrede is vir die feit dat daar vrede in ons ring bestaan, terwyl elke gemeente en predikant op 'n eiesoortige manier met koninkrykswerk besig is.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 56: RING VAN BRAKPAN**

**SAMESMELTING VAN GEMEENTES BINNE 'N RING**

**As gevolg van die dalende getalle van lidmate moet die moontlikheid in die Kerkorde geskep word vir die samesmelting van gemeentes binne 'n ring, met inagneming van die arbeidsregtelike implikasies.**

***Motivering:***

Dit moet geskied met inagneming en begeleiding van die betrokke lidmate om volledig deel van die samesmeltingproses te wees.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende amendement, gestel deur ds PJ Uys en gesekondeer deur ds PJ Roets, word aanvaar:<br><br>In die lig van die besluite wat geneem is oor<br><br>* verdere navorsing ten opsigte van brugbediening<br><br>* asook die bestaansreg van klein/kleinerwordende gemeentes,<br><br>word versoek dat daar in die studie ook aandag gegee sal word hoe sodanige gemeente(s) op die pad begelei kan word om ontvanklik te wees vir<br><br>* óf samesmelting van ('n) ander gemeente(s)<br><br>* óf alternatiewe bedieningsmoontlikhede.<br><br>Indien dit sou meebring dat 'n standplaas en/of besoldigde amptenaar binne sodanige gemeente(s) daardeur geraak word, moet die moontlikheid in die Kerkorde geskep word dat dit met inagneming van arbeidsregtelike implikasies sal geskied. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. Word in lyn met ander beskrywingspunte wat verband hou met klein gemeentes verreken. |

**BESKRYWINGSPUNT 57: RING VAN MAQUASSI**

**INSKAKELING VAN GEMEENTE CHRISTIANA BY DIE RING VAN NOORD-KAAPLAND**

**Die Ring van Maquassi stel voor dat gemeente Christiana vir praktiese doeleindes by die Ring van Noord-Kaapland sal inskakel.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 58: RING VAN ROODEPOORT**

**INSKAKELING VAN GEMEENTE NEWLANDS BY DIE RING VAN JOHANNESBURG**

**Die Ring van Roodepoort beveel aan dat gemeente Newlands by die Ring van Johannesburg inskakel.**

***Motivering:***

* **Histories**

Newlands was eers deel van die Ring van Johannesburg, maar is toe later by die Ring van Roodepoort gevoeg.

* **Geografies**

Newlands lê op die rand van die gemeentes wat in die Ring van Roodepoort val en veel nader aan die gemeentes van die Ring van Johannesburg. Newlands het reeds ook lidmate in bestaande buitewyke, te Brixton-Crosby, Triomf en in Randburg.

* **Samewerking en meewerking**

Uit gesprekke wat reeds plaasgevind het tussen die predikante van Newlands en Randburg, bestaan daar reeds 'n gewilligheid tot samewerking en meewerking tussen die twee gemeentes.

Die besluit om aansoek te doen om voortaan by die Ring van Johannesburg in te skakel is reeds op die ouderlinge-, kerkraads- en gemeentevergaderings van Newlands in November 2012 geneem.

Ook op die ringsvergadering van Roodepoort van 5 en 6 Mei was daar geen beswaar teen die versoek geopper nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

---oOo---

Die volgende voorstel, gestel deur ds MCE Botes en gesekondeer deur ds CEC Hertzog, word aanvaar:

**Inskakeling van gemeente Nkana by die Ring van Lydenburg**

Die Komitee vir Afrika Bediening versoek die Algemene Kerkvergadering om gemeente Nkana te laat inskakel by die Ring van Lydenburg soos ooreengekom met gemeente Nkana en die Ring van Lydenburg.

**Inskakeling van gemeente Zimbabwe by die Ring van Middelburg**

Die Komitee vir Afrika Bediening versoek die Algemene Kerkvergadering om gemeente Zimbabwe te laat inskakel by die Ring van Middelburg soos ooreengekom met gemeente Zimbabwe en die Ring van Middelburg.

---oOo---

**OPMERKING VAN DIE SEKRETARIS VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING INSAKE MODALITEITE BINNE DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

Die volgende geamendeerde voorstel oor modaliteite wat verwerp is tydens die Buitengewone Algemene Kerkvergadering op 4 en 5 Oktober 2011, word onder die aandag van die afgevaardigdes gebring:

> *Die vergadering dra dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op om 'n komitee te benoem om dringend 'n ondersoek te doen na die moontlikheid om modaliteite te skep waarbinne verskeidenheid van die Kerk geakkommodeer kan word.*

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het by sy vergadering gehou op 6 en 7 Junie 2013 besluit om in opdrag van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering nie verder aandag te gee aan die moontlikheid om modaliteite binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te akkommodeer nie.

**BESKRYWINGSPUNT 59: RING VAN WES-KAAPLAND**

**MODALITEITE**

**Dat die Algemene Kerkvergadering die prinsipiële moontlikheid van die akkommodering van modaliteite afwys in die lig van**

* **die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se sterk teologiese tradisie van duldbare verskeidenheid binne die raamwerk van 'n verkennende reformatoriese teologie**

* **die wesenlike gevaar van sodanige modaliteite om die Kerk toenemend te versplinter weens wantroue en argwaan tussen ideologiese groeperings.**

***Motivering:***

Enige oorweging van die akkommodering van modaliteite sou neerkom op kompromisbestuur waarvan die (onbedoelde) gevolge ernstige negatiewe implikasies inhou vir die Kerk.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 60: RING VAN ROODEPOORT (GEMEENTE WELTEVREDEN)**

**STUDIE TEN AANSIEN VAN MODALITEITSVORMING IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

**Die 70ste Algemene Kerkvergadering besluit om 'n studiekomitee aan te wys wat die teologiese haalbaarheid en kerkordelike konsekwensies van modaliteitsvorming in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ondersoek en daaroor verslag doen by die 71ste Algemene Kerkvergadering vir bespreking en besluit.**

***Motivering:***

Hierdie voorstel se vernaamste oogmerk is om voortgaande skeuring in die Hervormde Kerk te verhoed. Die bedoeling is om die Hervormde Kerk binne 'n konteks van teologiese heterogeniteit op te bou, te heel en te verenig. Ons ervaar in die Hervormde Kerk tans ernstige proble-

me om ons interne teologiese diversiteit te hanteer, in teenstelling met die spontane vermoë in ons teologiegeskiedenis om ondermeer konfessionele, dialektiese en kritiese aksente in die Hervormde benadering tot teologiebeoefening, teologies produktief naby mekaar te kon hou. Die gebeure van die afgelope paar jaar in die besonder, getuig ongelukkig daarvan dat die Hervormde Kerk hierdie vermoë verloor het om sodanige neweskikkende teologiese aksente en perspektiewe soepel en sonder skeurende konflik te hanteer. Die voorstellers is daarvan oortuig dat 'n kerkspesifieke wyse van modaliteitsvorming die weg vir die Hervormde Kerk en trouens die weg vir enige kerk is, wat met interne teologiese diversiteit tot op die punt van skeuring worstel. Modaliteitsvorming wil eenheid in diversiteit bevorder en die verdraagsame gedagte van 'n *versoenende verskeidenheid* in die formele konsekwensies daarvan deurtrek. Onderstaande punte verskaf moontlike geleiers aan die beoogde studiekomitee, maar word by hierdie voorstel ingevoeg om by die 70ste Algemene Kerkvergadering te benadruk dat hierdie nie 'n lukrake en impulsiewe oefening is nie. Diegene wat ten gunste van modaliteitsvorming in die eietydse Hervormde Kerk is, het die afgelope jare baie oor die haalbaarheid hiervan nagedink en tot die slotsom gekom dat modaliteitsvorming 'n produktiewe, implementeerbare en histories-geykte opsie is om eenheid in diversiteit te bevorder. Natuurlik is daar baie meer en ander oorwegings wat deur die beoogde studiekomitee in aanmerking geneem sal moet word. Dit sou, afgesien van 'n veeltal tegniese oorwegings, kon insluit die ideehistoriese ontwikkeling van modaliteitsdenke, wat diep na die Middeleeuse skolastiek teruggaan en in besonder deur Johannes Duns Skotus en Willem van Ockham geartikuleer is, die ontwikkeling daarvan in die gereformeerde skolastiek, asook hoe modaliteitsdenke in die Nederlandse stryd van die laat 19de eeu vir betekenisvolle implementering aldaar aangepas is. Kerkregkenners sal die subtiliteite van die Kerkorde moet fynkam om seker te maak dat daar nie verskuilde belangebotsings of teensprake is wat deur die bestaan van modaliteite gegenereer word nie.

Die voorstellers doen 'n ernstige dog blymoedige beroep op die 70ste Algemene Kerkvergadering om hierdie voorstel tot studie rakende modaliteitsvorming goed te keur. Ons kan en wil nie op die skeurende en vervreemdende wyse van die afgelope jare voortgaan nie. Ons is moeg vir vyandskap en verdeling; ons verlang na eenheid, ook met hulle wat teologies nie sondermeer langs ons staan nie. Dit het tyd geword om daadwerklik positief en hoopvol die fokus na die toekoms van die Hervormde Kerk te verskuif. Ons is daarvan ten diepste oortuig dat modaliteitsvorming, as 'n histories-aanduibare Hervormde wyse (Nederlands, by uitstek) van die beskerming van teologiese soortgenootlikheid en gemeentelike partikulariteit, 'n evangeliese en opbouende alternatief tot die huidige situasie van onevangeliese skeuring en voortgaande polarisasie in die Hervormde Kerk daarstel.

Ons bid dat God ons sal lei om op hierdie delikate wyse van spesifisering, partikularisering en modalisering, weer eenheid en vrede in die Hervormde Kerk te bring. Indien God dit anders wil en die 70ste Algemene Kerkvergadering nie toestemming tot sodanige studie verleen nie, of die 71ste Algemene Kerkvergadering enige positiewe aanbeveling daaromtrent deur die beoogde studiekomitee nie aanneem nie, aanvaar ons dit sonder afbreuk aan ons hoop en blymoedigheid. God sal wel doen wat God wel doen.

1. ***Oorwegings aan die beoogde studiekomitee, indien die 70ste Algemene Kerkvergadering toestemming tot sodanige studie verleen:***

1.1 'n Werkdefinisie van 'n modaliteit in Hervormde gedaante sou kon lui:

> *'n Modaliteit is nie 'n kerk binne die Hervormde Kerk nie, maar 'n gereglementeerde ruimte waarbinne teologiese soortgenootlikheid in die Hervormde Kerk kerkordelik tot uitdrukking gebring kan word*.

Elke woord in hierdie definisie is versigtig geweeg en indien nougeset by hierdie definisie gehou word, kan daar geen verwarring oor die doel, funksie en aansprake van 'n modaliteit binne die Hervormde Kerk wees nie. Onderstaande punte koppel met die inhoud van hierdie werkdefinisie terug.

1.2 'n Modaliteit affekteer of kompromitteer op geen wyse die Hervormde Kerk se administratiewe funksionering, strukturele inkleding, finansiële vermoë of dissiplinêre funksies nie.

1.3 'n Modaliteit se ontstaan, bestaan en funksies word deur 'n reglement gereguleer wat by ontstaan van die modaliteit opgestel en aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê word vir kommentaar, advies en toestemming om met modaliteitswerksaamhede voort te gaan. Die reglement word daarna elke drie jaar, voorafgaande tot die Algemene Kerkvergadering van daardie jaar, aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê vir kennisname rakende wysigings aan die oorspronklike reglement.

1.4 'n Modaliteit dwing nie teologiese assosiasie af nie, maar bemoontlik teologiese disassosiasie sonder konfrontasie.

1.5 'n Modaliteit het die pertinente oogmerk om eenheid in eiesoortigheid in die Hervormde Kerk te bevorder, juis met inbegrip van teologiese soortgenootlikheid en gemeentelike partikulariteit. 'n Mo-

daliteit beywer sigself dus eerstens en primêr vir die eenheid en opbou van die Hervormde Kerk.

1.6 Geen gemeente word gedwing om te modaliseer nie. Daar kan dus gemeentes sonder modaliteitsverbintenis in die Hervormde Kerk wees.

1.7 'n Gemeente kan deur die dagbestuur van 'n modaliteit genooi word om aansluiting te vind by 'n modaliteit en die uitnodiging per besluit van die gemeentevergadering aanneem. 'n Gemeente kan andersins per besluit van die gemeentevergadering aansoek by die skriba van 'n modaliteit doen om in die modaliteit opgeneem te word.

1.8 'n Gemeente kan nie op enige gegewe stadium aan meer as een modaliteit verbonde wees nie.

1.9 'n Gemeente kan 'n bestaande verbintenis met 'n modaliteit verbreek deur skriftelike kennisgewing aan die skriba van die modaliteit.

1.10 Daar bestaan geen voorskrif rondom die minimum of maksimum modaliteite in die Hervormde Kerk nie.

1.11 Daar bestaan geen voorskrif rondom die minimum of maksimum gemeentes binne 'n modaliteit nie.

1.12 'n Ring is die institusionele ruimte waarbinne 'n gemeente verkeer en 'n modaliteit is die teologiese ruimte waaraan die gemeente oriënteer. 'n Modaliteitsgemeente inhibeer daarom nie die verrigtinge van die ring waarbinne sy val nie. Daar mag dus geen modaliteite, of een, twee of meer modaliteite binne 'n bepaalde ring bestaan, sonder dat die ring se werksaamhede daardeur gekortwiek word. Die ring neem die werklikheid van verskillende modaliteite binne daardie ring in ag, sonder om vyandskap in die hand te werk. In die Hervormde Kerk tref ons sodoende gemeentes, ringe en modaliteite aan: Die ring verskaf die institusioneel-konkrete ruimte waarbinne 'n gemeente werk en 'n modaliteit verskaf die teologies-abstrakte ruimte waarbinne 'n gemeente werk. Waar gemeentes binne 'n bepaalde ring geografies nou saamgetrek is, is gemeentes binne 'n bepaalde modaliteit teologies nou saamgetrek.

1.13 Bestuur van 'n modaliteit: Die dagbestuur van 'n modaliteit bestaan uit 'n voorsitter, skriba en twee adviserende lede, waarvan minstens een 'n ouderling is. Die voorsitter en skriba is predikante van die Hervormde Kerk binne daardie modaliteit. Emeriti

kan op die dagbestuur dien. Die dagbestuur van 'n modaliteit word elke drie jaar herkies by die eerste Algemene Ledevergadering direk na die Algemene Kerkvergadering van daardie jaar, sonder 'n gedwonge rotasiebeginsel. Die voorsitter is in besonder verantwoordelik vir leidinggewing en die uitdra en bestendiging van die modaliteit se beeld binne en buite die Hervormde Kerk. Die skriba is in besonder verantwoordelik vir alle administrasie, korrespondensie en enige ander vloeiwerk wat die modaliteit se werkverrigting optimaliseer. Die twee adviserende lede is in besonder verantwoordelik om die voorsitter en skriba met goeie raad en advies in alle sake wat die modaliteit se funksionering raak, by te staan.

1.14 Ledeskap van 'n modaliteit: Slegs 'n bestaande gemeente van die Hervormde Kerk kan per besluit van die gemeentevergadering lid van 'n modaliteit word; of, met inbegrip van die kerkordelike voorskrifte wat daaromtrent sal moet bestaan in terme van reglementering, 'n modaliteit stig. Dit staan sodanige gemeente vry om die modaliteitsverbintenis daarvan in die naam daarvan op te neem, byvoorbeeld *Nederduitsch Hervormde Gemeente Helderwater, Bybels-reformatoriese Modaliteit*. 'n Individuele ampsdraer of 'n individuele lidmaat van die Hervormde Kerk kwalifiseer nie vir lidmaatskap van 'n modaliteit nie. 'n Individuele ampsdraer of lidmaat van die Hervormde Kerk in 'n bepaalde gemeente wat modaliteitsassosiasie opsoek anders as dié van die huidige gemeente, kan ordelik met inbegrip van die kerkordelike voorskrifte wat reeds daaromtrent bestaan, aansoek doen om lidmaatskap van 'n gemeente binne die individuele ampsdraer of lidmaat se modaliteit van voorkeur.

1.15 Koste van 'n modaliteit: Daar is geen formele koste verbonde aan lidmaatskap van 'n modaliteit nie en 'n modaliteit se bestaan hou geen koste-implikasie vir die Hervormde Kerk in nie. Enige koste wat met die administratiewe funksionering van 'n modaliteit gepaardgaan, word deur die gemeentes binne daardie modaliteit op 'n vrywillige basis gedra.

1.16 Byeenkomste van 'n modaliteit: 'n Modaliteit, by grasie van die gemeentes daarin, kom minstens jaarliks byeen, waarvan minstens een geleentheid per jaar uitgesonder word as 'n Algemene Ledevergadering, wat slegs deur lede (enige ampsdraers en lidmate van gemeentes binne daardie modaliteit) bygewoon word. Enige lidmaat van die Hervormde Kerk wat nie by grasie van die eie gemeente lid van 'n betrokke modaliteit is nie, kan enige oorblywende byeenkomste van die betrokke modaliteit in die betrokke jaar met genooide spreekreg bywoon. Ampsdraers en lidmate van ander kerke op dieselfde belydenisgrondslag as die Hervorm-

de Kerk, kan met genooide spreekreg sodanige byeenkomste op uitnodiging bywoon of 'n versoek rig om 'n uitnodiging met 'n spreekbeurt te ontvang.

1.17 Verslaggewing deur 'n modaliteit: Die dagbestuur van 'n modaliteit stel aan die einde van elke jaar 'n verslag oor die afgelope jaar se werksaamhede op en stel dit beskikbaar aan lede van (dit is dus gemeentes binne) die modaliteit, sowel met 'n afskrif vir kennisname aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

1.18 Ontbinding van 'n modaliteit: 'n Algemene Ledevergadering kan 'n modaliteit ontbind na vooraf kennisgewing aan alle lede (dit is dus die gemeentes binne die betrokke modaliteit) en met 'n tweederde meerderheid van aanwesige lede op die Algemene Ledevergadering, in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. By ontbinding besluit die Algemene Ledevergadering met 'n tweederde meerderheid oor die aanwending van enige beskikbare fondse binne die Hervormde Kerk, in oorleg met en na goedkeuring deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Die voorstellers vra dus die 70ste Algemene Kerkvergadering om toestemming te verleen dat studie oor hierdie aangeleentheid onderneem word, sodat 'n ingeligte en verantwoordelike besluit daaromtrent geneem kan word by die 71ste Algemene Kerkvergadering, *Deo Volente*. Ons dank die vergadering vir u tyd.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

## 4.2 LIDMATE EN KERK

4.2.1 LIDMATE

### 4.2.1.1 Verslag van die bediening in Wenen[1]: Prof JA Loader

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Lidmate***

[1] Met 'n *n* aan die einde van die naam, ten spyte van taalindoenas wat onder die wanindruk verkeer dat dit op 'n verwarring met die Natalse Weenen baseer. Indien latere navorsers ooit ons dokumentasie in die argiewe raaklees, kan hulle in 'n voetnota vermeld dat daar goeie diachronies-ortografiese gronde hiervoor bestaan. Dit is vanuit ons gemeente gedokumenteer, beredeneer en begrond, maar word nie hier aangehaal nie omdat nie 'n linguistiese dissertasie nie, maar 'n gemeentelike verslag aan die Algemene Kommissie voorgelê word.

(ii) ***Kerkraad***

(iii) ***Finansies***

(iv) ***Eredienste***

(v) ***Kategese***

(vi) ***Diakonale werk***

(vii) ***Besoekers***

(viii) ***Tuisblad***

(ix) ***Algemeen***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

4.2.2.2 **Bediening in Paraguay**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Agtergrond***

(ii) ***Bediening***

(iii) ***Toekomsvisie***

(iv) ***Befondsing***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

4.2.2.3 **Afrikabediening**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

(i) ***Zimbabwe***

(ii) ***Zambië***

(iii) ***Ander gebiede in Afrika***

(iv) ***Samevatting***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |

| | |
|---|---|
| | 2. Verwys 4.1.1.1. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 61: KOMITEE VIR AFRIKABEDIENING**

**BESOEK EN BEDIENING VAN LIDMATE IN AFRIKA**

**Die vergadering gee opdrag dat die moontlike besoek en bediening van lidmate in Afrika, in samewerking met die susterkerke, by die Komitee vir Buitelandse Bediening ondersoek word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

4.2.3 STUDENTEBEARBEIDING

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

4.2.3.1 **Verslag oor studentebearbeiding te Potchefstroom**

(i) ***Statistiese gegewens van die gemeente***

(ii) ***Agtergrond en funksionering van die gemeente***

(iii) ***Huidige stand van sake***

(iv) ***Finansiële situasie van die gemeente***

(v) ***Uitdagings vir die gemeente***

(vi) ***Toekomsblik en toekomsbeplanning***

(vii) ***Slotwoord***

4.2.3.2 **Verslag oor studentebearbeiding te Pretoria (Philadelphia)**

(i) ***Statistiese gegewens van die gemeente***

(ii) ***Funksionering van die gemeente***

(iii) ***Finansiële situasie van die gemeente***

(iv) ***Toekomsbeplanning***

(v) ***Is die gemeente op die kampus noodsaaklik?***

(vi) ***Die pad vorentoe ...***

4.2.3.3 **Verslag oor studentebearbeiding te Stellenbosch**

(i) ***Statistiese gegewens van die gemeente***

(ii) ***Agtergrond en funksionering van die gemeente***

(iii) ***Huidige stand van sake***

(iv) ***Finansiële situasie van die gemeente***

(v) ***Toekomsblik en toekomsbeplanning***

(vi) ***Slotwoord***

4.2.3.4 **Verslag oor studentebearbeiding te Bloemfontein**

(i) ***Statistiese gegewens van die gemeente***

(ii) ***Prediking en eredienste***

(iii) ***Spesifieke en spesiale bedieningsaktiwiteite***

(a) <u>Weeklikse funksies</u>

(b) <u>Verskeie ander funksies is deur die jare gehou</u>

(iv) ***Opsporing, besoeke en getalle***

(v) ***Finansies en fondsinsamelings***

(vi) ***Woord van dank***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die vergadering spreek hom gunstig uit oor die bearbeiding van studentelidmate van die Kerk.<br><br>2. Die finansiële versorging van standplase vir studentebearbeiding word gehandhaaf.<br><br>3. Predikante en gemeentes word versoek om studente vanuit hulle gemeentes aan te moedig om sin- |

| | |
|---|---|
| | vol by die onderskeie studentegemeentes van die Kerk in te skakel.<br><br>4. Ouderlingevergaderings bekom jaarliks inligting van alle skoolverlaters wat uit gemeentes verhuis na tersiêre instellings. Die inligting (toekomstige adres en telefoonnommer) word na die onderskeie studentegemeentes gestuur. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

4.2.4 WYSIGING VAN ORDEREËL 4

**OPMERKING VAN DIE SEKRETARIS VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING INSAKE ORDEREËL 4 WYSIGINGS MET BETREKKING TOT DIE BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG VAN DIE RINGE VAN JOHANNESBURG EN WES-KAAPLAND**

Die 70ste Algemene Kerkvergadering neem kennis van die twee direk onderstaande beskrywingspunte soos betyds ontvang na afloop van die 2012 ringsvergaderings. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het 'n *bona fide* fout begaan deur nie hierdie beskrywingspunte kragtens Ordereël 10.1 (i) minstens een jaar (12 maande) voor die Algemene Kerkvergadering vir kommentaar aan al die betrokke rade, ouderlinge- en ringsvergaderings voor te lê nie.

**BESKRYWINGSPUNT 62: RING VAN JOHANNESBURG**

**WYSIGING VAN ORDEREËL 4**

**Die huidige Ordereël 4 bepaal soos volg:**

> ***'n Gemeente is 'n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met al die ander gemeentes die Kerk*** **[Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika]** ***is, die wyse waarop die Kerk*** **[Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika]** ***op 'n bepaalde plek bestaan.***
>
> ***Die Kerk*** **[Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika]** ***is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en***

> ***tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.***
>
> **Die 70ste Algemene Kerkvergadering word hiermee versoek om die laaste paragraaf in geheel uit Ordereël 4 te skrap:**
>
> ***Die Kerk is 'n volkskerk … wat geroep tot die verkondiging van die evangelie ... aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.***

***Motivering:***

1. Ordereël 4 gaan oor lidmaatskap van die Kerk [Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika]. Die betrokke paragraaf verwoord nog iets van wat Artikel III van die ou Kerkwet bedoel het en waarvan die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nou verskeie male afskeid geneem het. Die twee voorafgaande Algemene Kerkvergaderings, die 68ste en 69ste, het reeds op grond van Skriftuurlike en teologiese redes met 'n meerderheid van stemme gekies om afstand te doen van die beskrywing van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as 'n volkskerk. Die vereiste tweederde meerderheid is egter nie behaal nie en daarom kon dit nie 'n besluit van die vergadering word nie. In die lig van die duidelik besluite van die Buitengewone Algemene Kerkvergadering in 2011 behoort die term *volkskerk* nie meer deel van kerklike taalgebruik te wees nie.

2. Ordereël 4 gaan nie oor die apostolaat, die verkondiging van die evangelie aan alle mense nie. Apostolaat word in Ordereël 5 hanteer. Ordereël 4 gaan oor wat gemeente en kerklidmaatskap beteken – wat nie bepaal kan word deur of beperk kan word tot *'n volk* nie. Indien hierdie paragraaf in Ordereël 4 gehandhaaf word, weerspreek dit Ordereël 5. Laasgenoemde sluit *almal* in, wat Bybels en teologies korrek is, terwyl in Ordereël 4 dit eers 'n spesifieke *volk* uitsonder en dan almal insluit. Dit is 'n teenspraak om uit te sluit en in te sluit tegelyk.

**Historiese agtergrond**

*Volkskerk* is 'n onbybelse manier om oor die kerk te praat. Die *volk Israel* in die Ou Testament word nie meer so in die Nuwe Testament gebruik nie, want in Christus is daar nie meer Jood of Griek nie.

Profete in die Ou Testament, en Jesus en Paulus in die Nuwe Testament, waarsku dat gelowiges God en wat aan God behoort nie kan ge-

lykstel aan aardse, materiële, natuurlike, mense dinge nie. Die kerk, wat uit mense bestaan wat aan God behoort, kan nie met 'n aardse saak soos 'n volk of 'n nasie gelykgestel word nie – veral nie as dit beteken dat ander mense wat aan God behoort, uitgesluit word nie.

In die geskiedenis was die begrip *volkskerk* nie so 'n probleem nie omdat 'n volk toe hoofsaaklik bestaan het uit mense van dieselfde taal, kultuur en geloof. Ouers doop hulle kinders in die verbond met God. Die geloofsgemeenskap is die verbondsgemeenskap. Volk, verbond en kerk het saamgeval.

Later het *volk* egter nie meer net bestaan uit mense wat eners is, dink en glo nie. Volk, verbond en kerk kan nie meer saamval nie. Volkskerk is dus 'n uitgediende begrip. Kerk en Afrikanervolk kan nie gelykgestel word nie. Alle Afrikaners behoort nie aan die Hervormde Kerk nie. Die Hervormde Kerk is dus nie die volkskerk van die Afrikanervolk nie. Alle Hervormers is ook nie Afrikaners nie. Daarom kan die Hervormde Kerk nie as 'n Afrikanervolkskerk bekend staan nie.

Toe 'n volk nog hoofsaaklik bestaan het uit mense van dieselfde taal en kultuur, kon 'n volkskerk sending doen deur ander volke te kersten. Deesdae bestaan alle gemeenskappe in 'n mindere of 'n meerdere mate uit mense van verskillende tale en kulture. Hervormde geloofsgemeenskappe het byvoorbeeld nog altyd ook Engelse, Duitse, Nederlandse, Portugese en ander lidmate ingesluit. Omdat volke nie meer volke in die ou sin van die woord is nie, werk 'n sendingbeleid wat gerig is op die stigting van inheemse volkskerke ook nie meer nie.

Die doel van kerkwees is om die evangelie uit te dra, nie om 'n taal of kultuur te bevorder nie. Taal en kultuur is deel van menswees, van hoe mense leef en hulle geloof beoefen. Daarom is 'n kerk nie 'n volkskerk nie, maar die *kerk van Christus* wat deur middel van watter taal of kultuur ook al, die evangelie aan *almal* sal bly verkondig.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. Die nuutverkose Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry opdrag om bogenoemde beskrywingspunt onverwyld na afloop van die 70ste Algemene Kerkvergadering in die Kerk te sirkuleer met die oog op kommentaar en besluitneming tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering of buitengewone Algemene Kerkvergadering.<br><br>2. Word so spoedig moontlik met die |

| | |
|---|---|
| | oog op kommentaar en besluitneming aan die Kerk gesirkuleer. |

**BESKRYWINGSPUNT 63: RING VAN WES-KAAPLAND**

**WYSIGING VAN ORDEREËL 4**

**Die 70ste Algemene Kerkvergadering word hiermee versoek om die laaste paragraaf:**

> ***Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense***

**in geheel uit Ordereël 4 te verwyder.**

***Motivering:***

* Die formulering van hierdie paragraaf in Ordereël 4 is nie alleen strydig met Ordereël 5.7.1 nie, maar ook met die aanhef tot Ordereël 5. Ordereël 5.7.1 bepaal:

> *In verwagting van die koninkryk van God, en met die volmag van Jesus Christus wat die Hoof van die kerk en die Heer van die wêreld is, wil die Kerk in gehoorsaamheid aan die opdrag van die Heer, deur die oortuigingswerk van die Heilige Gees, dissipels maak van alle mense.*

Die aanhef tot Ordereël 5 formuleer soos volg:

> *Die Kerk is geroep om die blye boodskap van verlossing deur die Drie-enige God, in die wêreld aan alle mense te verkondig.*

* Ordereël 4 bepaal primêr die verhouding tussen gemeentes en die Kerk en handel nie oor verkondiging nie. Die verkondiging van die Kerk (wat in hierdie paragraaf verwoord word) kom in Ordereël 5 tereg. Die paragraaf wat hier ter sprake is hoort daarom om strukturele redes nie in Ordereël 4 nie en behoort uit die Kerkorde gehaal te word.

* Die bepaalde paragraaf van Ordereël 4 is ook in spanning met die aanhef van die Kerkorde wat die roeping van die Kerk bepaal:

*Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig*.

* Die Kerk as volk van God kan die verkondiging nie kerkordelik wil inperk deur haar verkondiging aan die hand van 'n kerkordelike bepaling uitsluitlik of hoofsaaklik op 'n bepaalde volk of groep te rig nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | 1. Die nuutverkose Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry opdrag om bogenoemde beskrywingspunt onverwyld na afloop van die 70ste Algemene Kerkvergadering in die Kerk te sirkuleer met die oog op kommentaar en besluitneming tydens die 71ste Algemene Kerkvergadering of buitengewone Algemene Kerkvergadering.<br><br>2. Word so spoedig moontlik met die oog op kommentaar en besluitneming aan die Kerk gesirkuleer. |

## 5. VERBAND MET ANDER KERKE (HOOFSTUK 6)

### 5.1 EKUMENE

5.1.1 VERSLAG VAN DIE RAAD VIR EKUMENE

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

5.1.1.1 **Samestelling van die Raad vir Ekumene**

5.1.1.2 **Opdragte van die Algemene Kerkvergadering**

(i) ***World Communion of Reformed Churches***

(ii) ***Tussenkerklike Raad***

**BESKRYWINGSPUNT 64: RAAD VIR EKUMENE**

**BEËINDIGING VAN BETROKKENHEID BY DIE TUSSENKERKLIKE RAAD; VERDERE BILATERALE OOREENKOMSTE**

| | |
|---|---|
| * | **Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika beëindig sy betrokkenheid by die Tussenkerklike Raad.** |
| * | **Die Kommissie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kry opdrag om die moontlikheid van verdere bilaterale ooreenkomste te ondersoek en waar moontlik sulke ooreenkomste te sluit.** |

***Motivering:***

Dit blyk dat die Tussenkerklike Raad nie meer 'n effektiewe liggaam is om gesprek tussen kerke te bevorder of konkrete resultate te lewer nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kan ekumeniese bande met ander reformatoriese kerke in Suid-Afrika deur middel van die Konvent van Reformatoriese Kerke en bilaterale ooreenkomste voortsit.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt verval in die lig van 5.2.3. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

(iii) ***Buitelandse bediening***

(iv) ***Buitelandse kerke***

5.1.1.3 **Conventus reformatus**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Met dank kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 65: RING VAN MAQUASSI (GEMEENTE MAKWASSIE)**

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**Die Afrikaanse Protestantse Kerk moet as susterkerk aanvaar word.**

***Motivering:***

Die saak is reeds tydens die 50ste ringsvergadering goedgekeur. Die saak is nie tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering hanteer in die lig van Besluit 54 nie.

Die ouderlinge van gemeente Makwassie versoek dat daar uitsluitsel

gegee moet word oor hoe lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk hanteer moet word aangesien hulle nie 'n susterkerk van die Hervormde Kerk is nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

5.2 **VERSLAG VAN DIE TUSSENKERKLIKE RAAD: OKTOBER 2010 TOT APRIL 2013**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

5.2.1 HERVERTALING VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

5.2.2 NAVRAAG OOR DIE DOOP

5.2.3 VOORTSETTING VAN DIE TUSSENKERKLIKE RAAD

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende voorstel, voorgestel deur ds L Geel en gesekondeer deur dr DJC van Wyk (jr), word aanvaar:<br><br>Die vergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die voortsetting van die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad te bevestig aan die hand van die memorandum opgestel deur die Interimkomitee van die Tussenkerklike Raad op 29 Julie 2013 wat soos volg lees:<br><br>* Die besondere verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat vanaf 1958 in die Tussenkerklike Komitee en sedert 2004 in die Tussenkerklike Raad tot uitdrukking gekom het, het uit 'n gemeenskaplike reformatoriese herkoms, 'n gesamentlike sosio- |

| | |
|---|---|
| | historiese kontekstualiteit en 'n gemeenskaplike taal gegroei. Ondanks die verskeidenheid in kerkformasie en kerklike etos, asook graadverskille in die belewenis van die gemeenskaplike belydenis, het die kerkgenootskappe deur die jare op grond van 'n gemeenskaplike groeibodem 'n verhouding van geloofseenheid in Christus gehandhaaf.<br><br>* Oortuig daarvan dat ons in Christus een is, is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verbind tot kerkregtelikverantwoorde samewerking tussen die drie kerke op bilaterale en/of trilaterale vlak.<br><br>2. Die besluit wat geneem is oor eietydse uitleg met betrekking tot die belydenisskrifte word aan die sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oorgedra. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

6. **HUWELIK, GESIN EN OPVOEDING (HOOFSTUK 7)**

6.1 **VERSLAG VAN DIE KOMITEE (ONDER LEIDING VAN DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING) VIR HUWELIKS- EN ANDER SINVOLLE VERHOUDINGSMOONTLIKHEDE**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

6.1.1 ALGEMEEN

6.1.2 REEDS VOLTOOIDE STUDIEWERK

6.1.3 OPDRAG DEUR DIE KOMITEE

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

6.2 **VERSLAG VAN RAAD VIR GESINSBEDIENING**

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

6.2.1 SAMESTELLING VAN DIE RAAD VIR GESINSBEDIENING

6.2.2 FUNKSIONERING VAN DIE RAAD

6.2.2.1 **Herskryf van die kategesehandleidings**

(i) ***Verslag oor die vordering met die nuwe kategesemateriaal***

(ii) ***Die nuwe reeks gaan soos volg daar uitsien***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

6.2.2.2 **Werkspan vir Jeugbediening: Verslag van werksaamhede vir die tydperk Oktober 2010 tot Februarie 2013**

(i) ***Funksionering***

(a) Samestelling van die werkspan

(b) Opdragte van die 69ste Algemene Kerkvergadering

(c) Doelwitte van die werkspan vir die termyn 2010 tot 2013

(ii) ***Werksaamhede***

(a) GGG (Gelowige Gesinne Gesprek)

(aa) *Die strategie om GGG in gemeentes van die Kerk te implementeer*

(b) Ondersoek na die moontlikhede vir die implementering van 'n GAP-jaar vir die Nederduitsch Hervormde Kerk

(aa) *Agtergrond by hierdie verslag*

(bb) *Inligting oor bestaande GAP-jaar programme*

(cc) *Ontleding van die doelwitte en inhoude van programme*

(dd) *'n Konsepstrategie vir moontlikhede van 'n eie program vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*

* Hoofsetel en ander setels vir die projek
* Taalmedium
* Deelnemersprofiel
* Aantal deelnemers
* Jaarindeling
* Huisvesting
* Etes
* Vervoer
* Bestuur en personeel
* Doelwitte
* Inhoud
* Kosteberaming

(ee) *Aanbevelings aan die Algemene Kerkvergadering met die oog op besluitneming*

(ff) *Vir bespreking en besluit*

(iii) ***Ter afsluiting***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende voorstel, gestel deur ds MJ Janse van Rensburg en gesekondeer deur ds LJ de Leeuw, word aanvaar:<br><br>Betrek die jongmense (10 jaar tot 19 jaar) by 'n gesprek oor kerkwees. Hoe dink ons jongmense oor God? Hoe verstaan ons jongmense die Kerk en geloof?<br><br>Soos wat ons 70ste Algemene Kerkvergadering begin het met 'n gespreksessie, moet daar 'n gespreksessie kan dien as stimulus om 'n geestelike ruimte te skep vir kerkwees. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

6.3 **BESKRYWINGSPUNTE**

**BESKRYWINGSPUNT 66: RING VAN GERMISTON (GEMEENTE BRACKENHURST)**

**SEKSUALITEIT/HOMOSEKSUALITEIT**

**Die Algemene Kerkvergadering besluit om geen onderskeid in seksuele oriëntasie te maak in besluite wat lidmate of ampsdraers raak nie.**

***Motivering:***

1. **Aanloop**

Die 68ste en 69ste Algemene Kerkvergaderings het besluit dat 'n homoseksuele teologiese student as predikant gelegitimeer kan word op voorwaarde dat hulle nie seks beoefen nie. Dit is met die RKK teologiese begrip *selibaat* beskryf. Die begrip is so geïnterpreteer dat dit nie net die onthouding van seks veronderstel nie, maar ook vriendskap uitsluit wat kan uitloop op 'n verhouding as 'n emosionele binding met langtermyn duur en wat die beoefening van seks kan insluit.

***Hierdie besluit impliseer onbillike diskriminasie. Dit vra van die Kerk om regstelling op grond van Bybels-teologiese oorwegings. Dit het ook implikasies vir gelyke indiensneming wanneer dit om die voorreg om legitimasie as predikant en die bevestiging van ampsdraer handel.***

2. **Bybels-teologiese riglyne**

Die riglyne neem die volgende hedendaagse teologiese en multiwetenskaplike insigte, asook die geskiedenis, in ag:

* ***Teologiese insigte***

Vanaf antieke samelewings tot by Martin Luther is neergesien op kinderlose mense omdat hulle nie die skeppingsopdrag om te vermeerder nakom nie. Sedert die kerkhervorming het die klem van die doel van menswees verskuif na om God se genade in geloof te ontvang en uit te leef. Seks het nie meer *net* voortplanting ten doel gehad nie. Die mens is gesien as 'n seksuele wese. Gelowiges behoort hulle seksualiteit verantwoordelik uit te leef.

* ***Sosio-genetiese insigte***

Mense word met 'n spesifieke seksuele oriëntasie gebore. Sommige mense se oriëntasie word later bepalend beïnvloed deur eksterne faktore. Daarna is dit onomkeerbaar.

Pogings om dit te forseer of om te keer is skadelik vir mense. Verskeie professionele en juridiese maatreëls is reeds geneem om dit reg te stel. Van die Kerk kan verwag word om dit ook te doen, soveel te meer omdat dit die korrekte Bybels-teologiese besluit sal wees wat nie net op humanitêre gronde gebaseer is nie, maar op die evangelie self.

* ***In die geskiedenis van die kerk***

In die geskiedenis is mense op grond van hulle geslagtelikheid (byvoorbeeld vrouwees of seksuele oriëntasie) voorregte ontneem in die kerk en samelewing. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het die diskriminasie teenoor vroue opgehef. Dit is ook nodig dat ons die diskriminasie teen seksuele minderhede ophef.

* ***Grondwetlik***

Die Suid-Afrikaanse Grondwet beskerm mense teen diskriminasie op grond van geslagtelikheid en seksuele oriëntasie. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die Wet op Gelyke Indiensneming.

3. **Die Kerk behoort daarom die volgende riglyne te aanvaar**:

3.1 Die Kuratorium tref geen onderskeid in die pastorale begeleiding van teologiese studente ten opsigte van akademiese sake sowel as personaliteite nie. Dit sluit 'n student se seksualiteit en seksuele gedrag in. Die Kerk behoort soortgelyk geen onderskeid te tref wat die legitimasie van teologiese studente en die bevestiging van ampsdraers betref nie.

* So 'n besluit bevestig dat dit vir die Kerk belangrik is dat dieselfde verantwoordelike optrede wat van predikante verwag word, ook van teologiese studente verwag kan word. 'n Gelowige is 'n herskape sondaarmens wat in die alledaagse lewe waardig volgens die evangelie van Jesus Christus lewe. Wat seksualiteit betref, beteken dit dat ander mense nie skade aangedoen word nie en dat promiskuïteit onaanvaarbaar is. In die geval van wanpraktyke, word onder die opsig gehandel in die lig van die evangelie, die Kerkorde en besluite van die Algemene Kerkvergadering.

* Wanneer dit gaan oor mense se liggaamlikheid, verg begeleiding, pastorale sensitiwiteit en respek vir privaatheid. Sensitiewe sake, veral waar buitemense betrokke is, behoort altyd *in camera* hanteer te word.

3.2 Omdat die Kerk nie teen seksuele minderhede diskrimineer nie, geld die volgende wat homoseksualiteit betref:

* Alleen deur geloof en genade kry mense deel aan die kerk as geloofsgemeenskap. Die doop is die teken hiervan. Niks van die mens kan verhinder dat God genade en liefde skenk nie – ook nie die mens se seksuele oriëntasie nie.

* In die Protestantse tradisie is die huwelik nie 'n sakrament nie. Die huwelik behoort die liefde en versoening van God in en deur Jesus Christus te weerspieël. Die Kerk is daarom betrokke by die inseëning van die huwelik. Alle verhoudings waarin en waarby gelowiges betrokke is, behoort eweneens die liefde en versoening van God in en deur Jesus Christus te weerspieël. Lidmate, insluitend dié wat wetlike verbintenisse aangegaan het, se verhoudings behoort deur die Kerk gerespekteer te word. Dieselfde evangeliese verwagtings wat geld vir getroude lidmate, geld ook vir mense in ander verbintenisse. Homoseksualiteit is nie 'n bedreiging vir die huwelik van heteroseksuele mense nie.

* In die stukke van vorige Algemene Kerkvergaderings is beklemtoon dat seks in die Bybel teen die agtergrond van die heersende patriargale kultuur verstaan moet word. Die 67ste Algemene Kerkvergadering in 2004 se interpretasie van die tersaaklike Bybeltekste word kortliks hier weergegee:

  **Levitikus 18 tot 20** wat gaan oor mans wat met mans seksueel verkeer, is deel van 'n reeks optredes wat in daardie kultuur as verkeerd beskou is, soos byvoorbeeld:

  ** om gemeenskap met 'n vrou te hê tydens menstruasie
  ** om klere van twee verskillende stowwe te dra
  ** om verskillende soorte saad in een land te plant
  ** om vleis van *onrein diere* (byvoorbeeld vark- en volstruisvleis) te eet
  ** kinders wat ouers minag en seksuele oortreders kon met die dood gestraf word.

  Hierdie tekste word in ons tyd dikwels selektief gebruik. Tekste wat na dieselfde geslag seksuele dade verwys, word gehandhaaf, terwyl ander *oortredings* in die reeks geïgnoreer word. Calvyn het hierdie kulturele randsake *seremonies* genoem. Volgens hom is seremonies ondergeskik aan die kern van die evangelie van Jesus Christus, naamlik die liefdesgebod.

**Genesis 19, Rigters 19 en 2 Samuel 13** is verdere voorbeelde van kultuursake wat nie meer vandag van toepassing is nie. Dit verwys na sake soos *seksuele gasvryheid* (die vrou of dogters word vir besoekers vir seks beskikbaar gestel), *bendeverkragting* en die vernedering van vreemdelinge. Die saak waaroor dit gaan is promiskuïteit tussen mense van dieselfde geslag en mense van verskillende geslagte. Vandag is promiskuïteit steeds onaanvaarbaar, hoewel kultuurgebruike nie meer dieselfde is nie.

**1 Korintiërs 6: 9 tot 11, Romeine 1: 26 en 27, en Timoteus 1: 9 en 10** kom uit die Semities-Grieks-Romeinse kultuur toe die Nuwe Testament ontstaan het. In dié kultuur moes mans dapper en vroue sag wees. Jonger seuns is ook gesien as sag en kon in die plek van vroue gebruik word. Soldate het na 'n oorwinning die verslane vyand verkrag (mans en vroue), en mans het seuns ontvoer vir seksuele misbruik. Vroueprostitusie en seksuele godsdienstige rituele in heidense tempels het ook voorgekom. Hierdie wanpraktyke is gekritiseer deur sowel Bybelse as nie-Christen skrywers. Neerhalende opmerkings oor hermafrodiete (mense wat fisiologies tweeslagtig is) kom ook by Bybelse en nie-Christen skrywers voor. Die kritiek kom dus nie in die eerste plek vanuit die Christelike geloof nie, maar uit die hele samelewing van die tyd.

### 3.3 Slotopmerking

Wat seksualiteit betref, gaan dit in die Bybel nie oor dieselfde geslag seks as sodanig nie, maar oor die skade wat aan mense aangerig word. Vir Christene gaan sulke skade in teen die evangelie. Daarom, wanneer seksualiteit ter sprake kom, diskrimineer die Kerk nie ten opsigte van seksuele oriëntasie nie. Die hoofsaak van die Protestantse geloof is die genade van God wat aan *alle* mense geskenk word. Gelowiges leef in dankbaarheid teenoor God vir dié genade en het daarom sonder onderskeid die medemens lief.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende voorstel, gestel deur ds AJ Hattingh en gesekondeer deur ds WA Botha, word aanvaar:<br><br>Die vergadering stem nie oor die saak nie, maar dat die saak verder bestudeer word. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

## 7. KERKLIKE GOEDERE (HOOFSTUK 9)

---

***ORDEREËL 9***

---

***Deur die goedheid van God ontvang die Kerk stoflike middele om sy roeping uit te voer.***

***Die Kerk moet op verantwoordelike wyse toesig en beheer oor sy stoflike middele uitoefen.***

---

*9.1 Toesig oor die stoflike belange van gemeentes en die Kerk behels die ordelike beheer van besittings en die nakoming van bepalings, voorskrifte en besluite oor besittings en verpligtings.*

*9.2 Toesig berus by die*

(i) *gemeentevergadering*
(ii) *diakensvergadering*
(iii) *ouderlingevergadering*
(iv) *kerkraadsvergadering*
(v) *ringsvergadering*
(vi) *ringsdiakensvergadering*
(vii) *Algemene Kerkvergadering*
(viii) *Algemene Diakensvergadering*
(ix) *Raad van Finansies*
(x) *Pensioenraad.*

---

Oor dié saak is uitvoerig onder die volgende hoofde gerapporteer:

### 7.1 RAAD VAN FINANSIES

SAMESTELLING

### 7.2 FINANSIËLE OORSIG

INLEIDING

### 7.3 GEMEENTELIKE AANGELEENTHEDE

7.3.1 INKOMSTE

7.3.2 UITGAWES

7.3.3 DIE RESULTAAT (INKOMSTE MINUS UITGAWES)

7.3.4 LIDMAATGETAL

7.3.5 DIE STAND VAN BEDRYFSKAPITAAL IN GEMEENTES

7.3.6 GEMEENTELIKE KREDITEURE

7.4 **SINODALE WERKSAAMHEDE**

7.4.1 WATTER AKTIWITEITE WORD SINODAAL (GESENTRALISEERD) UITGEVOER?

7.4.2 TAAKSPAN

7.4.3 WELSTANDSPROGRAM EN WELSTAND VAN GEMEENTES EN PREDIKANTE

7.4.4 SINODALE DEBITEURE: BEDRAE AAN DIE RAAD VAN FINANSIES ONTVANGBAAR

7.4.5 KERKGELD VIR KERKWERK: 'N KOLLEKTIEWE BELEGGINGSTEL-SEL

7.4.6 FINANSIËLE JAARSTATE: 28 FEBRUARIE 2013

7.4.7 'N SINODALE BEGROTING VIR 2103/2014

7.4.7.1 **Handhaaf alle sake soos dit is**

7.4.7.2 **Kyk vanuit 'n aktiwiteitsoogpunt na gesentraliseerde aktiwiteite**

7.4.7.3 **Potensiaal om die sinodale struktuur by veranderende tye aan te pas**

7.5 **PREDIKANTE AANGELEENTHEDE**

7.5.1 VERSORGING VAN PREDIKANTE

7.5.2 PREDIKANTE PENSIOENFONDS (DIE FONDS)

7.5.2.1 **Die versorgingsvoordeel en werkgewersbydrae**

7.6 **BESKRYWINGSPUNTE**

**BESKRYWINGSPUNT 67: RAAD VAN FINANSIES**

**PREDIKANTE PENSIOENFONDS: 'N PROAKTIEWE ONDERSOEK NA WERKGEWERBYDRAES**

1. **Vastevoordeel-basis vir nuwe toetredes word gesluit, effektief 30 November 2013.**

2. **Nuwe lede tree toe op die vastebydrae-basis, effektief 1 Desember 2013.**

3. **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kry die mandaat om tussentydse besluite te mag neem, indien daar veranderinge aan die Fonds aangebring moet word, na oorleg deur die Raad van Trustees.**

4. **Samevoeging van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Predikante Aftreefonds en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Personeel Pensioenfonds (elk met eie reëls, risikovoordele en bates) sodra die Predikantefonds 115% befonds is, ten einde die koste van beide Fondse te verminder.**

***Motivering:***

* Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Predikante Aftreefonds is een van die min oorblywende vastevoordeel fondse waarvan ons bewus is. Terwyl vastevoordeel fondse vir die lede groot sekerheid bied en toekomstige pensioene in 'n sekere sin gewaarborg word, hou dit vir die werkgewer (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) sekere huidige en toekomstige verantwoordelikhede in.

* Hiervan is daar twee wat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika veral van belang is. Eerstens is die werkgewer altyd verantwoordelik vir enige tekorte wat in die Fonds mag ontstaan. Tweedens word die premies bepaal aan die hand van 'n versorgingsvoordeel wat jaarliks bepaal word, en word dit proporsioneel deur die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika befonds. Aangesien die lidmaatgetalle van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika die afgelope 20 jaar 'n afwaartse neiging het en predikantegetalle nie proporsioneel teen dieselfde koers gedaal het nie, beteken dit dat daar 'n groeiende verhouding van predikante teenoor lidmate ontwikkel. Minder lidmate per predikant sal dus in die toekoms verantwoordelik wees vir die werkgewersbydrae tot die aftreefonds.

*	Tans word die bydraes per lidmaat bereken en as 'n bedrag per lidmaat van gemeentes verhaal. Hierdie bedrag per lidmaat styg baie vinniger as die inflasiekoers en selfs vinniger as die persentasie waarmee die versorgingsvoordeel aangepas word.

*	Deur proaktief oor die toekomstige impak van hierdie faktore op die Fonds na te dink, kan daar vroegtydig aan verstellings aandag gegee word om die uitdagings van môre die hoof te bied.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 68: RING VAN GERMISTON**

**BEREKENING VAN HEFFINGS**

**Die Algemene Kerkvergadering besluit dat heffings voortaan nie meer volgens lidmaatgetal bereken sal word nie, maar volgens gemeentes se inkomste. Die berekening van heffings word gedoen nadat die versorgingsvoordeel ten opsigte van die predikant (volgens die goedgekeurde traktementskale), en ander toegelate aftrekkings, soos deur die Raad van Finansies bepaal, ten opsigte van die standplaas afgetrek is. Heffings word dan bereken teen 20% van die oorblywende bedrag tot en met 'n bedrag van R1 000 000.00 van die bruto inkomste plus 10% van die gedeelte van die bruto inkomste wat meer as R1 000 000.00 is, na alle toegelate aftrekkings. Die vorige jaar se geouditeerde state word gebruik as basis vir berekening.**

**BEREKENING**

**Voorbeeld 1**

| | |
|---|---|
| **Standplaas** | **Voltyds, deeltyds en deelsorg** |
| **Bruto inkomste (voorbeeld)** | **R 950 000.00** |
| **Minus versorgingsvoordeel** | **R 338 324.00 (R325 312 + 4%)** |
| **Minus reistoelae (maksimum)** | **R 100 000.00** |
| **Minus mediese fonds (maksimum)** | **R 6 000.00** |
| **Minus geboue (maksimum)** | **R 20 000.00** |
| **Minus administrasie (maksimum)** | **R 20 000.00** |
| **Minus personeel (maksimum)** | **R 30 000.00** |
| **TOTAAL** | **R 435 676.00** |
| | |
| **HEFFING: R435,676.00 x 20%** | **R 87 135.20** |

**Voorbeeld 2**

| | |
|---|---|
| **Standplaas** | **Voltyds, deeltyds en deelsorg** |
| **Bruto inkomste (voorbeeld)** | **R 1 750 000.00** |
| **Minus versorgingsvoordeel** | **R 338 324.00 (R325 312 + 4%)** |
| **Minus reistoelae (maksimum)** | **R 100 000.00** |
| **Minus mediese fonds (maksimum)** | **R 6 000.00** |
| **Minus geboue (maksimum)** | **R 20 000.00** |
| **Minus administrasie (maksimum)** | **R 20 000.00** |
| **Minus personeel (maksimum)** | **R 30 000.00** |
| **TOTAAL** | **R 1 235 676.00** |
| | |
| **HEFFING: R1 000 000.00 x 20%** | |
| **+ 235,676.00 x 10%** | **R 223 567.60** |

**Voorbeeld 3**

| | |
|---|---|
| **Standplaas** | **Voltyds, deeltyds en deelsorg** |
| **Bruto inkomste (voorbeeld)** | **R 500 000.00** |
| **Minus versorgingsvoordeel** | **R 338 324.48 (R325 312 + 4%)** |
| **Minus reistoelae** | **R 50 000.00** |
| **Minus mediese fonds** | **R 3 000.00** |
| **Minus geboue** | **R 8 000.00** |
| **Minus administrasie** | **R 10 000.00** |
| **Minus personeel (maksimum)** | **R 24 000.00** |
| **TOTAAL** | **R 66 676.00** |
| | |
| **HEFFING: R 66 676.00 x 20%** | **R 13 335.20** |

***Motivering:***

Die Kerk se heffings word al vir baie jare volgens lidmaatgetal bereken en hoewel daar oor baie jare vir 'n ander model vir die berekening van heffings gepleit is, het die Kerk steeds hierdie uitgediende model bly handhaaf. Dit kom die Kerk nou baie duur te staan en die effek hiervan is duidelik te bespeur in baie gemeentes wat sukkel om 'n bestaan te maak en deur geweldig hoë heffings gewurg word. Bykans 180 gemeentes is weens die hoë eksterne lading reeds verplig om hulle status na deeltydse gemeentes te verander. Die argument dat vorige Algemene Kerkvergaderings op die daarstel van al die sinodale poste besluit het en dat die Kerk dus die verantwoordelikheid aanvaar het om hierdie poste in stand te hou en deur heffings daarvoor te begroot, het reeds lankal sy stukrag verloor. Baie van die sinodale poste is geskep toe daar 'n tyd van welvaart in die Kerk was en die ekonomiese omstandighede anders gelyk het. Daar moet egter met die volgende rekening gehou word:

* Die Kerk is besig om onder te gaan onder 'n uitgawebegroting wat nie meer rekening hou met die realiteit van die ekonomie en die armoede van baie gemeentes nie. Die Kerk kon nog nooit daarin slaag om die muntstuk om te keer om met 'n inkomstebegroting te werk nie. Die Kerk sal nie meer so kan voortbestaan nie. Gemeentes wat wel met 'n inkomstebegroting werk, is nie sleg daaraan toe nie, wat die motivering vir hierdie beskrywingspunt versterk.

* Die huidige heffingstelsel veronderstel dat al die lidmate oor presies dieselfde finansiële vermoëns beskik om tot die gevraagde heffing by te dra en dat al die gemeentes se finansiële vermoëns dus op dieselfde vlak lê. Die tel van koppe om 'n begroting te bepaal is iets anders as die tel van geld wat daardie begroting moet laat klop. Die neiging het nou ontstaan om lidmaatgetalle aan te pas (koppe weg te steek) om sodoende swaar heffings te probeer ontduik.

* Die gesindheid waarmee gemeentes hulle lidmate benader en oproep tot die gee van offergawes, lyk 'n bietjie anders as hoe die Raad van Finansies dit doen om die sinodale offers in te samel. Gemeentes stuur nie soos die Raad van Finansies rekeninge uit om agterstallige heffings op te eis nie. Gemeentes weerhou ook nie hulle lidmate van sekere voorregte as daar geen offergawes ontvang word nie. Tans mag 'n gemeente selfs nie eens meer iets by die boeke-afdeling aankoop as sy rekening nie betaal is nie.

* As die Raad van Finansies oor die huidige finansiële toestand in die Kerk begin paniekerig raak, moet hy ook begrip hê vir die paniek in die gemeentes wat nie meer die Kerk se uitgawebegroting kan bybring nie.

**Die beskrywingspunt het die volgende as oogmerk:**

* Die Kerk moet gedwing word om na 'n inkomstebegroting oor te skakel en dan die nodige aanpassings te doen. As net 'n sekere hoeveelheid geld in die koffers van die Raad van Finansies beland om die sinodale verpligtinge na te kom, dan kan net soveel geld as wat ingekom het aangewend word vir daardie bediening op sinodale vlak.

* Gemeentes het reeds van baie luukshede ontslae geraak om te kan oorleef. Die Raad van Finansies moet ook maar drasties die snoeiskêr op sinodale vlak inlê eerder as in die gemeentes.

*	Die Kerk moet gelei word om die nood onder sy lidmate en gemeentes te begin erken en raak te sien en nie sinodale offers as 'n verpligte heffing te aanvaar nie, maar as gemeentes se vrygewige bydrae om die Kerk te help om ook op ander terreine in die Kerk te werk.

*	Die voorgestelde stelsel hou rekening met die vermoëns van elke gemeente. Die beginsel van hierdie stelsel dien ook as onderbou vir die land se belastingstruktuur. Die gemeentes wat meer het, dra meer by, en die gemeentes wat minder het, word nie gedwing om tot niet te gaan nie, maar vind dit makliker om te kan bly voortbestaan.

**Kommentaar van die Raad van Finansies**

Die 69ste Algemene Kerkvergadering het, teen die agtergrond en konteks van die onderwerp by punt 9.2.4.3: **'n Ander perspektief: Koste om Kerk te wees**, soos volg besluit*:*

1. *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ondersoek* ***kerkwees in die toekoms****, en ontwikkel saam met die Raad van Finansies 'n bekostigingsmodel daarvoor.*

2. *Die uitkoms word aan die Kerk gekommunikeer vir kommentaar sodat dit aan die 70ste Algemene Kerkvergadering voorgehou kan word.*

3. *Daar word aanvaar dat die opdrag "dra mekaar se laste" nie optimaal gediens kan word deur dit primêr met 'n finansiële model tot stand te bring nie.*

Teen hierdie agtergrond is die Raad van Finansies van mening:

*	Die ondersoek en gesprek aangaande *kerkwees in die toekoms* het pas begin.

*	Dit sal voortydig wees om die bekostigingsmodel op hierdie punt van die ondersoek en gesprek te wysig.

*	Na talle historiese ondersoeke van alternatiewe verdelings van bydraes tot die gesentraliseerde deel van kerkwees (hetsy inkomste, uitgawe of anders gedrewe), is telkens besluit dat die huidige model die heersende kerkmodel die beste ondersteun.

*	Geen gemeente (of lidmaat) behoort *gedwing* te word om enige *vorm van bydrae* te aanvaar nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 69: RING VAN GERMISTON**

**ONDERSOEK NA ALTERNATIEWE AKTUARISSE EN KONSULTANTE VIR DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS**

**Die Predikante Pensioenfonds se Raad van Trustees ontvang opdrag om 'n volledige ondersoek te doen na ander aktuarisse en konsultante wat die huidige fonds kan bestuur en bedryf en die moontlikheid te ondersoek om 'n fondsbestuurder aan te stel wat kan optree in belang van die lede van die fonds om met markgerigte ondersoeke en markgerigte fondsbeleggings 'n groter groei te inisieer en te verseker. Die huidige fonds en sy voordele moet vir hierdie ondersoek as basis gebruik word sodat die Algemene Kerkvergadering deursigtige besluite kan neem. Hierdie ondersoek neem ook die bepalings van die huidige Wet op Pensioenfondse in ag.**

***Motivering:***

* Die huidige fonds se groei, in vergelyking met baie ander fondse wat binne dieselfde kategorie van lede en bydraes val, is nie na wense nie.

* In vergelyking met ander fondse is die bydraes tot die fonds buitengewoon hoog.

* Die lede van die huidige fonds is bekommerd omdat die 100% befondsing van die fonds nie bereik word nie.

* Die ou argument dat die aantal lede wat tot die fonds bydra baie min is en die aantal emeriti wat daaruit put baie hoog is, kan nuut onder die vergrootglas geplaas word aangesien die ring van oordeel is dat dit uitgediende argumente is.

**Kommentaar van die Raad van Finansies:**

Die aanstel van aktuarisse en konsultante vir die Predikante Pensioenfonds is die verantwoordelikheid van die Raad van Trustees van die Predikante Pensioenfonds – waar die werkgewer ook verteenwoordig is. Ingevolge 'n besluit van die Raad van Trustees geneem op 6 November 2012, word 'n markondersoek na diensverskaffers elke drie

jaar onderneem.  Die volgende markondersoek sal dus plaasvind gedurende November 2014.  Die kennisgewingtydperk aan die aanstellings verbonde, verhoed die Raad van Trustees nie om dit op 'n ander, vroeër óf later, datum te onderneem nie.

Die hoofbeampte het die saak reeds ter tafel geneem en is die ringskommissie van die Ring van Germiston uitgenooi om met die hoofbeampte of voorsitter van die Raad van Trustees in gesprek te tree.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 70:  RING VAN POTGIETERSRUS**

**GEMEENTE SUBSIDIE TOT EMERITI SE MEDIESE FONDS**

**Die huidige bydrae van R200.00 per gemeente subsidie tot emeriti se mediese fonds word vervang met 'n R1.00 per lidmaat per maand bydrae wat maandeliks op dieselfde wyse as tans van gemeentes verhaal word.**

***Motivering:***

Die Ring van Potgietersrus het volkome empatie met emeriti se omstandighede.  Die huidige R200.00 per lidmaat is vir klein gemeentes 'n groot uitgawe, terwyl dit vir groot gemeentes byna geen geld is nie. Die verandering in ons ring sal nie net 'n meer regverdige en eweredige bydrae wees nie, maar sal ook reeds 'n verhoging wees teenoor die huidige bydraes deur gemeentes.  Moontlik kan die Algemene Kerkvergadering selfs 'n verdere besluit neem om die bedrag van R1.00 per lidmaat per maand te verhoog.

**Kommentaar van die Raad van Finansies:**

Sien by die Beskrywingspunt van die Ring van Brakpan hieronder.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 71:  RING VAN BRAKPAN**

**BYSTAND AAN EMERITI**

**Bystand aan die emeriti word voortaan ingesluit by die sinodale heffing wat gehef word op die Algemene Kerkvergadering.**

***Motivering:***

Die hele Kerk dra op dié manier by tot die versorging.

**Kommentaar van die Raad van Finansies op beskrywingspunte van die Ring van Potgietersrus en die Ring van Brakpan:**

Aan die hand van **Tabel 22** wys die Raad van Finansies die Algemene Kerkvergadering daarop dat, ingevolge die huidige befondsingsmodel van (mediese fonds) hulp aan die emeriti, die huidige R200.00 per gemeente per maand ongeveer R576 000.00 per jaar oplewer:

| | ***Per jaar*** |
|---|---|
| *Uit die sinodale begroting*: 2013/2014 begroot* | *R 627 000.00* |
| ***R200 per gemeente: R48 000 per maand*** | ***R 576 000.00*** |
| *Rente op belegging* | *R 132 000.00* |
| ***Totaal*** | ***R1 335 000.00*** |

* *Sedert die 68ste Algemene Kerkvergadering*
**Tabel 22**

Hierdie tabel konsolideer die tweeledige befondsingsmodel deur dieselfde bron – eerstens deur die sinodale begroting (R627 000.00 *per capita* gevorder) en tweedens per gemeente R576 000.00 per debietorder gevorder). Sou die tabel in praktyk omgeskakel word beteken dit dat die bedrag per lidmaat, gereken teen 85 000 lidmate, ongeveer R14.15 per lidmaat per jaar oftewel R385.58 per gemeente per maand behoort te wees, met die volgende scenario's:

| | **R. Tans** | **R. Toename** | **R. Afname** |
|---|---|---|---|
| Uit Tabel 22 | 627,000 | 627,000 | 627,000 |
| | 576,000 | 576,000 | 576,000 |
| | **1,203,000** | **1,203,000** | **1,203,000** |
| | | | |
| Begrote aantal lidmate | **85,000** | **90,000** | **75,000** |
| Aantal bydraende gemeentes | 260 | 260 | 260 |
| | | | |
| | **R.** | **R.** | **R.** |
| **Bedrag per lidmaat per jaar** | **14.15** | **13.37** | **16.04** |
| Bedrag per gemeente per jaar | 4,626.92 | 4,626.92 | 4,626.92 |
| **Bedrag per gemeente per maand** | **385.58** | **385.58** | **385.58** |

**Tabel 1**

By aanvang was die subsidie sowat 39% van die totale premies van emeriti. Hierdie syfer staan nou op 25% terwyl daar gepoog was om 50% van die mediese premie in subsidie aan emeriti te betaal. Om by die doelwit van 50% uit te kom is R3 075 744.00 per jaar nodig. Trek daarvan die rente (R132k) af, is die behoefte R2 316 744.00 oftewel R193 062.00 per maand. As ons dit deur die huidige ongeveer 260 bydraende gemeentes deel, behoort die bydrae nader aan R743.00 per maand te wees.

| | R.<br>Tans | R.<br>Toename | R.<br>Afname |
|---|---|---|---|
| Behoefte : 50% van mediese premies van emeriti | 3,075,744 | 3,075,744 | 3,075,744 |
| Min rente | -132,000 | -132,000 | -132,000 |
| **Bydraes benodig** | **2,316,744** | **2,316,744** | **2,316,744** |
| | | | |
| Begrote aantal lidmate | 85,000 | 90,000 | 75,000 |
| Aantal gemeentes | 260 | 260 | 260 |
| | | | |
| | R. | R. | R. |
| **Bedrag per lidmaat per jaar** | **27.26** | **25.74** | **30.89** |
| Bedrag per gemeente per jaar | 8,910.55 | 8,910.55 | 8,910.55 |
| **Bedrag per gemeente per maand** | **742.55** | **742.55** | **742.55** |

**Tabel 2**

In wese is daar drie opsies:

* Handhaaf die tweeledige befondsingsmodel aangesien dit beide die *per capita* en die per gemeente benaderings insluit.

* Die konsolidering van befondsing in 'n *per lidmaat* bedrag. Dit impliseer insluiting by die sinodale begroting en verhaling per debietorder.

* Die konsolidering van hierdie befondsing in 'n *per gemeente* bedrag wat maandeliks per debietorder van gemeentes verhaal word.

Tabel 36 is bloot ter illustrasie en verdiskonteer nie enige verhoging in enige van die bedrae nie. Die fonds wat vir dié doel geskep is, is onder druk met 'n toenemende behoefte aan ondersteuning.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 72: RAAD VAN FINANSIES**

**REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE VIR DOELEINDES VAN BELASTINGVRYSTELLING**

**Die bestaande reglement soos opgeneem in die huidige Kerkorde, word vervang met die volgende invoeging as ordinansie in die Kerkorde:**

***9.7 INKOMSTEBELASTING***

***9.7.1 Die gemeente, en die Nederduitsch Hervormde Sustersverenigingtak van daardie gemeente, word vir belastingdoeleindes as 'n enkele entiteit geag.***

***9.7.2 Die Raad van Finansies van die Kerk en die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging Hoofbestuur word vir belastingdoeleindes as 'n enkele entiteit geag.***

***9.7.3 Elke entiteit is sedert 1 Maart 2009 verplig om in terme van artikel 30 en 30B van die Inkomstebelastingwet No 85 van 1962 vir Inkomstebelasting te registreer en aansoek om belastingvrystelling in terme van subartikel 10(1)(cN) te doen.***

***9.7.4 Elke entiteit wys drie onverbonde persone aan om die fidusiêre verantwoordelikheid van die entiteit te aanvaar. Dit geskied in terme van Ordereël 9 van die Kerkorde.***

***9.7.5 Elke entiteit is verplig om veranderings van fidusiêre persone onverwyld aan die Belastingvrystellingseenheid te verskaf.***

***9.7.6 Elke entiteit is verantwoordelik om jaarliks 'n Inkomstebelastingopgawe by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens in te dien.***

**Beide die Belastingvrystellingseenheid en die Raad vir Kerkregtelike Advies het hul instemming hiermee betuig.**

***Motivering:***

* Die bestaande reglement (opgeneem in die Kerkorde) is opgestel

met die bestaan van die groepsregistrasie vir belastingvrystelling. Sedert 2009 is die groep ontbondel en moes gemeentes afsonderlik as Openbare Weldaadsorganisasie registreer en aansoek om belastingvrystelling doen. Aangesien elke gemeente en haar Nederduitsch Hervormde Sustersverenigingtak nou as 'n afsonderlike entiteit belastingvrystelling geniet, en self in terme van die wet drie fidusiêre persone aanwys, het die bestaande reglement nie meer nut nie.

* Dit is egter steeds nodig dat die verpligting wat op gemeentes rus om vir belastingvrystelling aansoek te doen, kerkordelik gereël word. Veral omdat die Kerkorde kollektief vir die individuele aansoeke om belastingvrystelling as *Grondwet* vir nakoming deur die Belastingvrystellingseenheid aanvaar is.

* Beide die SAID se Belastingvrystellingseenheid en die Raad vir Kerkregtelike Advies het hul instemming met die wysiging betuig.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 73: RAAD VAN FINANSIES**

**HANTERING VAN WETSWYSIGINGS**

**Die verteenwoordigende liggaam van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (Kommissie van die Algemene Kerkvergadering) word bemagtig om alle wetgewing te implementeer sonder dat dit vooraf in die Kerkorde gewysig is.**

***Motivering:***

Wetgewing verander dikwels en met intervalle anders as driejaarliks. Dit is dan nodig om nakomend op te tree voordat sodanige wysigings in die Kerkorde gewysig is.

Die 69ste Algemene Kerkvergadering het die volgende besluit by punt 9.9: ***Predikante pensioenfonds*** geneem:

3. *Die vergadering besluit dat die Kerkorde, in soverre as wat dit afwyk van bestaande wetgewing, reggestel en aangepas mag word. Uitvoering hiervan word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gefinaliseer*.

Arbeids-, finansiële- en inligtingswette is aan dieselfde dinamika onderwerp.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 74: RING VAN WES-KAAPLAND**

**EFFEKTIWITEIT VAN DIE STRUKTUUR EN FUNKSIONERING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA EN OPTIMALE AANWENDING VAN FINANSIËLE BRONNE**

**Die Algemene Kerkvergadering vra 'n ondersoek aan, indien nodig deur onafhanklike bestuurskonsultante, na die effektiwiteit van die struktuur en funksionering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en na die optimale aanwending van finansiële bronne. Die ondersoek sluit al die vlakke van kerklike funksionering in en gee onder andere aandag aan die volgende:**

- **Die benutting van kerklike eiendom vir addisionele inkomste, of die vervreemding van eiendom wat 'n finansiële las vir die Kerk is of oortollig is.**

- **Afskaling of desentralisering van funksies in ooreenstemming met bekostigbaarheid.**

- **Vennootskappe met die Staat sowel as kerklike en sekulêre organisasies in die beoefening van welsyn en barmhartigheidsdiens en die bestuur van diensinrigtings.**

- **Vereenvoudiging en bespoediging van prosesse van besluitneming en uitvoering, insluitend die frekwensie, samestelling en werkmetode van die besluitnemende vergaderings van die Kerk.**

- **Die mate waarin die vorm van die Kerk die funksie dien.**

- **Rasionalisering en herstrukturering van poste en struktuur om duplisering uit te skakel en koste te verminder.**

- **Vernuwing van die gemeenskapsprofiel van die Kerk.**

- **Aanpasbaarheid in bediening.**

- **Die mate waarin lidmate hulle met die Kerk vereenselwig en eienaarskap vir die Kerk aanvaar.**

***	Nuwe kriteria vir die vasstelling van traktementskale word ondersoek en in werking gestel. Die afsnypunt vir verhoging in traktementskale op grond van jare diens is 30 jaar. Die groot diskrepansie in die traktering van jonger en ouer predikante word aangespreek. Huwelikstatus, aantal afhanklike kinders, grootte van gemeente, predikant se betrokkenheid by kerkwerk buite die gemeente en ander relevante kriteria, word in berekening gebring by die vasstelling van die predikant se traktement. Formules om bogenoemde te bereken word aan gemeentes voorsien. Dit kan ook oorweeg word om predikante sentraal te trakteer.**

***	In die ondersoek word onderskei tussen sake wat volgens kerklik-teologiese oorwegings bestuur word, en sake wat lê op die strukturele en finansiële terrein. Laasgenoemde word volgens besigheidsbeginsels bestuur deur kundiges.**

**Uitvoerende gesag word toegeken aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering sonder herverwysing na die Algemene Kerkvergadering.**

***Motivering:***

Dit blyk uit die praktyk dat die huidige model van kerkwees op die lang duur nie volhoubaar is nie. Dalende getalle plaas die inkomste van gemeentes en die Kerk onder druk. Dit noodsaak 'n ingrypende herwaardering van die taak en funksie van die Kerk.

**Kommentaar van die Raad van Finansies:**

Hierdie beskrywingspunt stem in ten minste een punt ooreen met die aanbeveling van die Raad van Finansies:

> *Die mate waarin lidmate hulle met die Kerk vereenselwig en eienaarskap vir die Kerk aanvaar.*

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende voorstel tot aanvulling, gestel deur dr PL Steenkamp en gesekondeer deur ds LJ de Leeuw, word aanvaar:<br><br>Die aansoek soos aangevra deur die Algemene Kerkvergadering word uitgevoer deur Organisasie-ontwikkelingskonsultante en neem as vertrekpunt die onderliggende |

| | |
|---|---|
| | teoretiese perspektiewe en insigte gebaseer op organisasie-ontwikkeling as vakgebied. Hierdie ondersoek sluit alle vlakke en dimensies van sowel die transaksionele en transformele vlakke en dimensies van kerkwees in. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 75: RAAD VAN FINANSIES**

**ONDERSOEK VAN KERKMODEL**

**1. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, bygestaan deur die Raad van Finansies én gekoöpteerde kundiges, ontvang opdrag om die kerkmodel aan die hand van die uitkoms van die gesprek oor die eerste twee dae van die 70ste Algemene Kerkvergadering tesame met die volgende spesifieke sake te ondersoek:**

* **Lewering van goedere op 'n kontantbasis.**
* **Waar gemeentes van eksterne ouditeure gebruik maak, en nie die riglyne vir sodanige handeling nakom nie, verplig word om ouditering na die afdeling Interne Oudit terug te plaas. Ringskommissies sien hierna om.**
* **Voortsetting van die gebruik om subsidie uit die Fonds vir Gemeente Opbou aan behoewende gemeentes te betaal.**
* **Gemeentes wat nie in staat is om 'n volsorg standplaas te onderhou nie, verhoed word om as sodanig te beroep.**
* **Voortsetting van die Kerkgeld vir Kerkwerk stelsel.**
* **Ondersoek na die duplisering van opdrag en dienste. Hiermee saam om die formaat van die sinodale begroting aktiwiteitsgedrewe saam te stel (sien illustrasies en verduideliking by tabelle 11, 28 en 30).**
* **Die instel van voortgesette toerusting van ringskommissies en gemeentes (kerkrade) aangaande kerklike goedere in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit kan ter plaatse of deur middel van vooraf ge-**

**skeduleerde geleenthede by die sinodale kantoor plaasvind.**

- **Die toepaslikheid van riglyne vir die versorging van leraars in 2014 en verder aangesien die bekostiging van pakkette van leraars onder druk blyk te wees.**

- **Die befondsing van studentebearbeiding in 2014 en daarna.**

2. **Die 70ste Algemene Kerkvergadering stem in tot 'n ondersoek na 'n alternatiewe samestelling van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos beskryf by punt 7.4.7.3 in hierdie agenda.**

3. **Punte 1 en 2 van hierdie aanbeveling as gesamentlike Sleutel Prestasie Area van die nuutverkose Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Raad van Finansies en Raad vir Kerkregtelike Advies konstateer.**

4. **Die uitkoms van hierdie ondersoek word vir kommentaar aan gemeentes deurgegee teen ongeveer 30 April 2014 sodat terugvoer aan die ringsvergaderings van 2014 gegee kan word.**

5. **Verdere skedulering van die ondersoek vind plaas na afloop van die ringsvergadering van 2014, met die doelwit om die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ten minste een jaar voor die 71ste Algemene Kerkvergadering van advies te bedien.**

***Motivering:***

- Die Raad van Finansies het tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering die kwessie van volhoubaarheid van die huidige kerkmodel ter tafel geplaas aangesien dit wil voorkom of gemeentes nie die heersende ekonomiese tendense kan teëwerk nie.

- Sommige van die tendense het oor die afgelope termyn versnel as gevolg van oënskynlike onvermoë om konsensus oor teologiese sake te bereik.

- Die historiese inrigting van die kerklike struktuur blyk weens ekonomiese redes onder druk te wees.  Dit kulmineer in onbegrip vir die gesentraliseerde aktiwiteite van kerkwees soos die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika dit uitleef.

* Aktiwiteite wat gesentraliseer word, word dikwels beskou as instellings van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Raad van Finansies en/of ander rade, ongeag die gedokumenteerde besluite van die Algemene Kerkvergadering.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende amendement, voorgestel deur ds CEC Hertzog en gesekondeer deur ds APJ Beukes, word aanvaar:<br><br>Die volgende asterisk word bygevoeg onder punt 1 van die beskrywingspunt:<br><br>Ondersoek na die moontlikheid om groeipunte in die Kerk, asook gebiede waar kerkplanting sou kon plaasvind, te identifiseer en die fondse te vind om dit te ondersteun.<br><br>**Motivering:**<br><br>Die Kerk was vasgevang in 'n tyd waarin daar baie na binne gekyk is. Dit het nodig geword dat ons doelgerig ook na buite gerig sal wees en dat groei gestimuleer word. Suksesse sal hoop vir die Kerk en die wêreld bied.<br><br>2. Die volgende amendement voorgestel deur ds CEC Hertzog en gesekondeer deur dr GJ Malan word aanvaar:<br><br>Die volgende asterisk word bygevoeg na die sesde asterisk van die beskrywingspunt:<br><br>Die Algemene Kerkvergadering keur die begroting van die Raad van Finansies goed met opdrag dat die Komitee vir Strategiese Beplanning en Rasionalisering uitgebrei word met verteenwoordigers van die instellings wie se items op bl |

| | |
|---|---|
| | 368 van die agenda verskyn. 'n Algemene rasionalisasie word daargestel om die prioriteite in die kerklike bediening in die toekoms finansieel moontlik te maak. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 76: KOMITEE VIR OUDERLINGE**

**VERPLIGTINGE VAN DIE VOORSITTER VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING**

**Indien die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering 'n predikant in 'n gemeente met net een standplaas is, word 'n subsidie soos deur die Algemene Kommissie bepaal, aan die betrokke gemeente betaal om te verseker dat die verkondiging van die evangelie en ander aktiwiteite van die gemeente tot volle realisering kom.**

***Motivering:***

* Die teenwoordigheid van die voorsitter by kerklike feesgeleenthede soos jubileumvieringe van gemeentes en predikante, hoeksteenleggings, bevestiging- en afskeidsgeleenthede van predikante, word altyd deur gemeentes verwelkom. Hierdie aktiwiteite vereis dikwels baie tyd en lang afstande wat afgelê moet word.

* Amptelike vergaderings het tot gevolg dat die voorsitter dikwels nie in die gemeente is nie.

* Sinodale verpligtinge soos die Algemene Kommissie, Moderamen, Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging en Algemene Diakensvergadering neem ook tyd in beslag.

* Skakeling tussen die voorsitter en gemeentes, asook lidmate, is van kardinale belang.

* Gegewe die druk in 'n pastorie, word dit deur bogenoemde aktiwiteite verder verhoog.

* Die gemeente kan dan byvoorbeeld van beroepafwagtende predikante of emeriti gebruik maak indien hulle van die subsidie gebruik sou wou maak.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

7.7 **TER AFSLUITING VAN HIERDIE HOOFSTUK**

7.8 **AD HOC FONDSE MET DIE OOG OP LITIGASIE**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die verslag van die Raad van Finansies word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

8. **KERKORDE (HOOFSTUK 10)**

8.1 **VERSLAG VAN DIE RAAD VIR KERKREGTELIKE ADVIES**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Kennis geneem. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

8.2 **VERSLAG VAN DIE KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**BESKRYWINGSPUNT 77: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE ZEERUST)**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.1.1 (i)(b)**

**Ordinansie 2.1.1.1 (i)(b) word gewysig om soos volg te lees:**

***Die volgende adviserende lede op uitnodiging:***

* ***die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege***
* ***die direkteur van die Afrika Instituut vir Missiologie***
* ***'n dosent of deeltydse dosent van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria***
* ***die administrateur.***

***Motivering:***

* Die werkopdrag van die Kuratorium behels onder andere

  ** benoem dosente in die teologie
  ** hou opsig oor die onderrig deur teologiese dosente
  ** lewer advies oor die vergoeding van dosente.

* Wanneer dosente op die Kuratorium sitting neem, inhibeer dit die werkopdrag van die Kuratorium.

* Geen mens kan oor homself opsig hou nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 78: RING VAN ROODEPOORT**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.2.1**

**Ordinansie 2.1.2.1 word so gewysig dat die onderskeid tussen 'n standplaas met gedeeltelike versorging en 'n standplaas met deeltydse bediening wegval. Daar word slegs onderskeid getref tussen**

* **'n standplaas met volle versorging**

* **'n standplaas met deeltydse bediening (sluit in dat 'n predikant mag aanbied om geen vergoeding te ontvang of sonder om 'n ander beroep te beoefen, verminderde versorging te ontvang)**

* **benoeming vir 'n besondere opdrag.**

***2.1.2.1 Skepping en wysiging van 'n standplaas***

***(i) In 'n gemeente kan 'n standplaas met volle versorging, ~~gedeeltelike versorging~~, deeltydse bediening of benoeming vir 'n besondere opdrag geskep word.***

***(ii) 'n Standplaas word deur 'n gemeente in oorleg met die betrokke ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geskep of gewysig.***

***(iii) Aan 'n standplaas met deeltydse bediening is gedeeltelike of geen versorging verbonde. 'n Predikant in 'n standplaas met deeltydse bediening is geregtig om in oorleg met die kerkraad, die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ook 'n ander beroep te beoefen om sy inkomste aan te vul.***

***(a) Die kerkraad sluit, in oorleg met die ringskommissie***

***en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 'n duidelike werkooreenkoms met die predikant wat die vermindering van traktement en die tyd wat 'n ander beroep sou vereis, verdiskonteer.***

***(iv)*** ***~~Alhoewel 'n predikant in 'n standplaas met gedeeltelike versorging nie volledig versorg word nie, word al sy tyd en aandag aan die gemeentewerk toegewy en mag hy nie nog 'n ander beroep beoefen nie~~.***

***(v)*** ***'n Gemeente kan in die geval van die afname in lidmaatgetalle, of as gevolg van finansiële agteruitgang, 'n standplaas met volle versorging wysig na 'n ~~standplaas met gedeeltelike versorging of 'n~~ standplaas met deeltydse bediening.***

***(a)*** ***Indien die standplaas gevul is, word, na 'n wedersydse ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant, 'n nuwe opgawe van versorgingsvoordele opgestel. (iii) (a) – word hier ook gevolg.***

***(b)*** ***Indien die predikant nie die nuwe opgawe van versorgingsvoordele aanvaar nie, word die saak na die ringskommissie verwys.***

***(c)*** ***Indien die ringskommissie oordeel dat 'n wysiging in die versorgingsvoordele noodsaaklik is vir die voortbestaan van die gemeente en daar geen ander uitweg is nie, word 'n gewysigde opgawe van versorgingsvoordele deur die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, opgestel.***

***(d)*** ***Indien die predikant nie die gewysigde opgawe van voordele aanvaar nie, word die prosedure gevolg wat die versorging van die predikant by die opheffing van 'n standplaas reël, en word bekend gemaak dat die predikant beroepafwagtend is.***

***(vi)*** ***'n Gemeente moet in oorleg met die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

***(a)*** ***~~'n standplaas met gedeeltelike versorging of~~ 'n standplaas met deeltydse bediening wysig na 'n standplaas met volle versorging wanneer die finansiële posisie van die gemeente dit moontlik maak***

***(b)*** ***~~'n standplaas met gedeeltelike versorging wysig na 'n standplaas met deeltydse bediening en omgekeerd~~.***

| | |
|---|---|
| (vii) | ***Indien 'n standplaas ~~met gedeeltelike versorging of~~ met deeltydse bediening gewysig word terwyl dit gevul is, is punte (v)(a) tot (d) hierbo van toepassing.*** |

***Motivering***

1. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering se riglyne (mededelings 2011) verdiep die onbillike praktyk waar van 'n predikant verwag kan word om die volle werk te doen vir 'n gedeelte van die vergoeding sonder die moontlikheid om self 'n inkomste te genereer.

2. Geen gemeente hoef beskerm te word teen uitbuiting nie omdat die ordinansies duidelik bepaal dat enige ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant in oorleg met die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering moet plaasvind (sien Ordinansie 2.1.2.1 (ii)).

3. Met die riglyne wat deur die Kommissie uitgebring is, wil dit blyk die Hervormde Kerk daarmee genoeë neem dat 'n predikant so min as die helfte van vergoeding mag ontvang voordat die predikant 'n ander inkomste mag genereer.

4. Welvarende gemeentes vergoed hulle predikante tot soveel as 40% bokant skaal. Dit maak dit nog meer onbillik dat waar gemeentes dit nie kan bekostig om die predikant ten volle te vergoed nie, dat die predikant nie self 'n inkomste mag genereer nie. Dit is tog tot voordeel van beide.

5. 'n Gemeente wat nie 'n predikant kan bekostig nie, kan tog nie aanspraak maak op die volle diens vir minder vergoeding nie.

6. Elke gemeente behoort die vryheid te hê om die vergoeding van die predikant self te onderhandel.

7. Wanneer 'n predikant nie in staat is om 'n aanbod van die wysiging na 'n standplaas met gedeeltelike versorging as gevolg van sy persoonlike finansiële omstandighede te kan aanvaar nie, reflekteer dit nou op 'n swak roepingsbewustheid by die predikant.

8. Die riglyne van die Kommissie is net 'n verdere regulering van 'n onbillike praktyk waarmee predikante uitgebuit kan word.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Word in samehang met die Kerkorde Komitee wysigings verreken. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 79: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.2**

**Ordinansie 2.1.2 wat soos volg lui:**

***2.1.2 PREDIKANTSTANDPLAAS***

***'n Standplaas is die gemeentelike werkruimte waar die dienswerk van 'n predikant verrig word.***

***2.1.2.1 Skepping en wysiging van 'n standplaas***

***(i) In 'n gemeente kan 'n standplaas met volle versorging, gedeeltelike versorging, deeltydse bediening of benoeming vir 'n besondere opdrag geskep word.***

***(ii) 'n Standplaas word deur 'n gemeente in oorleg met die betrokke ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering geskep of gewysig.***

***(iii) Aan 'n standplaas met deeltydse bediening is gedeeltelike of geen versorging verbonde. 'n Predikant in 'n standplaas met deeltydse bediening is geregtig om in oorleg met die kerkraad, die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering ook 'n ander beroep te beoefen om sy inkomste aan te vul.***

***(iv) Alhoewel 'n predikant in 'n standplaas met gedeeltelike versorging nie volledig versorg word nie, word al sy tyd en aandag aan die gemeentewerk toegewy en mag hy nie nog 'n ander beroep beoefen nie.***

***(v) 'n Gemeente kan in die geval van die afname in lidmaatgetalle, of as gevolg van finansiële agteruitgang 'n standplaas met volle versorging wysig na 'n standplaas met gedeeltelike versorging of 'n standplaas met deeltydse bediening.***

***(a) Indien die standplaas gevul is, word, na 'n wedersydse ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant, 'n nuwe opgawe van versorgingsvoordele opgestel.***

***(b) Indien die predikant nie die nuwe opgawe van versorgingsvoordele aanvaar nie, word die saak na die***

***ringskommissie verwys.***

***(c)*** ***Indien die ringskommissie oordeel dat 'n wysiging in die versorgingsvoordele noodsaaklik is vir die voortbestaan van die gemeente, en daar geen ander uitweg is nie, word 'n gewysigde opgawe van versorgingsvoordele deur die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, opgestel.***

***(d)*** ***Indien die predikant nie die gewysigde opgawe van voordele aanvaar nie, word die prosedure gevolg wat die versorging van die predikante by die opheffing van 'n standplaas reël, en word bekend gemaak dat die predikant beroepafwagtend is.***

***(vi)*** ***'n Gemeente moet in oorleg met die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

***(a)*** ***'n standplaas met gedeeltelike versorging of 'n standplaas met deeltydse bediening wysig na 'n standplaas met volle versorging wanneer die finansiële posisie van die gemeente dit moontlik maak***

***(b)*** ***'n standplaas met gedeeltelike versorging wysig na 'n standplaas met deeltydse bediening en omgekeerd.***

***(vii)*** ***Indien 'n standplaas met gedeeltelike versorging of met deeltydse bediening gewysig word terwyl dit gevul is, is punte (v)(a) tot (d) hierbo van toepassing.***

***2.1.2.2 Opheffing van 'n standplaas***

***Wanneer 'n gemeente tot die gevolgtrekking kom dat 'n standplaas nie meer finansieel in stand gehou kan word nie, gee die gemeentevergadering aan die kerkraad opdrag om die volgende stappe kronologies te neem:***

***(i)*** ***Die predikant, ringskommissie en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word skriftelik ingelig dat die gemeente nie meer die standplaas in stand kan hou nie en dat die standplaas opgehef mag word.***

***(ii)*** ***Die kerkraad en ringskommissie poog in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die predikant om***

***(a)*** ***die opheffing van die standplaas te voorkom***
***(b)*** ***alle redelike alternatiewe maatreëls te bespreek en te poog om alternatiewe oplossings te vind***
***(c)*** ***die tydsberekening wanneer die standplaas opgehef moet word te bespreek***
***(d)*** ***stappe te bespreek sodat die opheffing van die standplaas die predikant en die gemeente so min as moontlik ontwrig***
***(e)*** ***skeidingsversorging vir die predikant te bepaal.***

***(iii)*** ***Die voorstelle waartoe skriftelik ooreengekom is in die oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die ringskommissie en kerkraad enersyds en die predikant andersyds, word aan 'n gemeentevergadering voorgelê en die predikant kry geleentheid om sy standpunte aan die gemeentevergadering te stel.***

***(iv)*** ***Die gemeentevergadering besluit op grond van die inligting wat ontvang is of die standplaas opgehef moet word.***

***(v)*** ***Indien die gemeentevergadering besluit om die standplaas op te hef, word die predikant skriftelik van die besluit in kennis gestel.***

***(vi)*** ***Na verloop van ten minste drie maande, word die predikant deur die kerkraad van sy ampspligte losgemaak volgens die Kerkorde.***

***(vii)*** ***Die kerkraad in oorleg met die ringskommissie***

***(a)*** ***versoek die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om in die Kerk bekend te maak dat die predikant beroepafwagtend is***
***(b)*** ***reël dat die betrokke predikant skeidingsversorging ontvang van minstens een week vir elke voltooide diensjaar in die betrokke gemeente***
***(c)*** ***tref reëlings dat die betrokke predikant, terwyl op 'n beroep gewag word, in die verskillende ringsgemeentes behulpsaam kan wees.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.2 DIENSWERK VAN PREDIKANTE IN GEMEENTES**

**Die dienswerk van die predikant vind binne 'n gemeentelike werkruimte van die Kerk plaas.**

**Die kerkraad verseker dat die bediening van die evangelie deurlopend gebeur.**

**2.1.2.1 Voltydse en deeltydse dienswerk**

**Alle beroepswerksaamhede vind in oorleg met die ringskommissie plaas.**

**(i) Predikante kan óf voltyds met volle versorging óf deeltyds met gedeeltelike versorging in gemeentes werksaam wees.**

**(ii) Predikante wat voltyds of deeltyds in 'n gemeente werksaam is, word beroep en 'n beroepsbrief waarin die opdrag duidelik omskryf word, word deur die kerkraad tydens 'n beroepsvergadering voltooi en volg die kerklike prosedures soos uiteengesit in die ordinansies.**

**(iii) Predikante wat deeltyds in gemeentes werksaam is mag ook ander werk verrig om hulle inkomste aan te vul en hulle traktement word dienooreenkomstig aangepas.**

**2.1.2.2 Afskaling en losmaking**

**(i) Indien 'n kerkraad in oorleg met die gemeentevergadering oorweeg om 'n predikant se werkopdrag vanweë finansiële redes af te skaal of die predikant van die gemeente los te maak, word die saak onmiddellik onder die aandag van die ringskommissie gebring.**

**(ii) Die ringskommissie volg in oorleg met die kerkraad die volgende stappe kronologies:**

**(a) Die predikant en Moderamen word skriftelik ingelig dat die gemeente nie meer die dienswerk van die predikant finansieel in stand kan hou nie en dat die dienswerk afgeskaal kan word, of dat die predikant van die gemeente losgemaak kan word.**

**(b) Die kerkraad in oorleg met die ringskommissie en die predikant poog om**

- **die opheffing van die standplaas te voorkom**
- **alle redelike alternatiewe maatreëls te bespreek en te poog om alternatiewe oplossings te vind**
- **die tydsberekening wanneer die standplaas op-**

gehef moet word te bespreek

* stappe te bespreek sodat die opheffing van die standplaas die predikant en die gemeente so min as moontlik ontwrig
* skeidingsversorging vir die predikant te bepaal.

**(c)** **Indien dit nie suksesvol is nie, bepaal die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, die datum wanneer afskaling of losmaking plaasvind sodat dit die predikant en gemeente so min as moontlik ontwrig.**

**(iii)** **In die geval van afskaling stel die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, 'n gewysigde beroepsbrief op en bied dit vir die bestaande predikant aan. Die predikant kan besluit om die gewysigde beroepsbrief te aanvaar of nie.**

**(iv)** **Indien die predikant nie die gewysigde beroepsbrief aanvaar nie, besluit die kerkraad, in oorleg met die ringskommissie, oor skeidingsversorging vir die predikant teen 'n koers van ten minste een week vergoeding per voltooide diensjaar.**

**(v)** **Na drie maande word die predikant van sy of haar dienswerk in die gemeente losgemaak en reik die kerkraad 'n Akte van Losmaking uit.**

**(vi)** **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering maak in die Kerk bekend dat die predikant beroepafwagtend is.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 80: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.3 (i)**

**Ordinansie 2.1.3 (i) wat soos volg lui:**

***2.1.3 BEROEP VAN PREDIKANT OF PROPONENT***

***(i)*** ***Binne 'n maand nadat 'n standplaas geskep is of vakant geraak het, word beroep.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.3 BEROEP VAN PREDIKANT OF PROPONENT**

**(i) Binne 'n maand nadat 'n gemeente vakant geraak het word beroep.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 81: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.3 (iv)**

**Ordinansie 2.1.3 (iv) wat soos volg lui:**

***(iv) Die ringskommissie kan na oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die betrokke kerkraad besluit dat die gemeente vir hoogstens 90 dae nie mag beroep nie sodat strategiese beplanning van ringsgemeentes gedoen kan word wat as riglyn vir die gemeente kan dien wanneer die gemeente beroep.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**(iv) Die ringskommissie kan na oorleg met die Moderamen en die betrokke kerkraad besluit dat die gemeente vir hoogstens 90 dae nie mag beroep nie sodat strategiese beplanning van ringsgemeentes gedoen kan word wat as riglyn vir die gemeente kan dien wanneer die gemeente beroep.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 82: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.3 (v)**

**Ordinansie 2.1.3 (v) wat soos volg lui:**

***(v)*** ***Enige predikant wat van standplaas wil verwissel kan in oorleg met die kerkraad, opsighoudende liggaam, ringskommissie en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek dat dit in die Kerk bekendgestel word en dat die betrokkene se naam op die lys van beroepafwagtende predikante geplaas word.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**(v)** **Enige predikant wat van gemeente wil verwissel kan in oorleg met die kerkraad, opsighoudende liggaam, ringskommissie en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek dat dit in die Kerk bekendgestel word en dat die betrokkene se naam op die lys van beroepafwagtende predikante geplaas word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 83: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.3 (vii)(b)**

**Ordinansie 2.1.3 (vii)(b) wat soos volg lui:**

***(vii)*** ***Die kerkraad besluit om een of meer van die volgende beroepsprosedures te volg:***

***(b)*** ***Die vakature word in die amptelike kerklike tydskrifte bekend gemaak met vermelding van besonderhede wat die standplaas raak en aansoeke word ingewag in welke geval die sluitingsdatum vir aansoek duidelik vermeld en gehandhaaf word. Die kerkraad besluit vooraf of die kandidate wat aansoek doen vir die vakature die beroepslys uitmaak en of hy die beroepslys gaan uitbrei. Die handeling word duidelik in die bekendstelling van die vakature vermeld. Nadat 'n kandidaat met volstrekte meerderheid uit die groslys beroep is, word die uitslag van die beroep aan alle aansoekers deurgegee.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**(vii) Die kerkraad besluit om een of meer van die volgende beroepsprosedures te volg:**

**(b) Die vakature word in die amptelike kerklike tydskrifte bekend gemaak met vermelding van besonderhede wat die aard van dienswerk in die gemeente raak en aansoeke word ingewag in welke geval die sluitingsdatum vir aansoeke duidelik vermeld en gehandhaaf word. Die kerkraad besluit vooraf of die kandidate wat aansoek doen vir die vakature die beroepslys uitmaak en of hy die beroepslys gaan uitbrei. Die handeling word duidelik in die bekendstelling van die vakature vermeld. Nadat 'n kandidaat met volstrekte meerderheid uit die groslys beroep is, word die uitslag van die beroep aan alle aansoekers deurgegee.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 84: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.3.3 (vi) en (vii)**

**Ordinansie 2.1.3.3 (vi) en (vii) wat soos volg lui:**

***(vi) Wanneer 'n predikant in 'n standplaas met gedeeltelike versorging of deeltydse bediening die beroep na 'n standplaas met volle versorging bedank, roep die plaaslike ringskommissie die predikant op vir 'n gesprek oor die redes waarom die beroep bedank is en gee daarvan verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.***

***(vii) Wanneer 'n predikant in 'n standplaas met volle versorging 'n beroep na 'n standplaas met gedeeltelike versorging of deeltydse bediening wil aanvaar, tree die predikant in gesprek met die plaaslike ringskommissie oor die redes waarom die beroep aanvaar wil word. Die ringskommissie stel die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van sy bevinding en besluit in kennis. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan, indien dit nodig is, met die predikant in gesprek tree.***

| |
|---|
| **verval.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 85: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.8 (i) EN (ii)**

**Ordinansie 2.1.8 (i) en (ii) wat soos volg lui:**

***2.1.8 VERSORGING VAN GESIN NA AFSTERWE VAN PREDIKANT***

***(i) 'n Predikant wat voltyds in die bediening staan en te sterwe kom, se gesin word vir drie maande versorg***

***(a) deur die kerkraad van die gemeente waarin die predikant werksaam was.***
***(Dit geld ook indien 'n beroep na 'n ander gemeente, of kerklike benoeming aanvaar is, maar die predikant nog nie uit die standplaas losgemaak is nie.)***

***(b) deur die kerkraad van die gemeente waarheen 'n beroep aanvaar is, mits die predikant alreeds uit die vorige standplaas losgemaak is.***

***(ii) 'n Predikant wat na aanvaarding van 'n kerklike benoeming te sterwe kom, se gesin word vir drie maande versorg deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering indien die dood sou intree nádat die predikant uit die standplaas losgemaak is, en deur die kerkraad van die gemeente waar die predikant werksaam was, indien die dood intree vóórdat die predikant uit die standplaas losgemaak is.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.8 VERSORGING VAN GESIN NA AFSTERWE VAN PREDIKANT**

**(i) 'n Predikant wat te sterwe kom se gesin word vir drie maande versorg ooreenkomstig die bestaande versorgingsvoordele**

| | |
|---|---|
| **(a)** | **deur die kerkraad van die gemeente waarin die predikant werksaam was.** |
| **(b)** | **deur die kerkraad van die gemeente waarheen 'n beroep aanvaar is mits die predikant al reeds van die vorige gemeente losgemaak is.** |
| **(ii)** | **Bogenoemde reëling geld ook vir predikante wat benoem is vir 'n besondere opdrag.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 86: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**NUWE ORDINANSIE 2.1.9 (vi)**

**'n Nuwe Ordinansie 2.1.9 (vi) word geformuleer:**

***(vi)*** ***'n Geëmeriteerde predikant kan egter as deeltydse predikant in gemeentes werksaam wees. Hy of sy word na sodanige gemeente beroep per ooreenkoms met die kerkraad van 'n gemeente, met 'n ring of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en verrig volledig ampswerk met goedkeuring van die ringskommissie en Kommissie van die Algemene Kerkvergadering soos van toepassing.***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 87: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.12**

**Ordinansie 2.1.12 wat soos volg lui:**

***2.1.12 LOSMAKING***

***By die aanneming van 'n beroep na 'n ander gemeen-***

***te, die benoeming vir of afhandeling van 'n besondere opdrag, die benoeming as dosent, die goedkeuring van voltydse studieverlof, die goedkeuring van 'n aansoek om losmaking van 'n standplaas en by die opheffing van 'n standplaas, reik die verantwoordelike liggaam 'n Akte van Losmaking aan die predikant uit.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.12 LOSMAKING**

**By die aanneming van 'n beroep na 'n ander gemeente, die benoeming vir of afhandeling van 'n besondere opdrag, die benoeming as dosent, die goedkeuring van voltydse studieverlof, die goedkeuring van 'n aansoek om losmaking van 'n gemeente of werkopdrag, reik die verantwoordelike liggaam 'n Akte van Losmaking aan die predikant uit.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 88: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.12.2**

**Ordinansie 2.1.12.2 wat soos volg lui:**

***2.1.12.2 Losmaking van standplaas by ooreenkoms***

***(i) 'n Predikant, die ringskommissie, die ringsvergadering of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan skriftelik 'n versoek aan die predikant se kerkraad rig dat die predikant van die standplaas losgemaak word.***

***(ii) Die versoek moet redes bevat, wat nie verband hou met enige ander grond van losmaking of ontheffing uit die amp wat in die Kerkorde uiteengesit word nie.***

***(iii) Die kerkraad van 'n predikant se gemeente kan die***

***predikant se losmaking uit die standplaas ondersoek op gronde wat nie verband hou met enige ander grond van losmaking of ontheffing uit die amp wat in die Kerkorde uiteengesit word nie.***

***(iv)*** ***Die kerkraad en daarna die ringskommissie kan na oorweging van die versoek en na gesprekvoering met die predikant, skriftelik aanbeveel dat***

***(a)*** ***losmaking in belang van die gemeente of die predikant en die gemeente is of nie***
***(b)*** ***losmaking met of sonder die behoud van ampsvoorreg geskied***
***(c)*** ***losmaking met of sonder voorwaardes geskied en indien voorwaardes voorgestel word, wat daardie voorwaardes is.***

***(v)*** ***Nadat die predikant skriftelik tot losmaking ingestem het, word die voorwaardes waarop losmaking sal plaasvind, deur die kerkraad in die vorm van 'n ooreenkoms tussen die gemeente en die predikant uiteengesit.***

***(vi)*** ***Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan, nadat die aanbevelings van die kerkraad en die ringskommissie asook die voorgestelde ooreenkoms, na gelang van die geval, en na aanhoor van die predikant en nadat alle feite oorweeg is, besluit of die predikant losgemaak moet word en of dit met of sonder behoud van die ampsvoorreg geskied. 'n Akte van Losmaking word deur die kerkraad verleen en 'n Akte van Ontheffing word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen ooreenkomstig dié besluit.***

***(vii)*** ***Die kerkraad, ringskommissie of opsighoudende liggaam word van die besluit in kennis gestel.***

***(viii)*** ***Indien die predikant die versoek tot losmaking rig, onderteken die predikant terselfdertyd 'n onderneming dat hy geen eise teen die gemeente of die Kerk sal instel nie. Indien sy versoek om losmaking toegestaan word, word so 'n vrywaring ingesluit in enige ooreenkoms wat met die losmaking gepaard gaan.***

***(ix)*** ***Indien losmaking van die standplaas met behoud***

***van ampsvoorreg geskied, word die predikant in die Kerk beroepbaar gestel.***

***(x)*** ***'n Predikant wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van sy standplaas losgemaak word, is nie dadelik na dieselfde standplaas beroepbaar nie.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.12.2 Losmaking van 'n gemeente by ooreenkoms**

**(i)** **'n Predikant, die ringskommissie, die ringsvergadering of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan skriftelik 'n versoek aan die predikant se kerkraad rig dat die predikant van 'n gemeente losgemaak word.**

**(ii)** **Die versoek moet redes bevat, wat nie verband hou met enige ander grond van losmaking of ontheffing uit die amp wat in die Kerkorde uiteengesit word nie.**

**(iii)** **Die kerkraad van 'n predikant se gemeente kan die predikant se losmaking van 'n gemeente ondersoek op gronde wat nie verband hou met enige ander grond van losmaking of ontheffing uit die amp wat in die Kerkorde uiteengesit word nie.**

**(iv)** **Die kerkraad en daarna die ringskommissie kan na oorweging van die versoek en na gesprekvoering met die predikant, skriftelik aanbeveel dat**

**(a)** **losmaking in belang van die gemeente of die predikant en die gemeente is of nie**
**(b)** **losmaking met of sonder die behoud van ampsvoorreg geskied**
**(c)** **losmaking met of sonder voorwaardes geskied en indien voorwaardes voorgestel word, wat daardie voorwaardes is.**

**(v)** **Nadat die predikant skriftelik tot losmaking ingestem het, word die voorwaardes waarop losmaking sal plaasvind, deur die kerkraad in die vorm van 'n ooreenkoms tussen die gemeente en die predikant uiteengesit.**

| | |
|---|---|
| **(vi)** | **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan, nadat die aanbevelings van die kerkraad en die ringskommissie asook die voorgestelde ooreenkoms, na gelang van die geval, en na aanhoor van die predikant en nadat alle feite oorweeg is, besluit of die predikant losgemaak moet word en of dit met of sonder behoud van ampsvoorreg geskied. 'n Akte van Losmaking word deur die kerkraad verleen en 'n Akte van Ontheffing word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verleen ooreenkomstig dié besluit.** |
| **(vii)** | **Die kerkraad, ringskommissie of opsighoudende liggaam word van die besluit in kennis gestel.** |
| **(viii)** | **Indien die predikant die versoek tot losmaking rig, onderteken die predikant terselfdertyd 'n onderneming dat hy of sy geen eise teen die gemeente of die Kerk sal instel nie. Indien sy of haar versoek om losmaking toegestaan word, word so 'n vrywaring ingesluit in enige ooreenkoms wat met die losmaking gepaard gaan.** |
| **(ix)** | **Indien losmaking van die gemeente met behoud van ampsvoorreg geskied, word die predikant in die Kerk beroepbaar gestel.** |
| **(x)** | **'n Predikant wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van sy of haar gemeente losgemaak word, is nie dadelik na dieselfde gemeente beroepbaar nie.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 89: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.12.5**

**Ordinansie 2.1.12.5 wat soos volg lui:**

***2.1.12.5 Onbekwaamheid***

| | |
|---|---|
| ***(i)*** | ***Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan 'n predikant sonder tughandeling onthef van ampsvoorreg of losmaak van 'n standplaas indien dit blyk dat die predikant vanweë mediese of ander redes onbekwaam is om die dienswerk, soos bepaal in die Kerkorde en beroepsbrief, te verrig.*** |
| ***(ii)*** | ***Tydens die ondersoek word die predikant, wat geregtig is op bystand deur 'n lidmaat van die Kerk, aangehoor.*** |
| ***(iii)*** | ***'n Beroep teen 'n beslissing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word gedoen by die Algemene Kerkvergadering.*** |
| ***(iv)*** | ***Indien die predikant onbekwaam bevind word, reik die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n Akte van Ontheffing uit en stel die Pensioenfonds dadelik in kennis.*** |
| ***(v)*** | ***Die kerkraad maak die predikant los van ampspligte.*** |

**word gewysig om soos volg te lees:**

| | |
|---|---|
| **2.1.12.5** | **Onbekwaamheid** |
| **(i)** | **Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan 'n predikant sonder tughandeling onthef van ampsvoorreg indien dit blyk dat die predikant vanweë mediese of ander redes onbekwaam is om die dienswerk, soos bepaal in die Kerkorde en beroepsbrief, te verrig.** |
| **(ii)** | **Tydens die ondersoek word die predikant, wat geregtig is op bystand deur 'n lidmaat van die Kerk, aangehoor.** |
| **(iii)** | **'n Beroep teen 'n beslissing van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering word gedoen by die Algemene Kerkvergadering.** |
| **(iv)** | **Indien die predikant onbekwaam bevind word, reik die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n Akte van Ontheffing uit en stel die Pensioenfonds dadelik in kennis.** |

| | |
|---|---|
| **(v)** | **Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die predikant losmaak van ampspligte, reik die kerkraad 'n Akte van Losmaking uit.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 90: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.15 (i) EN (vii)**

**Ordinansie 2.1.15 (i) en (vii) wat soos volg lui:**

***2.1.15 KONSULENTSWERK***

***(i)*** ***'n Konsulent kom sover moontlik die ampspligte van 'n predikant in 'n vakante standplaas na.***

***(vii)*** ***'n Konsulent kan aan 'n ander predikant toestemming gee om van sy pligte na te kom. Emeriti, beroepafwagtende predikante en proponente wat tydelik met toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 'n gemeente werksaam is, tree nie as konsulent in 'n ringsgemeente op nie.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.15 KONSULENTSWERK**

**(i)** **'n Konsulent kom so ver moontlik die ampspligte van 'n predikant in 'n vakante gemeente na.**

**(vii)** **'n Konsulent kan aan 'n ander predikant toestemming gee om van sy of haar pligte na te kom. Beroepafwagtende predikante en proponente wat tydelik met toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 'n gemeente werksaam is, tree nie as konsulent in 'n ringsgemeente op nie.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 91: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.16.1 EN FORMULERING VAN 'N NUWE ORDINANSIE 2.1.16.1 (vi)**

**Ordinansie 2.1.16.1 wat soos volg lui:**

***2.1.16.1 Predikante wat teologie doseer***

***(i)*** ***Teologiese dosente word deur die Kuratorium vir 'n bepaalde vakopdrag en opleidingsentra benoem uit predikante van die Kerk wat reeds in die teologie gepromoveer het of besig is met doktorale studies.***

***(ii)*** ***Die benoeming(s) word aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê vir bekragtiging en, waar van toepassing, vir voorlegging aan die Universiteit van Pretoria.***

***(iii)*** ***Indien die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die benoeming(s) nie goedkeur nie, word die saak na die Kuratorium terugverwys.***

***(iv)*** ***Indien ooreenstemming nog nie bereik word nie, vergader die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Kuratorium saam onder leiding van die voorsitter van die Kuratorium, en maak dan 'n benoeming.***

***(v)*** ***Die Kuratorium kan in oorleg met alle betrokkenes en met bekragtiging van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering die vakopdrag en opleidingsentrum waaraan 'n teologiese dosent verbonde is, verander.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.16.1 Predikante wat teologie doseer**

**(i)** **Teologiese dosente word aan die Universiteit van Pretoria aangestel volgens die bepalings van die kontrak wat tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Universiteit van Pretoria bestaan.**

**(ii) Wanneer 'n vakature ontstaan voer die Kuratorium en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gesprek oor moontlike kandidate.**

**(iii) Waar verteenwoordigers van die Kerk op 'n aanstellingskomitee sitting neem, neem hulle die belange van die Kerk in ag.**

**(iv) Teologiese dosente is verantwoordelik vir die opleiding van teologiese studente, die bevordering van teologie ten dienste van die Kerk, advies aan amptelike vergaderings van die Kerk en lei eredienste wanneer hulle daartoe uitgenooi word.**

**(v) Van teologiese dosente word verwag om hulle besig te hou met wetenskaplike navorsing op die terrein van die teologie, ten dienste van die Kerk en Universiteit.**

**en 'n nuwe Ordinansie 2.1.16.1 (vi) word geformuleer wat soos volg lui:**

***(vi) Teologiese dosente neem deel aan kerklike vergaderings en word in sy of haar tuisgemeente bevestig met die opdrag om teologiese studente op te lei.***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 92: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**FORMULERING VAN 'N NUWE ORDINANSIE 2.1.16.2 (iv)**

**'n Nuwe Ordinansie 2.1.16.2 (iv) word geformuleer:**

**2.1.16.2 Predikante met opdrag van die Algemene Kerkvergadering, ringsvergadering of kerkraadsvergadering**

***(iv) 'n Predikant met 'n besondere opdrag word in tuisgemeentes bevestig nadat hy of sy benoem is vir die bepaalde opdrag.***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 93: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 2.1.16.3**

**Ordinansie 2.1.16.3 wat soos volg lui:**

***2.1.16.3 Geëmeriteerde predikant as pastorale hulp***

***(i)*** ***'n Geëmeriteerde predikant kan op versoek van 'n kerkraad met toestemming van die ringskommissie en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering as pastorale hulp in die gemeente optree. Verkieslik is dit 'n ander gemeente as die gemeente waarin die predikant geëmeriteer het. Die tydperk geld vir een jaar en word jaarliks hersien deur die ringskommissie nadat verslag van die kerkraad ontvang is.***

***(ii)*** ***'n Geëmeriteerde predikant kan 'n benoemingsopdrag op 'n deeltydse basis volvoer met toestemming van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ringskommissie of kerkraad. Indien die geëmeriteerde predikant 'n benoemingsopdrag gehad het, word die predikant verkieslik vir 'n ander opdrag benoem.***

***Die tydperk geld vir een jaar en word jaarliks hersien deur die opsighoudende liggaam.***

***(iii)*** ***In alle gevalle word 'n skriftelike ooreenkoms opgestel wat deur die opsighoudende liggaam goedgekeur word. Daar word deur die opsighoudende liggaam toegesien dat die opdrag en vergoeding van die pastorale hulp of deeltyds benoemde emeritus afgeskaal is en dat die opdrag en vergoeding korreleer.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1.16.3 Geëmeriteerde predikant in deeltydse bediening**

**(i)** **'n Geëmeriteerde predikant kan deeltyds op versoek van 'n kerkraad, met toestemming van die ringskommissie of die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, ampswerk verrig in 'n gemeente of in 'n ander kerklike werkkring.**

**(ii)** **Emeriti se werkopdrag word jaarliks deur die kerkraad in oorleg met die ringskommissie goedgekeur.**

**(iii)** **In alle gevalle word sodanige predikant beroep na die gemeente of bepaalde kerklike werkkring. Daar word deur die opsighoudende liggaam toegesien dat die opdrag en vergoeding ooreenstem.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 94: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.3.1 (vi)**

**Ordinansie 3.3.1 (vi) wat soos volg lui:**

***3.3.1 SAMESTELLING***

***(vi) In 'n vakante standplaas tree die konsulent of die voorsitter van die ouderlingevergadering, met toestemming van die konsulent, op as voorsitter.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.3.1 SAMESTELLING**

**(vi) In 'n vakante gemeente tree die konsulent of die voorsitter van die ouderlingevergadering, met toestemming van die konsulent, op as voorsitter.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 95: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.3.2 (i)**

**Ordinansie 3.3.2 (i) wat soos volg lui:**

***3.3.2 WERKOPDRAG***

***Die kerkraadsvergadering***

***(i) is na die skepping van 'n standplaas verantwoordelik vir die beroep, bevestiging, versorging en losmaking van predikante***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.3.2 WERKOPDRAG**

**Die kerkraadsvergadering**

**(i) is na die skepping van 'n gemeente verantwoordelik vir die beroep, bevestiging, versorging en losmaking van predikante.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 96: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.4.1 (i)(a)**

**Ordinansie 3.4.1 (i)(a) wat soos volg lui:**

***3.4.1 SAMESTELLING***

***(i) Die ringsvergadering word saamgestel uit***

***(a) predikante wat aan standplase in die gemeentes van die ring verbind is***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.4.1 SAMESTELLING**

**(i) Die ringsvergadering word saamgestel uit**

**(a) predikante wat met 'n beroepsbrief aan 'n gemeente van die ring verbind is.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 97: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.4.2 (vi)**

**Ordinansie 3.4.2 (vi) wat soos volg lui:**

***3.4.2 WERKOPDRAG***

***Die ringsvergadering***

***(vi) hanteer die skep en wysiging van standplase en losmaking van predikante uit standplase in oorleg met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.4.2 WERKOPDRAG**

**Die ringsvergadering**

**(vi) hanteer die losmaking, bepaling en wysiging van predikante se dienswerk in oorleg met die kerkraad.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 98: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE ZEERUST)**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.8.1**

**Ordinansie 3.8.1 word vervang om soos volg te lui:**

***Die Algemene Kerkvergadering word saamgestel uit:***

***(i)*** ***een diensdoende afgevaardigde predikant uit elke gemeente***

***(ii)*** ***een ouderling afgevaardigde uit elke gemeente***

***(iii)*** ***die administrateur met adviserende stem***

***(iv)*** ***die sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met adviserende stem***

***(v)*** ***die sekretaris en een afgevaardigde diaken van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering met adviserende stem***

***(vi)*** ***een afgevaardigde van die Dosentevergadering met adviserende stem***

***(vii)*** ***predikante met besondere opdrag, met waarnemer-status.***

***Motivering:***

* Die 68ste Algemene Kerkvergadering het opdrag gegee dat 'n ondersoek gedoen moet word na die verkleining van die Algemene Kerkvergadering. Hierdie opdrag is nie uitgevoer nie (agenda van 69ste Algemene Kerkvergadering, bl 94 – 3.2.1).

* Die verwagtinge van die 68ste Algemene Kerkvergadering word uitgevoer.

* Die verhouding tussen lerende en regerende ouderlinge op die vergadering word gestabiliseer.

* Dieselfde beginsel is reeds geldig ten opsigte van ouderlinge- en ringsvergaderings waar die regeeramp tot ouderlinge van die Kerk behoort.

* Die Algemene Kerkvergadering en sy Kommissie hou opsig oor predikante in besondere diens van die Kerk (diesulkes kan nie oor hulself regeer nie).

* Die verwagting van 'n verkleinde Algemene Kerkvergadering behoort behaal te word.

* Die finansiële implikasie van die vergadering behoort 'n drastiese afwaartse neiging te toon.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word verreken en in lyn gebring met ander beskrywingspunte van die Kerkorde Komitee. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 99: RING VAN BRONKHORSTSPRUIT (GEMEENTE BRONKHORSTSPRUIT)**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.8.3 (vii)**

**Wysig Ordinansie 3.8.3 (vii) om te lees:**

> ***Sien toe dat van die ses predikantslede op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering minstens vier gemeentepredikante is.***

***Motivering***

Predikante in gemeente standplase is terdeë bewus van wat op grondvlak in die gemeentes aangaan en sal daarom saam met die ouderlinglede op die Kommissie beter in staat wees om sake in die Kerk te reël en te hanteer.

Die ringsvergadering van die Ring van Bronkhorstspruit steun hierdie voorstel tot verandering van Ordinansie 3.8.3.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word verreken en in lyn gebring met ander beskrywingspunte van die Kerkorde Komitee. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 100: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.8.3 (x)(b), (c) EN (d)**

**Ordinansie 3.8.3 (x)(b), (c) en (d) wat soos volg lui:**

***(x)*** ***kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie***

***(b)*** ***drie persone, soos vereis deur die reëls van die Fonds, op die Pensioenraad wat die Predikante Pensioen- en Weduwees- en Wesefonds behartig as synde Werkgewersverteenwoordigers waarvan een van hierdie drie die administrateur van die Kerk is wat as hoofbeampte optree***

***(c)*** ***vyf persone om op die Raad vir Regsadvies te dien waarvan minstens drie predikante van die Kerk is.***

***(d)*** ***sewe lede vir die Raad van Finansies.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**(x)** **kies tydens die sitting uit afgevaardigdes en persone wat nie lede van die vergadering is nie**

**(b)** **drie persone, soos vereis deur die Pensioenfondswet, op die Pensioenraad wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Predikante Pensioenfonds behartig as synde Werkgewersverteenwoordigers waarvan een van hierdie drie die administrateur van die Kerk is wat as hoofbeampte optree**

**(c)** **sewe lede vir die Raad van Finansies bestaande uit drie predikante, twee ouderlinge en twee finansiele kundiges uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering**

**(d)** **vyf persone om op die Raad vir Kerkregtelike Advies te dien waarvan minstens drie predikante is.**

**(e)** **sewe persone vir die Tugkomitee bestaande uit drie predikante, twee ouderlinge en twee regsgeleerdes uit skriftelik gemotiveerde voorstelle ingedien voor of tydens die verloop van die vergadering. Indien enige van hierdie persone nie langer op die Tugkomitee kan dien nie, kan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in daardie geval 'n persoon benoem.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 101: RING VAN ZEERUST (GEMEENTE ZEERUST)**

**VERKIESING VAN PREDIKANTE MET 'N BESONDERE OPDRAG OP DIE KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING**

**Predikante wat voltyds met 'n besondere opdrag aangestel is kan nie op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien nie. Die ordinansie van die Kerkorde in hierdie verband moet aangepas word.**

***Motivering:***

- Dié beginsel is reeds geldig ten opsigte van ouderlinge- en ringsvergaderings.

- Dieselfde beginsel behoort ook te geld by die Algemene Kerkvergadering waar diegene sitting verkry met adviserende stem.

- Lede van die vergadering wie toegelaat word met adviserende stem behoort nie tot die regeer amp nie.

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering hou opsig oor die betrokke liggame waar lede werksaam is. Indien lede van so 'n liggaam op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dien, inhibeer dit die Kommissie se taak om behoorlik opsig te hou.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word verreken en in lyn gebring met ander beskrywingspunte van die Kerkorde Komitee. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 102: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.10.2 (ix), (xii) EN (xx) EN DIE FORMULERING VAN 'N NUWE ORDINANSIE 3.10.2 (xxi) EN (xxii)**

**Ordinansie 3.10.2 (ix), (xii) en (xx) wat soos volg lui:**

***3.10.2 WERKOPDRAG***

***Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

***(ix)*** ***gee uitleg van die Kerkorde***

***(xii)*** ***tree op as bykomende vergadering wanneer 'n beroep gedoen word teen die bevinding van die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 'n ringsvergadering of die Kuratorium***

***(xx)*** ***praat, getuig en tree namens die Kerk op wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.10.2 WERKOPDRAG**

**Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**

**(ix)** **gee uitleg van die Kerkorde.**

**(xii)** **tree op as 'n bykomende vergadering wanneer 'n beroep gedoen word teen die bevinding van die Tugkomitee van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 'n ringsvergadering of die Kuratorium.**

**(xx)** **versoek die Moderamen om, onderhewig aan sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd nodig mag wees, sekere take te verrig om die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by te staan in sy werksaamhede. So 'n versoek kan insluit om sekere take af te handel en daaroor aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering terugvoer te gee.**

**en 'n nuwe Ordinansie 3.10.2 (xxi) en (xxii) word geformuleer wat soos volg lui:**

**(xxi)** **kan vakatures vul wat ontstaan by enige komitee, raad of werkgroep.**

**(xxii)** **praat, getuig en tree namens die Kerk op wanneer die Algemene Kerkvergadering nie in sitting is nie.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 103: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.10.4.1 (i)(e)**

**Ordinansie 3.10.4.1 (i)(e) wat soos volg lui:**

***3.10.4 MODERAMEN***

***3.10.4.1Samestelling***

***(i) Die Moderamen bestaan uit die***

***(e) twee ouderlinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.10.4 MODERAMEN**

**3.10.4.1Samestelling**

**(i) Die Moderamen bestaan uit**

**(e) enige vier ouderlinge van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 104: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.10.4.2 (ii)**

**Ordinansie 3.10.4.2 (ii) wat soos volg lui:**

***3.10.4.2 Werkwyse***

***(ii) Die Moderamen voer gesprekke***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.10.4.2 Werkwyse**

**(ii)** **Die Moderamen voer gesprekke en handel aangeleenthede wat na hom verwys word af met kennisname aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 105: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 3.11.1 (i)(b)**

**Ordinansie 3.11.1 (i)(b) wat soos volg lui:**

***3.11.1 SAMESTELLING***

***(i)*** ***Die Algemene Diakensvergadering word saamgestel uit***

***(b)*** ***een predikant uit die ring, benoem vir diakonale werksaamhede met adviserende stem, alternatiewelik een van die predikante wat aan standplase in die gemeentes van die ring verbind is met adviserende stem***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.11.1 SAMESTELLING**

**(i)** **Die Algemene Diakensvergadering word saamgestel uit**

**(b)** **een predikant uit die ring, benoem vir diakonale werksaamhede met adviserende stem, alternatiewelik een van die predikante wat aan gemeentes van die ring verbind is met adviserende stem.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 106: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**FORMULERING VAN 'N NUWE ORDINANSIE 4.1**

**Die huidige Ordinansie 4.1 verander na 4.2 en die nommering word verder aangepas. 'n Nuwe Ordinansie 4.1 word geformuleer wat soos volg lui:**

***4.1 'n Gemeente***

***(i) handhaaf die eenheid van geloof en belydenis met ander gemeentes van die Kerk.***

***(ii) verbreek nie die eenheid met die ander gemeentes van die Kerk nie.***

***(iii) kan, met goedkeuring van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, 'n eiesoortige gemeente van die Kerk wees.***

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 107: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.1**

**Ordinansie 4.6.1 wat soos volg lui:**

***4.6 KOMBINASIE VAN GEMEENTES***

***4.6.1 Twee of meer gemeentes kan kombineer om 'n predikantstandplaas te vorm.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.6 KOMBINASIE VAN GEMEENTES**

**4.6.1 Twee of meer gemeentes kan kombineer om 'n predikant te beroep.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 108: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.5 (i) TOT (x)**

**Ordinansie 4.6.5 (i) tot (x) wat soos volg lui:**

***4.6.5 Die aansoek word vergesel van 'n ontwerpooreenkoms tussen die betrokke kerkrade. Daarin word uiteengesit***

***(i) plek, tyd van verdeling van eredienste***

***(ii) indeling van die pastorale werk***

***(iii) besonderhede van die benoeming van die predikant om sy dienswerk in die kombinasiestandplaas te verrig indien die predikant benoem word en nie beroep word nie***

***(iv) ligging van die predikantswoning***

***(v) verpligting van elke gemeente teenoor die predikantstandplaas***

***(vi) verdeling van ander onkoste wat uit die kombinasie voortvloei***

***(vii) duur van die ooreenkoms***

***(viii) bepalings wat by die beëindiging van die kombinasie sal geld***

***(ix) hoe die kombinasiekerkraadsvergadering saamgestel word***

***(x) die reëlings in verband met die predikant wanneer die kombinasie beëindig word.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.6.5 Die aansoek word vergesel van 'n ontwerpooreen-**

**koms tussen die betrokke kerkrade. Daarin word uiteengesit**

**(i) plek, tyd van verdeling van eredienste**

**(ii) indeling van die pastorale werk**

**(iii) besonderhede van die dienswerk wat die predikant in die betrokke gemeente verrig**

**(iv) ligging van die predikantswoning**

**(v) verpligting van elke gemeente met betrekking tot die versorging van die predikant**

**(vi) verdeling van ander onkoste wat uit die kombinasie voortvloei**

**(vii) duur van die ooreenkoms**

**(viii) bepalings wat by die beëindiging van die kombinasie sal geld**

**(ix) hoe die kombinasiekerkraadsvergadering saamgestel word**

**(x) die reëlings in verband met die predikant wanneer die kombinasie beëindig word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 109: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.6.7**

**Ordinansie 4.6.7 wat soos volg lui:**

***4.6.7 'n Predikant hoef nie na die kombinasiestandplaas beroep te word nie, maar kan deur die kerkraadsvergadering van die standplaas waarin hy dien, benoem word om in die kombinasiestandplaas te dien, indien die kombinasieooreenkoms so bepaal. 'n Predikant,***

***wat reeds in 'n standplaas dien, wat deel van 'n nuwe kombinasiestandplaas vorm, hoef nie in 'n kombinasiestandplaas bevestig te word nie, indien die predikant daarheen beroep word.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.6.7 'n Predikant hoef nie na die gemeentes wat kombineer beroep te word nie, maar kan deur die kerkraadsvergadering van die gemeente waarin hy of sy dien, benoem word om in die gemeentes wat kombineer te dien, indien die kombinasie-ooreenkoms so bepaal.**

**'n Predikant, wat reeds in 'n gemeente dien wat deel van gekombineerde gemeentes vorm, hoef nie in enige van daardie gemeentes bevestig te word nie, indien die predikant daarheen beroep word. Wanneer 'n volgende predikant beroep word, word hy of sy in 'n gesamentlike erediens as predikant van die kombinasie bevestig.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 110: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.1.7 (ii) EN (iii)**

**Ordinansie 4.1.7 (ii) en (iii) wat soos volg lui:**

***4.1.7 Die ringsvergadering(s) keur die vorming van die nuwe gemeente goed indien minstens aan die volgende verdere voorwaardes voldoen is, naamlik dat***

***(ii) indien die nuwe gemeente in kombinasie met 'n ander gemeente(s) 'n predikantstandplaas moet vorm, die beoogde kombinasie prakties uitvoerbaar sal wees***

***(iii) waar die vorming van 'n nuwe gemeente die aantal standplase in 'n gemeente moet verminder, die kerkrade vooraf met die predikante ooreengekom het***

***watter predikant(e) deur die nuwe gemeente(s) beroep sal word en dat die predikante die beroepe sal aanneem.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.1.7 Die ringsvergadering(s) keur die vorming van die nuwe gemeente goed indien minstens aan die volgende verdere voorwaardes voldoen is, naamlik dat**

**(ii) indien die nuwe gemeente in kombinasie met 'n ander gemeente(s) 'n predikant beroep, die beoogde kombinasie prakties uitvoerbaar sal wees**

**(iii) waar die aantal diensdoenende predikante in 'n gemeente moet verminder, die kerkraad vooraf met die predikante ooreengekom het watter predikant(e) deur die nuwe gemeente(s) beroep sal word en dat die predikante die beroepe sal aanneem.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 111: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.7.8 (iv)**

**Ordinansie 4.7.8 (iv) wat soos volg lui:**

***4.7.8 Die ooreenkoms van samesmelting bevat minstens die volgende reëlings:***

***(iv) Waar van toepassing, die opheffing van die bestaande predikantstandplaas(e) en die skep van 'n nuwe standplaas(e) op voorwaarde dat waar die vorming van 'n nuwe saamgesmelte gemeente(s) die aantal standplase moet verminder, die kerkrade vooraf met die predikant(e) ooreengekom het watter predikant(e) deur die nuwe gemeente(s) beroep sal word en dat die predikante die beroepe sal aanneem of beroepbaar gestel sal word.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

| | |
|---|---|
| **4.7.8** | **Die ooreenkoms van samesmelting bevat minstens die volgende reëlings:** |
| **(iv)** | **Waar van toepassing, word die predikant(e) van die gemeentes losgemaak, op voorwaarde dat die nuwe saamgestelde gemeente(s) vooraf met die predikant(e) ooreenkom watter predikant(e) deur die nuwe gemeente(s) beroep sal word en dat die predikant(e) die beroep sal aanvaar of andersins beroepbaar gestel word.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 112: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 4.8.4 (i)**

**Ordinansie 4.8.4 (i) wat soos volg lui:**

***4.8.4 Indien die gemeentevergadering besluit om die gemeente te ontbind, word besluite geneem wat onder meer die volgende insluit:***

***(i) Waar van toepassing die opheffing van die predikantstandplaas(e) volgens die Kerkorde.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.8.4 Indien die gemeentevergadering besluit om die gemeente te ontbind, word besluite geneem wat onder meer die volgende insluit:**

**(i) Waar van toepassing die losmaking van die predikant volgens die Kerkorde.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 113: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 8.4 (iii)**

**Ordinansie 8.4 (iii) wat soos volg lui:**

***(iii)*** ***Die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering oor die Algemene Diakensvergadering, die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en lede van die rade en komitees van die Algemene Diakensvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**(iii)** **Die Tugkomitee oor die Algemene Diakensvergadering, die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering, predikante, lede van vergaderings van die ampte in die ring, lede van vergaderings van die rade van die Algemene Kerkvergadering en lede van die rade en komitees van die Algemene Diakensvergadering en die Kommissie van die Algemene Kergvergadering.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 114: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 8.6.1 EN 8.6.2**

**Ordinansie 8.6.1 en 8.6.2 wat soos volg lui:**

***8.6.1*** ***'n Vergadering van ampte of bykomende vergadering kan die kerklike voorregte van 'n lidmaat, die ampsvoorreg van 'n ampsdraer, of die lidmaatskap van lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie opskort nadat die lidmaat, ampsdraer of lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie aangehoor is en waar daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat so 'n lidmaat, ampsdraer of lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie 'n aanstootlike***

***sonde pleeg wat die eer van God, die welsyn van die gemeente, die behoud van die gelowige of die goeie orde aantas.***

***8.6.2 Opskorting van bogenoemde voorregte is nie 'n tughandeling nie en daarom moet die betrokke vergadering toesien dat binne sewe dae (Saterdae, Sondae en verklaarde openbare vakansiedae uitgesluit) na sodanige opskorting 'n skriftelike klagskrif ingedien word, soos bepaal in die Kerkorde, by gebreke waarvan die opskorting onmiddellik verval.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**8.6.1 'n Vergadering met tugbevoegdheid kan die kerklike voorregte van 'n lidmaat, die ampsvoorreg van 'n ampsdraer, of die lidmaatskap van lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie opskort nadat die lidmaat, ampsdraer of lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie aangehoor is en waar daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat so 'n lidmaat, ampsdraer of lede van 'n vergadering, komitee, raad of kommissie 'n aanstootlike sonde pleeg wat die eer van God, die welsyn van die gemeente, die behoud van die gelowige of die goeie orde aantas.**

**8.6.2 Opskorting van bogenoemde voorregte is slegs voorlopig en daarom moet die betrokke vergadering toesien dat binne sewe dae (Saterdae, Sondae en verklaarde openbare vakansiedae uitgesluit) na sodanige opskorting 'n skriftelike klagskrif ingedien word, soos bepaal in die Kerkorde, by gebreke waarvan die opskorting onmiddellik verval.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 115: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 8.9.10 (iii), 8.9.11 EN 8.9.12**

**Ordinansie 8.9.10 (iii), 8.9.11 en 8.9.12 wat soos volg lui:**

***8.9.10 Die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kan, nadat 'n persoon of lede van vergaderings van die ampte van die ring, en vergaderings van die rade, kommissies en komitees van die Algemene Kerkvergadering, die Algemene Diakensvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering skuldig bevind is aan 'n handeling wat tugwaardig is, so 'n persoon of lid***

***(iii) wanneer dit in belang van die gemeente geag word, in oorleg met die kerkraad en ringskommissie van die standplaas losmaak met behoud van ampsvoorreg***

***8.9.11 Die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gee aan die ouderlingevergadering en ringskommissie kennis van sy bevinding en tughandeling en kan indien nodig, die ouderlingevergadering versoek om die lidmaat die gebruik van die sakramente te ontsê.***

***8.9.12 Indien 'n ouderlingevergadering, ringskommissie of die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering na 'n ondersoek die klag gegrond bevind, kan die tughandeling vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar uitgestel of opgeskort word met of sonder voorwaardes wat verband hou met die volgende:***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**8.9.10 Die Tugkomitee kan, nadat 'n persoon of lede van vergaderings van die ampte van die ring, en vergaderings van die rade, kommissies en komitees van die Algemene Kerkvergadering, die Algemene Diakensvergadering en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering skuldig bevind is aan 'n handeling wat tugwaardig is, so 'n persoon of lid**

**(iii) wanneer dit in belang van die gemeente geag word, in oorleg met die kerkraad en ringskommissie van die gemeente losmaak met behoud van ampsvoorreg**

**8.9.11 Die Tugkomitee gee aan die ouderlingevergadering en ringskommissie kennis van sy bevinding en tughandeling en kan indien nodig, die ouderlingevergadering versoek om die lidmaat die gebruik van die sakramente te ontsê.**

**8.9.12 Indien 'n ouderlingevergadering, ringskommissie of die Tugkomitee na 'n ondersoek die klag gegrond bevind, kan die tughandeling vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar uitgestel of opgeskort word met of sonder voorwaardes wat verband hou met die volgende:**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 116: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN ORDINANSIE 8.10.2 EN 8.10.5**

**Ordinansie 8.10.2 en 8.10.5 wat soos volg lui:**

***8.10.2 Ouderlinge en diakens wat skuldig bevind is, kan 'n beroep op die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering doen om 'n bevinding van 'n ringskommissie te heroorweeg.***

***8.10.5 Indien 'n klaer ontevrede is dat die prosedure vir 'n ondersoek, soos in die Kerkorde uiteengesit, nie nagekom is nie, kan skriftelik vertoë oor die aangeleentheid binne 14 dae nadat die uitslag van die ondersoek bekend is aan die Raad vir Regsadvies gerig word. Indien die Raad vir Regsadvies oortuig is dat die prosedure vir 'n ondersoek nie nagekom is nie, word die klag terugverwys na die bevoegde vergadering met 'n aanwysing van watter stappe gevolg moet word. Die besluit van die Raad vir Regsadvies is finaal.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**8.10.2 Ouderlinge en diakens wat skuldig bevind is, kan 'n beroep op die Tugkomitee doen om 'n bevinding van 'n ringskommissie te heroorweeg.**

**8.10.5 Indien 'n klaer ontevrede is dat die prosedure vir 'n ondersoek, soos in die Kerkorde uiteengesit, nie nagekom is nie, kan skriftelik vertoë oor die aangeleentheid binne 14 dae nadat die uitslag van die on-**

**dersoek bekend is, aan die Raad vir Kerkregadvies gerig word. Indien die Raad vir Kerkregadvies oortuig is dat die prosedure vir 'n ondersoek nie nagekom is nie, word die klag terugverwys na die bevoegde vergadering met 'n aanwysing van watter stappe gevolg moet word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 117: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNTE 3.3 EN 4.4 VAN DIE REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE BY DIE ONDERSOEK VAN 'N KLAG**

**Punte 3.3 en 4.4 wat soos volg lui:**

***3.3 'n Kworum vir die sekundilede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by die hantering van 'n klag, is die lede wat teenwoordig is.***

***4.4 Die voorsitter kan versoek dat 'n lid van die Raad vir Regsadvies of 'n ander kundige lidmaat van die Kerk die vergadering in 'n adviserende hoedanigheid bywoon.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**3.3 'n Kworum vir die Tugkomitee by die hantering van 'n klag bestaan uit minstens vyf lede.**

**4.4 Die voorsitter kan versoek dat 'n ander kundige lidmaat van die Kerk die vergadering in 'n adviserende hoedanigheid bywoon.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 118: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 1.4 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 1.4 wat soos volg lui:**

***1.4 Verlof is nie van een standplaas na 'n volgende standplaas oordraagbaar nie.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**1.4 Verlof is nie van een gemeente na 'n volgende gemeente oordraagbaar nie.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 119: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 1.7 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 1.7 wat soos volg lui:**

***1.7 Enige verlof wat 'n predikant neem, sal eers die statutêre voorgeskrewe verlof van 21 dae per 12 maande wees, wat die predikant moet neem en daarna die verlof wat kragtens hierdie reglement toegestaan word en wat meer is as die statutêre voorgeskrewe verlof. Behalwe waar wetgewing anders bepaal, kan 'n predikant slegs verlof afkoop by die aanvaarding van 'n beroep, aanvaarding van emeritaat, opheffing van 'n standplaas, verandering van lewenstaat, losmaking uit 'n standplaas en mediese ongeskiktheid. Verlofkrediete word uitbetaal teen pakketwaarde. Verlof kan in alle gevalle alleen afgekoop word met toestemming van die kerkraad of opsighoudende liggaam en in oorleg met die ringskommissie of opsighoudende liggaam.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**1.7 Enige verlof wat 'n predikant neem, sal eers die statutêre voorgeskrewe verlof van 21 dae per 12 maande wees, wat die predikant moet neem en daarna die verlof wat kragtens hierdie reglement toegestaan**

| | |
|---|---|
| | **word en wat meer is as die statutêre voorgeskrewe verlof. Behalwe waar wetgewing anders bepaal, kan 'n predikant slegs verlof afkoop by die aanvaarding van 'n beroep, aanvaarding van emeritaat, verandering van lewenstaat, losmaking van 'n gemeente en mediese ongeskiktheid. Verlofkrediete word uitbetaal teen pakketwaarde. Verlof kan in alle gevalle alleen afgekoop word met toestemming van die kerkraad of opsighoudende liggaam en in oorleg met die ringskommissie of opsighoudende liggaam.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 120: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 2.1 (i), (ii) EN (iii) VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 2.1 (i), (ii) en (iii) wat soos volg lui:**

***2.1*** ***Verlof vir verdere formele studie in die teologie of ander rigting soos deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur, mag toegestaan word by aansoek vir tydperke van***

***(i)*** ***altesaam 90 dae of minder in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam met behoud van volle versorgingsvoordele***

***(ii)*** ***altesame 180 dae of minder, maar meer as 90 dae, in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam met behoud van gedeeltelike versorgingsvoordele ten opsigte van die traktementskomponent***

***(iii)*** ***langer as 180 dae in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die ringskommissie of opsighoudende liggaam, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met losmaking uit die standplaas en verlies van versorgingsvoordele.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**2.1 Verlof vir verdere formele studie in die teologie of ander rigting soos deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering goedgekeur, mag toegestaan word by aansoek vir tydperke van**

**(i) altesaam 90 dae of minder in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam met behoud van volle versorgingsvoordele**

**(ii) altesame 180 dae of minder, maar meer as 90 dae, in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die konsulent en die ringskommissie of opsighoudende liggaam met behoud van gedeeltelike versorgingsvoordele ten opsigte van die traktementskomponent**

**(iii) langer as 180 dae in 'n siklus van drie jaar in oorleg met die kerkraad, die ringskommissie of opsighoudende liggaam, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met losmaking van die gemeente en verlies van versorgingsvoordele.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 121: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 2.4 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 2.4 wat soos volg lui:**

***2.4 'n Predikant wat langer as 180 dae met studieverlof is en van sy standplaas losgemaak is, is nie beroepbaar nie. Beroepe wat op sodanige kandidate uitgebring word, is nietig en van geen krag nie. Hy doen aansoek by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om beroepbaar gestel te word sodra hy sy studie voltooi of gestaak het.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

| | |
|---|---|
| **2.4** | **'n Predikant wat langer as 180 dae met studieverlof is en van sy of haar gemeente losgemaak is, is nie beroepbaar nie. Beroepe wat op sodanige kandidate uitgebring word, is nietig en van geen krag nie. Hy of sy doen aansoek by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om beroepbaar gestel te word sodra hy of sy, sy of haar studie voltooi of gestaak het.** |

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 122: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 4.1 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 4.1 wat soos volg lui:**

***4.1 Predikante is geregtig op 42 kalenderdae siekteverlof met volle versorging gedurende elke tydperk van 36 agtereenvolgende maande vanaf die eerste keer wat die predikant toegelaat is tot die evangeliebediening of die datum van hertoelating vir welke rede ook al, watter datum die laaste is en so 'n predikant in 'n standplaas bevestig is. Waar moontlik moet die predikant die siekteverlof reël in oorleg met die kerkraad of opsighoudende liggaam en die konsulent.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**4.1 Predikante is geregtig op 42 kalenderdae siekteverlof met volle versorging gedurende elke tydperk van 36 agtereenvolgende maande vanaf die eerste keer wat die predikant toegelaat is tot die evangeliebediening of die datum van hertoelating vir welke rede ook al, watter datum die laaste is en so 'n predikant in 'n gemeente bevestig is. Waar moontlik moet die predikant die siekteverlof reël in oorleg met die kerkraad of opsighoudende liggaam en die konsulent.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 123: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 5.1 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 5.1 wat soos volg lui:**

***5.1 Benewens gewone verlof is 'n predikant geregtig op langverlof met volle versorgingsvoordele van 42 aaneenlopende dae aan die einde van elke termyn van 5 jaar diens in dieselfde standplaas.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**5.1 Benewens gewone verlof is 'n predikant geregtig op langverlof met volle versorgingsvoordele van 42 aaneenlopende dae aan die einde van elke termyn van vyf jaar diens in dieselfde gemeente.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 124: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN PUNT 5.3 VAN DIE VERLOFREGLEMENT**

**Punt 5.3 wat soos volg lui:**

***5.3 Langverlof is nie uitkoopbaar, oploopbaar of oordraagbaar na 'n volgende standplaas nie en moet binne een jaar na kwalifisering daarvoor, geneem word.***

**word gewysig om soos volg te lees:**

**5.3 Langverlof is nie uitkoopbaar, oploopbaar of oordraagbaar na 'n volgende gemeente nie en moet binne een jaar na kwalifisering daarvoor, geneem word.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 125: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**WYSIGING VAN AKTES**

**Die aktes van losmaking by die opheffing van 'n standplaas, losmaking uit 'n standplaas op eie versoek, losmaking by mediese ongeskiktheid, losmaking van 'n predikant wat die land verlaat en die versorgingsvoordele word in lyn met bogenoemde wysigings gebring.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 126: KOMITEE VIR DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**KONTINUERING VAN DIE HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**Die vergadering word versoek om die herskrywing van die Kerkorde te kontinueer.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word aanvaar. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 127: RING VAN KLERKSDORP (GEMEENTE KLERKSDORP)**

**HERSKRYWING VAN DIE KERKORDE**

**Die Algemene Kerkvergadering besluit om aan die kommissie wat die Kerkorde herskryf opdrag te gee om die nuwe Kerkorde te herskryf sodat dit ten volle in lyn sal wees met die presbiteriaal-sinodale kerkstruktuur sodat**

- **'n kleiner trapsgewyse afgevaardigde sinode jaarliks kan sitting neem en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering met al haar rade uitgefaseer word en die Kerkkantoor infrastruktuur, soos dit tans in die Kerk funksioneer, radikaal verklein kan word.**

| |
|---|
| ***   slegs die sake wat hoort by die sinode, naamlik die belydenis van die Kerk, erediensordes en sake van algemene belang vir die Kerk, op die agenda van die sinode sal wees.** <br><br> ***   die kerkraadsvergadering die primêre vergadering van die Kerk word en die ringsvergadering weer die opsig- en toesigvergadering word vir die gemeentes onder haar sorg, soos dit in die presbiteriaal-sinodale Kerkorde bedoel is.** |

***Motivering:***

1. **Die koste van kerkwees**

Die koste van kerkwees, soos dit tans in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sinodaal funksioneer, het te duur geword. Dit kan nie meer deur die gemeentes van die Kerk bekostig word nie.

Volgens die komitee se beskeie mening, speel die sinodale struktuur waarop die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tans funksioneer, 'n groot rol in hierdie probleem.

Die sentrale Kerkkantoor, die groot Algemene Kerkvergadering, die werksaamhede van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die talle sinodale rade, veroorsaak volgens die kerkraad dat die koste van kerkwees vir die Kerk, naamlik die gemeentes wat daarvoor moet betaal, te duur geword het.

Vir elke kommissie, raad of studiegroep wat deur die Algemene Kerkvergadering geskep word, moet ook 'n infrastruktuur geskep word wat van kerkwees 'n duur proses maak.

Na die kerkraad se mening kan baie van die werk wat sinodaal gedoen word net so goed deur ringskommissies en ringsrade gedoen word. Slegs uitsonderlike gevalle kan op 'n *ad hoc* wyse vir sinodale aandag verwys word.

Volgens die presbiteriaal-sinodale Kerkorde is die kerkraad en die ringsvergadering die primêre vergaderings van die amp. Die vergaderings het in die presbiteriaal-sinodale kerksisteem die verantwoordelikheid om toe te sien dat die werk van die Kerk gedoen word (onder punt 2 meer oor die saak), byvoorbeeld:

* Alle sake met betrekking tot gemeentes behoort deur die ringskommissies hanteer te word. Wie beter as die ringskommissies weet wat elke gemeente se omstandighede en

behoeftes is. Om vir elke saak, op 'n duur wyse, deur die Algemene Kommissie toestemming te verkry, is onnodig. Hierdie sentralisasie van byna alles skep 'n duur infrastruktuur. Die predikante en ouderlinge van die ringskommissie is tog seker in staat om die sake te hanteer. Dit is tog onnodig vir die Algemene Kommissie om 'n saak soos die uitstel vir 'n gemeente om te beroep op sy sakelys te hê.

* Net so kan alle gewone sake met betrekking tot predikante in die ring deur die ringskommissie hanteer word in plaas daarvan dat elke saak deur die Algemene Kommissie hanteer moet word. Slegs uiterste gevalle soos wanneer die ringskommissie oordeel dat daar tugstappe teen 'n predikant bestaan en die predikant uit die amp onthef behoort te word, behoort na die Algemene Kommissie verwys te word.

* Dieselfde geld vir die sinodale rade. Talle rade word na elke Algemene Kerkvergadering saamgestel. Mense moet teen hoë koste die vergaderings bywoon. Sou baie van die sake nie net so goed deur ringsrade gedoen kon word nie?

* Ook die sentrale oudit van die gemeentes se boeke is 'n duur sisteem. Die Algemene Kerkvergadering het reeds geruime tyd gelede besluit om die duur sinodale ouditafdeling uit te faseer. Die kontrole van finansies en oudit van die boeke kan net so goed deur die ringskommissies hanteer word.

* Die opleiding van nuwe predikante behoort ook ondersoek te word. Op die oomblik studeer min kandidate elke jaar af. Is dit werklik nodig dat so 'n duur struktuur om predikante by die Universiteit op te lei in stand gehou word om predikante op te lei? En daarmee saam die onvergenoegdheid dat die Kerk nie totale beheer het oor die dosente/professore wat klas aanbied nie. Die Kerk is al jare besig om 'n fonds te vestig vir hierdie doel. Is daar nie 'n goedkoper wyse byvoorbeeld om 'n Teologiese Skool wat universitêr geaffilieer is, met deeltydse dosente, waaroor die Kerk (Kuratorium) volle beheer het, baie goedkoper, te vestig nie?

* Ook die sinodale sendingstruktuur waarvoor elke jaar ruim begroot moet word, kan ondersoek word ten einde die instandhouding van die gemeentes van die Seningkerk af te wentel na die ringsvergaderings. Slegs die opleiding van die predikante vir die Kerk kan nog onderneem word en mettertyd uitgefaseer word.

* Hiermee saam oordeel die kerkraad dat die aansluiting by

die WGGK wat ook 'n bepaalde koste gaan meebring, vir gemeentes en gewone lidmate geen sin het nie. As jou geldsak leeg is redeneer die meeste lidmate dis onnodig, wat in elk geval vir gewone lidmate en die Kerk op voetsoolvlak geen voordeel of waardetoevoeging inhou nie. Dit was ook 'n baie sterk argument wat die steedsHervormers gebruik het om lidmate te oorreed om onafhanklik af te skei.

* Die ander gesentraliseerde dienste soos genoem onder punt 3.6, naamlik kindersorg, bejaardesorg, apostolaat en administrasie, behoort ook so gou moontlik gedesentraliseer te word na ringvergaderings. Dit is doodgewoon nie meer sinodaal bekostigbaar nie. Baie van die werk kan ook saam met byvoorbeeld ander susterkerke binne ringsverband gedoen word.

Hierdie is maar enkele voorbeelde wat baie dringend in die Kerk aangespreek behoort te word. Die gemeentes (Kerk) kan nie meer hierdie swaar sentrale sinodale sisteem bekostig nie.

Indien die saak nie aangespreek word nie sal die Kerk al hoe meer onder druk kom om op 'n presbiteriaal-sinodale wyse Kerk te wees en in stand te hou. Daar is feitlik geen gemeente wat nie kla oor die hoë heffings nie. Ook met die onvergenoeglike afskeiding van die steedsHervormers was die hoë heffings 'n argument wat die gewone lidmaat goed op die oor geval het. Die kerkraad glo hierdie argument het in 'n groot mate die grootste rol gespeel in gewone lidmate se besluit om vir onafhanklikheid te stem.

Die kerkraad is van mening dat indien die Algemene Kerkvergadering nie hierdie sake gaan aanspreek nie, die Kerk dieselfde pad gaan loop as baie nasionale sekulêre instansies en verenigings wat as gevolg van te hoë sentrale heffings, dood geloop het.

Ons leef in ander uitdagende tye en mense meet vandag elke sent of dit vir hulle waardetoevoeging bring. Indien nie, word dit doodgewoon uitgeskakel. Mense het nog lojaliteit teenoor die Here, maar die Kerk is vir baie mense opsioneel en dit is sekerlik ook een van die redes waarom baie lidmate die Kerk verlaat.

2. **Die kerkbegrip wat in ons sinodale struktuur weerspieël word**

Die Kerk het nog altyd die presbiteriaal-sinodale kerkstruktuur gevolg. Die Kerk sal seker in hierdie verband moet besin of swaar sentrale sinodale struktuur – wat tans geld – werklik die presbiteriaal-sinodale Kerkorde tot sy beste uitdrukking bring.

Die presbiteriaal-sinodale Kerkorde gaan van die beginsel uit dat die kerkraadsvergadering die primêre vergadering van die ampte is. Die gemeente waar die Woord verkondig, die sakramente bedien en opsig en tug uitgeoefen word, is die Kerk. Ten einde hierdie primêre kerkraadsvergadering by te staan is meerdere vergaderings in die lewe geroep soos die ringsvergadering (klassis) wat 'n opsigtaak het ten opsigte van die bepaalde aantal kerkraadsvergaderings in sy afgebakende gebied (Van Wyk 1991. 76).

In presbiteriaal-sinodale kerkbegrip is verder ook voorsiening gemaak vir twee verdere meerdere vergaderings, naamlik die partikuliere (provinsiaal) en die nasionale sinode. Uit die ring word verteenwoordigers van die amp afgevaardig na die partikuliere sinode en uit die partikulier sinode word afgevaardigdes van die amp afgevaardig na die nasionale sinode. 'n Trapsgewyse afvaardiging derhalwe (Van Wyk 1991. 79).

Die nasionale sinode was dus 'n baie verkleinde sinode met 'n baie beperkte werkopdrag aangesien die swaartepunt van die stelsel by die kerkraadsvergadering en die ringsvergadering (klassis) gelê het.

Die kerkraadsvergadering was in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip derhalwe die vergadering van die ampte wat voortdurend in sitting was. Die ringsvergadering (klassis) was 'n vergadering van die ampte wat jaarliks vergader het met 'n werkopdrag om te kyk of al die werk van die Kerk gedoen word. Die kerkraads- en ringsvergaderings was dus baie belangrike vergaderings in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het van die presbiteriaal-sinodale sisteem afgewyk deur die provinsiale sinode in die nasionale sinode (die Algemene Kerkvergadering) op te neem en die trapsgewyse afvaardiging herhaaldelik af te wys.

Die provinsiale sinode was 'n vergadering van die ampte wat slegs as 'n hulporgaan moes funksioneer vir die kerkraadsvergadering as die primêre vergadering van die ampte. Daar was geen sprake van enige hiërargie in die sisteem nie. Die provinsiale sinode was nie bedoel om opsigvergaderings te wees nie. Hierdie vergadering het jaarliks vergader om te handel oor die leer, die Kerkorde en besondere sake (Van Wyk 1991. 81).

Die nasionale sinode het ook jaarliks vergader en sy arbeidsveld was die vasstelling en die handhawing van die belydenis, die handhawing van die dissipline, die vasstelling van die kerklike orde, die inrigting van die openbare erediens en die tref van maat-

reëls wat die algemene welstand van die kerk bevorder (Van Wyk 1991. 82).

In die presbiteriaal-sinodale kerksisteem was daar derhalwe nie 'n kommissie van die sinode en 'n klomp rade en 'n duur kerk-kantoor wat namens die sinode moes *regeer* en sake hanteer tot die sinode weer sitting neem nie.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sisteem soos dit tans funksioneer sal dit moeilik wees om die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip in fyn besonderhede nou te laat funksioneer. Histories het 'n eie unieke model van die presbiteriaal-sinodale sisteem in die Kerk ontwikkel. En in 'n groot mate is feitlik die meeste sake gesentraliseer en daarvoor moes 'n duur sentrale kerk-kantoor infrastruktuur geskep word. In plaas dat die sinode 'n meerdere vergadering moes wees, beleef die meeste lidmate die struktuur wat tans funksioneer as 'n hiërargiese sisteem (seker verkeerdelik). Soms word selfs aggressie opgemerk by lidmate en kerkrade teenoor hierdie vyandige *hoofkantoor*.

Maar dit beteken nie die saak is verlore nie. Met goedbedoelde opregte pogings kan 'n groot deel van die infrastruktuur wat tans funksioneer uitgefaseer word. Die Algemene Kerkvergadering se werksaamhede kan ook baie ingekort word met 'n meer inlynde sakelys soos dit in die presbiteriaal-sinodale kerkbegrip bedoel word.

## 3. Invalshoeke vir die wye kerklike gesprek

Met betrekking tot *wat is* en *wat doen* die Kerk, is dit vir die kerkraad baie eenvoudig. Die Kerk is uit genade, *die uitgeroeptes - ekklesia* van God. Die Kerk is 'n geloofsgemeenskap wat die Here dien en die Here se *uitgestuurdes* is na die wêreld wat vir die wêreld moet vertel en voorleef om die versoening wat God bewerk het met die mens, deur Jesus Christus, te aanvaar.

Om hierdie taak wat gelowiges as uitgeroeptes van die Here te volvoer, het die Here God *gawes* vir die gelowiges gegee. Die gawes vir ons tyd is die *herders* en *leraars* (Efesiërs 4: 11). En God se doel met die gawes was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus (Efesiërs 4: 12).

Uit hierdie Skrifgedeelte is dit tog duidelik dat *herders* en *leraars*, saam gelees met 1 Korintiërs 1: 21 wat handel oor die *prediking,* vir God baie belangrik is.

Derhalwe wil gelowiges (gemeentes) eerder 'n predikant in hulle midde hê as 'n duur kerkkantoor en kerklike struktuur wat met heffings deur hulle offergawes in stand gehou moet word.

Die kerkraad is ook van oordeel dat daar tans te veel gemeentes is vir die aantal lidmate wat in ringe bestaan (veral in groot dorpe en stede) en dat die Kerk dringend behoort te besluit om terug-stigting en kombinasies tussen gemeentes aan te moedig, en deeltydse bediening.

Die kerkraad maak al vir drie jaar van 'n afgetrede predikant gebruik op 'n deeltydse basis as 'n pastorale hulp saam met die konsulent, met baie goeie gevolg. Die Kerk sal net haar denke moet verander: Dat elke gemeente 'n voltydse of 'n deelsorg predikant moet hê. Daar is ander opsies – soos deeltydse bediening – om kerkwees baie meer bekostigbaar te maak.

Die kerkraad is egter nie van mening dat half opgeleide of sendelinge in gemeentes aangewend moet word nie. Die kerkraad voel dat die prediking reg en suiwer deur 'n opgeleide predikant moet wees. Elke jaar tree daar talle predikante af wat nog uitstekende werk in die Kerk kan lewer. Talle is nog gesond genoeg om vir baie jare diens te doen en selfs gemeentes teen 'n baie laer koste volledig op hulle eie te bedien. Hierdie bron van bediening mag nie vir die Kerk verlore gaan nie.

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die volgende voorstel, gestel deur ds HF Louw en gesekondeer deur ds JJ Greyling, word aanvaar:<br><br>Die 70ste Algemene Kerkvergadering gee opdrag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering tot 'n studie van die moontlike herstrukturering van samestelling en funksionering van ringsvergaderings en die Algemene Kerkvergadering wat DV aan die 71ste Algemene Kerkvergadering voorgelê word vir besluitneming.<br><br>Die volgende word in ag geneem:<br><br>* 'n Komitee/raad word benoem vir studie.<br><br>* Die presbiteraal-sinodale kerkbegrip word behou. |

| | |
|---|---|
| | * Ringsvergaderings word versoek om die saak tydens 2014 se vergaderings te bespreek en voorstelle in te dien wat in die studie verdiskonteer word.<br><br>* Die koste-implikasie/-besparing. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

**BESKRYWINGSPUNT 128: RING VAN MAQUASSI**

**SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING**

**Na afloop van die 69ste Algemene Kerkvergadering het dit onder die Ring van Maquassi se aandag gekom dat die samestelling van die vergadering nie korrek is nie:**

- **Die Hervormde Kerk word deur die ouderlinge regeer.**
- **Op die vergadering was daar meer predikante as ouderlinge.**
- **Dosente het stemreg, maar is nie deur 'n gemeente afgevaardig nie.**
- **Die ouderlinge van Makwassie onderneem om leiding te neem ten einde 'n voorstel te maak tydens die 52ste ringsvergadering.**

**Die Komitee vir die Herskrywing van die Kerkorde word versoek om die nodige wysigings aan te bring.**

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word verreken en in lyn gebring met ander beskrywingspunte van die Kerkorde Komitee. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

8.3 **BESKRYWINGSPUNT**

**BESKRYWINGSPUNT 129: RING VAN PRETORIA (GEMEENTE PRETORIA)**

| **ROTASIEBEGINSEL IN DIE KERKORDE**<br><br>**Die Kerkorde moet aangepas word om beter kontinuïteit tussen vergaderings na te streef. Daar moet gepoog word dat besluite geneem word en wat verdere aandag impliseer, korrek interpreteer word en wel afgehandel word.** |
|---|

***Motivering:***

Kommissies van alle kerklike vergaderings word opgeroep tot objektiwiteit en nougesette uitvoering van besluite (daar is baie meer besluite wat uiteindelik, soos Besluite 64, 72 en 88/68 en die 67ste Algemene Kerkvergadering besluit insake aansoek om lidmaatskap by die *World Alliance of Reformed Churches*, nie die interpretasie en aandag geniet het wat in die besluite bedoel was nie). Sien motiverende dokument insake teologiese verklaring (Beskrywingspunt 25).

| | |
|---|---|
| **BESLUIT** | 1. Die beskrywingspunt word verreken en in lyn gebring met ander beskrywingspunte van die Kerkorde Komitee. |
| **VERDERE BEPLANNING** | |

---oOo---

**ORDE VAN DIE VERGADERING**

VERKIESING VAN STATUTÊRE RADE

***Die Kuratorium is soos volg verkies:***

Di CEC Hertzog, AH Roets, JF van der Merwe, PF Viljoen, MJ Slabbert, dr CJ Beukes en oudl F Wilkens.

***Die Raad van Finansies is soos volg verkies:***

Dr PJ van Zyl, di CEC Hertzog, PS Esterhuizen, mnre P Bester, N Nolte, JF Viljoen en J Combrink.

***Die Tugkomitee is soos volg verkies:***

Advokate Fritz Geyer, René Mulder, dr RJ Jones, di EG Fourie, JH van Staden (Sionspoort), oudle KD Kruger en PFS Mulder.

***Die Raad vir Kerkregtelike Advies is soos volg verkies:***

Adv M Barnard en dr LC Curlewis.